BASOETO - PLAASARBEIDERS IN DIE OOS - VRYSTAAT.

A.M. van Rooyen.

VERHANDELING INGELEWER TER VERKRYGING VAN DIE M.A. - GRAAD IN VOLKEKUNDE AAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH.

Pectora roborant cultus recti

November 1955.

V O O R W O O R D.

Aan my ouers deur wie se toedeon ek in staat gestel is om my studies te voltooi, wil ek my opregte dank en waardering uitspreek.

Verder, aan alle persone wat behulpsaam was met die opstel van hierdie werk ook my opregte dank en in besonder Mnr. Schuler wat ten alle tye bereid was om hulp te verleen.

'n Spesiale woord van dank aan my promotor Dr. Bruwer wat ten spyte van sy veelvuldige pligte nogtans baie van sy tyd opgeoffer het om my te help met die skrywe en nasien van hierdie werk.

A.M. van Rooyen.

STELLENBOSCH.

November 1955.

INHOUDSOPGAWE.

INLEIDING :- P. i - iii

HOOFSTUK 1 :- Die Gebied en sy Bevolking P. 1

1. Geografiese - Klimatologiese en Landbou-aangeleenthede P. 1

(a) Geografiese Aard P. 1

(b) Die Westelike Streek P. 1

(c) Die Oostelike Streek P. 3

(d) Produksie in die Algemeen P. 6

(e) Boerdery - metodes en Arbeid P. 9

2. Bevolkingsaangeleenthede P.11

(a) Bevolking van die Vrystaat P.11

(b) Die Batoebevolking van die Vrystaat P.13

(c) Die Bantoe-bevolking van die Monstergebied P.19

HOOFSTUK 2:- Tradisionele agtergrond van die Basoeto - plaasarbeiders. P. 24

1. Territoriale Verspreiding P. 24

(a) Samestelling van die Basoeto P. 24

(b) Die Groei van die Basoeto - Staat P. 26

2. Sosiale Organisasie P. 28

(a) Residensiële Assosiasies P. 28

(i) Die residensiële groepering P. 28

(ii) Die Wyk P. 29

(iii) Die Distrik P. 29

(iv) Staatkundige Gebied P. 29

(b) Verwantskapsassosiasies P. 29

(i) Bloedverwantskap P. 29

(ii) Aanverwantskap P. 31

3. Puberteitsskole P. 35

4. Religieuse Geloewe P. 37

(a) Persoonlike Supernaturalisme P. 37

(b) Onpersoonlike Superaaturalisme P. 39

(i) Genesing van die sieke P. 39

(ii) Beheer en reulering van Natuurkragte P. 40

(iii) Beskerming van persoon en eiendom P. 40

(iv) Toordery P. 41

5. Algemene ekonomiese lewe van die Basoeto P. 41

HOOFSTUK 3 :

1. Statistiese gegewens in verband met monstergesinne P. 44

(a) Identifikasie van monstergesinne P. 45

(b) Getallesamestelling van die gesinne P. 50

(c) Ouderdomsgroepe van mans en vrouens P. 53

(d) Kinders van die monstergesinne P. 54

2. Huwelikstipes van Plaasarbeiders. P. 57

3. Verwantskap tussen Plaasarbeiders. P. 61

4. Verspreiding van gesinne op plase P. 62

HOOFSTUK 4: Algemene Ekonomiese aangeleenthede van Plaasarbeiders: P.64

1. Tipe van Werk, Werkure en werkdae van plaasarbeiders P.64

(a) Tipe van werk deur mans verrig P. 65

(b) Tipe van werk deur vrouens verrig P. 66

(c) Tipe van werk deur kinders verrig P. 68

(d) Tipe van werk deur seiseonarbeiders verrig P. 68

(e) Werkure en werkdae P. 69

2. Inkomste van plaasarbeiders P. 73

(a) Geldlone vir mans P. 73

(b) Lone in natura vir mans P. 76

(i) Weiland P. 80

(ii) Behuising P. 83

(iii) Water en Brandstof P. 83

(iv) Voedsel P. 84

(v) Algemeen P. 84

(c) Lone in geld en in natura vir vrouens P. 84

(d) Totale geldinkomste van gesinne P. 86

(e) Algemene Opmerkings in verband met die lone van plaasarbeiders. P. 87

3. Uitgawes van Plaasarbeiders. P. 90

HOOFSTUK 5: Maatskaplike Aangeleenthede van Plaasarbeiders. P. 92

1. Die Gesinslewe P. 92

2. Onderwys en Opvoeding P. 93

3. Godsdiens P. 95

4. Gesondheid P. 97

(i) Behuising P. 97

(ii) Dieet P. 98

(iii) Standaard van higiene P. 99

5. Maatskaplike Euewels P.100

6. Verhoudings tussen arbeiders en boere P.101

7. Algemene Sosiale lewe P. 104

(i) Huweliksplegtighede P.105

(ii) Inlywingseremonies P.106

(a) Skool vir seuns P.106

(b) Skool vir dogters P.107

(iii) Begrafnisseremonies P.108

(iv) Geboorteseremonies P.109

(v) Vrye Tydsbesteding van Plaasarbeiders P.110

HOOFSTUK 6 : Wetgewing wat betrekking het op plaasarbeiders. P.112

1. Die Regte van Naturelle op Grond wat nie vir hulle spesiaal opsygestel is nie. P.112

2. Die Plakkerswet van die U.V.S. P.114

3. Die Naturellen Grond Wet No. 27 van 1913 P. 115

4. Die Naturelle - Dienskontrak Wet No. 24 van 1932 P.116

5. Die Naturelletrust-en Grond Wet van 1936 P.116

6. Die Naturellearbeid Regelingswet No. 15 van 1911 P.119

7. Heer - en Diensbode Wette P. 120

(i) Definisie van Diensbode P. 120

(ii) Aangaan van Kontrak P. 120

(iii) Duur van Kontrak P. 121

(iv) Tydperk nodig vir opsegging van diens P. 122

(v) Wanneer 'n kontrak summier beeindig word P. 122

(vi) Loon betaalbaar by ontslag P. 122

(vii) Diensverlating P. 123

(viii) Diensbode se posisie in geval van siekte P. 123

(ix) Statuere oortredinge P. 123

(x) Aanmoediging om diens te verlaat. P. 124

8. Naturelle (Afskaffing van passe en koordinering van Dokumente) Wet, 1952 P. 124

9. Die Ongevallewet No. 30 van 1941 P. 127

10. Belasting op Plaasarbeiders P. 128

HOOFSTUK 7

Opsomming P. 129

Bibliografie P. 136

Bylae

INLEIDING.

Die doel van hierdie studie is om 'n beeld te verskaf van die Basoeto as plaasarbeiders. Hulle vorm as't ware 'n groep op hulle eie wat heeltemal los staan van die Basoeto van Basoetoland. Die meeste van hierdie plaasarbeiders is in die Oos- Vrystaat gebore, en het opgegroei te midde van 'n blanke omgewing. Die gevolg is dat hulle deur 'n proses van akkulturasie 'n lewenswyse van hulle eie geskep het, wat in sekere opsigte baie van die Basoeto se ou tradisionele lewenwyse verskil. Die eintlike doel van die studie is dan om meer lig te werp op hierdie besondere lewenswyse van die plaasarbeiders.

Die Basoeto in die Oos- Vrystaat word reeds vir baie jare deur boere as plaasarbeiders gebruik. Die gebied wat vandag algemeen bekend staan as die Oranje - Vrystaat, is teen de end van die 18de eeu vir die eerstekeer deur Blankes besoek. In die vroeëre jare van die 19de eeu, was die Blankes wat wel binne die gebied was, hoofsaaklik jagters en handelaars. Dit was eers vanaf ongeveer 1824 dat boere die Vrystaat binnegetrek het opsoek na weiveld en hulle toe daar gevestig het. Gedurende die Groot Trek veral het baie trekboere hulle in die gebied gevestig.

Gedurende die jare wat gevolg het op die besetting van die Vrystaat deur Blankes, het landbou en veeteelt in hierdie gebied groot voruitgang gemaak en dit het natuurlik baie werksvolk vereis. Weens die gespanne en vyandige houding wat daar tussen die Basoetos in die Vrystaat geheers het, was aanvanklik slegs onkele Basoetos gewillig om op boereplase te werk. Dit was eers na 1869 dat die Vrystaat sy arbeidskragte uit Basoetoland kon put.

Die stryd tussen die Basoetos en die Vrystaat was een wat gegaan het oor grond en lewensruimte, maar daarin het nog 'n dieper betekenis gelê. Dit was 'n stryd tussen beskawing en primitiewe tradisie. Die stryd het van die Vrystaat 'n witmans-land gemaak en van die Basoeto 'n bruikbare naturellestam.

Vir die ontleding van die Basoeto-plaasarbeiders soos hulle vandag in die Oos- Vrystaat aangetref word, is gebruik gemaak van 'n monster van 'n aantal gesinne wat op verskillende plase in die vernaamste distrikte van die Oos - Vrystaat naamlik:Senekal, Marquard, Ladybrand en Clocòhàn gevestig is. Die werklike monster bestaan uit 50 plaasarbeiderhuisgesinne. Aangesien landbouaangeleenthede in die Oos - Vrystaat en die patroon van die lewenswyse van die plaasarbeiders so ooreenstem, kan enige ander monster ook in hierdie streek gekies word, waaruit feitlik dieselfde resultate verkry sou word.

Die wyse waarop die nodige informasie van die plaasarbeiders verkry is , was deur persoonlike ondervraging. Gewoonlik is al die informasie van die gesinshoofde self verky. In hierdie verband is my taak heelwat vergemaklik aangesien ek 'n redelike goeie kennisdraer van hulle taal en dus sonder die hulp van segsmanne die ondersoek kon doen.

Met behulp van vorms , waarop die belangrikste gegewens van elke huisgesin ingevul is, is die insameling van gegewens heelwat vergemaklik. 'n Kopie van hierdie vorms wat gebruik is is hierby ingesluit. (1)

Wat die algemene lewenwyses van die plaasarbeiders soos hulle maatskaplike lewe en ou tradisionele gebruike wat nog by hulle in swang is betref, is die hulp van die ouere volk aan wie ek bekend is, ingeroep. In hierdie verband is my taak ook heelwat vergemaklik aangesien ek oor die algemeen baie goed bekend is met die Oos - Vrystaat en derhalwe ook bekend is met die lewenswyse van die plaasarbeiders.

1) Sien bylae.

Van die kant van die ondervraagdes het ek baie min probleme ondervind. Na 'n verduideliking van die doel van die ondersoek, was hulle altyd bereid om die nodige informasie te verskaf. Aan die kant van die boere op wie se plase die monstergesinne geneem is, is ook geen probleme ondervind nieen hulle was altyd bereid om te help waar moontlik.

oooooooooooooooooooooooooooo

HOOFSTUK 1.

DIE GEBIED EN SY BEVOLKING.

1. GEOGRAFIESE -, KLIMATOLOGIESE - EN LANDBOU - AANGELEENTHEDE.

(a) Geografiese Aard:

Die Vrystaat bestaan uit 'n hoogvlakte van vier tot vyfdusend voet bokant seespieël, wat weswaarts en noordwaarts afhel na die Vaalrivier. Die Vaal, - Oranje - en Caledonriviere en in die noordoostie die Drakensberge, vorm die natuurlike grense van die gebied. 'n Deel van die wesgrens is egter willekeurig bepaal.

Oor die algemeen is die oppervlakte van die gebied baie gelyk, behalwe die oostelike distrikte waar die landskap golwend en soms bergagtig vertoon. In die heuwellande langs die Basoetolandse grens, het die Modder -, Riet -, Vet - , Sand - en Valsriviere hulle oorsprong en loop almal weswaarts waar hulle in die Vaalrivier instroom. Verder noord het die Klip - en Wilgeriviere hulle oorsprong in die hoofreeks van die Drakensberge.

Daar is geen groot geografiese verskille binne die grense van die Vrystaat nie. Tog is daar duidelike verskille tussen die Westelike en Oostelike distrikte. Die verskille word hoofsaaklik bepaal deur die reënval en die onderskeid in menslike bedrywighede wat daarmee saamhang. 'n Betreklike natuurlike skeiding tussen die twee streke word gevorm deur die reenvallyn van 20" per jaar wat die Provinsie van Noord na suid deurkruis.

(b) Die Westelike Streek:

Die Westelike streek is 'n gebied met 'n onvoldoende en onreelmatige reënval soos o.a. by Philippolis 17", Springfontein 17" en Fauresmith 15" per jaar onderskeidelik. As gevolg van die lae reënval, is veeboerdery die belangrikste bedryfsvorm in hierdie streek en uitgestrekte skaapplase word hier aangetref. Sowel met wolskape en skape vir slagdoeleindes word hier geboer.

In gevolge die lae reënval speel landbou feitlik geen rol nie, veral nie in die suid- westelike deel in die omgewing van Faure-smith, Edenburg en Philippolis nie. Wat betref die natuurlike plante-groei , vind 'n mens hoofsaaklik Karoobossies met 'n bietjie gras tussen-in, wat uitstekende weiding vir veeboerdery veral skape is.

Die riviervalleie is diep en die waterloop onreelmatig, sodat die omstandighede ongunstig is vir besproeiing. Hier en daar kom wel 'n mate van besproeiing voor en veral lusern word onder die besproei-ing verbou.

Die bevolking can die suidwestelike deel is betreklik skraal en die dorpe is oor die algemeen klein. Die vernaamste dorpe hier is Jagersfontein met 'n bevolking van ongeveer 3,000, Koffiefontein met 'n bevolking van 3,000 en kleinere dorpe soos Bethulie , Edenburg en Spring-fontein.

By Jagersfontein en Koffiefontein word diamante ontgin, maar verder het die suidwestelike deel geen ander minerale bronne nie. Spring-fontein vorm egter 'n belangrike spoorverbinding waar die twee hooflyne van Oos- London enPort Elizabeth bymekaar kom. Philippolis wat die oud-ste dorp in die Vrystaat is, lê feitlik op die grens van die Provinsie en is 'n baie belangrike skaapdistrik.

In die noordweste vorm Brandfort, Boshof en Theunissen die vernaamste dorpe. Hierdie dorpe het ook die voordeel dat hulle aan die hooflyn na die noorde lê. Landbou - en beesboerdery speel hier 'n belang-rikerrol as in die suid-westelike deel. Die reënval is hier effens hoër as in die suid - westelike deel.

Die Noordwestelike deel vorm ook die middelpunt van die Vrystaatse goudvelde en plekke soos Odeldaalsrus, Welkom en Virginia is vinnig besig om te ontwikkel tot stede. Die bevolking van hierdie plekke neem snel toe en Welkom wat eers 'n paar jaar gelede ontstaan het, is van-dag die dorp met die grootste bevolking in die Vrystaat.

Mielies is die vernaamste landbou-produk van die gebied, terwyl kafferkoring, grondboontjies en koring op 'n kleiner skaal verbou word.

Die hele gebied is oor die algemeen baie plat met hier en daar 'n koppie. Die natuurlike plantegroei bestaan hoofsaaklik uit Karoobossies in die Suid+weste - en grasvelde in die Noordweste en die vernaamste boomsoorte wat hier aangetref word is doringbome.

(c) Die Oostelike Streek:

In die Oostelike gebied lê Bloemfontein die hoofstad van die Vrystaat met 'n bevolking van 82,000 mense. Dit is 'n bloeiende en vooruitstrewende stad. Dit is ook 'n Kerklike en kulturele sentrum met belangrike onderwysinrigtings. Die stad vorm 'n baie belangrike spoorwegaanknopingspunt en het verder groot reparasie-werkplase.

Verder noord le Kroonstad op die walle van die Valsrivier, ook 'n mooi en vooruitstrwende dorp. Dit lê binne die grootste mielieproduserende gebied van die Vrystaat. Behalwe mielies word ook grondboontjies en kroing op groot/skaal in hierdie dele verbou terwyl veeboerdery (veral melkbeeste) 'n belangrike deel van die bedryfsvorm uitmaak.

Die eintlike oostelike streek wat in hierdie studie van besondere belang is, is die streek langs die Basoetoelandse grens of ook bekend as die "Verowerde Gebied". Die vernaamste dorpe wat binne hierdie streek val is Ladybrand, Clocolan, Winburg, Senekal, Marquard en Ficksburg. Verder na die noord-ooste lê Bethlehem en Harrismith.

Die streek het 'n gemiddelde reënval van minstens 25" per jaar. (Ladybrand 25", Clocolan 25", Ficksburg 30", Marquar en Senekal 25") Dit is 'n baie digbevolkte gebied met 'n taamlike welvarende boerebevolking. Ladybrand het 'n totale blanke bevolking van 4,669 en

'n naturelle bevolking van 17,931. Met ander woorde ongeveer 30 mense per vierkante myl. In die distrikte Clocolan is die aantal persone per vk. myl nog groter naamlik 44 en in die distrik Ficksburg is dit 50 mense per vk. myl. Soos reeds gemeld is die bevolking betreklik welvarend ten spyte daarvan dat die gebied so dig bevolk is.

Die natuurlike gesteldheid in hierdie deel is gunstig vir landbou, vee - en suiwelboerdery, asook vir perdeteelt. Landbou word dan ook baie intensief beoefen. Mielies, koring en aartappels vorm van die vernaamste landbou-produkte van hierdie streek. Talryke graansuiers vir die opberging van graan is dan ook 'n kenmerk van die gebied. Ten spyte egter van hierdie natuurlike gesteldheid word die landbou baie gestrem deur droogtes, haelstorms, insekte- plae en ontydige ryp.

Benewens die verbouing van gemelde landbouprodukte, speel vrugte-boerdery en veral kersies 'n baie groot rol. Veral die distrikte Clocolan en Ficksburg het 'n uiters geskikte klimaat vir die verbouing van kersies en ander vrugtesoorte en groot vrugteboorde word dan ook hier aangetref.

As gevolg van die goeie reënval, is weiding volop en derhalwe speel suiwelboerdery en veeboerdery 'n vernaame rol. Kaas - en botterfabrieke is talryk en van die land se beste Fries - en Jersey beeste word hier aangetref. Voergewasse word in oorvloed verbou en vind 'n goeie mark in die droeë Westelike dele.

Gedurende die laaste paar jaar is verskillende grassoorte met groot sukses aangeplant om as weiding te dien. Dit het ook gebruiklik by boere van hierdie distrikte geword om vee uit die droeër dele te koop en vet te maak vir die mark. Namate die teel van vleisbeeste toeneem, sal in die toekoms op 'n groot skaal handelsbetrekkinge ontwikkel tussen die droeë dele van die provinsie en die mieliestreke.

Wat betref die natuurlike plantegroei, vind 'n mens grasbedekte heuwels terwyl die berghange met bosse en bome begroei is. In baie distrikte word ook groot bosplantasies van die regering aangetref. Deur boom aanplanting is die natuurskoon van die gebied baie verhoog.

Die gebied kry feitlik al sy reën gedurende die somer van September tot April, terwyl dit gedurende die wintermaande droog is. Die temperatuur styg in die somer tot 100° terwyl die wintersweer baie koud kan word.

Feitlik al die distrikte in die gebied is reeds as grondbewaringsdistrikte geproklameer aangesien gronderosie ernstige afmetings aangeneem het. Deur middel van plaas/beplanning word boere in staat gestel om hul plase op die regte manier te bewerk en groter oeste deur wisselboumetodes te verkry. Gronderosie word beveg deur middel van kontoerwalle en die opdamming van slote. Boere word in hierdie verband deur die regering gesteun deur subsidies wat aan hulle uitbetaal word.

Die gebied as sodanig het geen minerale bronne nie, alhoewel daar sprake is van moontlike steenkool neerslae langs die Basoetoelandse grens. Daar was ook sprake van diamant- ontdekkings maar dit het geblyk van minder belang te wees.

Die meeste fabrieke van die gebied bestaan hoofsaaklik uit botter- en kaasfabrieke, terwyl daar ook 'n droë - melk fabriek in die distrik Marquard is. Die deel het baie goeie spoorverbindings . Die hooflyn van Bloemfontein na Durban loop deur die gebied, terwyl daar ook 'n aantal taklyne is. As gevolg hiervan word boere in staat gestel om hulle produkte maklik na die verskillende markte te stuur. Durban is die naaste hawe en verder word Bloemfontein, Johannesburg, Kimberley en Oos-London goeie afsetgebiede vir die boere se produkte.

Verder noord kry ons die distrikte Bethlehem en Harrismith.

Hierdie dele kom baie ooreen met die gebied wat ons so pas beskryf het, veral wat betref landboubedrywighede, terwyl die reënval ietwat hoër is as in Oostelike deel. Behalwe verskillende botter - en kaasfabrieke, het Harrismith ook 'n wolwewery. Bethlehem is ook 'n belangrike spoorwegsentrum met spoorwegwerkplase, meulens en botterfabrieke. Dit is verder ook 'n gewilde vakansie -oord vir besoekers.

Die Suidoostelike deel van die provinsie is nie so dig bewoon as die pas beskrewe gebiede nie. Sowel landbou as veeteelt word hier beoefen, laasgenoemde hoofsaaklik vanwee die laer reënval. 'n Spoorweg wat by Aliwal - Noord oor die Oranje - rivier gaan, verbind die deel met Bloemfontein. Die vernaamste dorpe is Rouxville, Zastron, Wepener en Dewetsdorp. Sommige hiervan het as grensdorpe 'n aansienlike handel met Basoetoland.

(d) Produksie in die algemeen:

Onderstaande tabelle gee 'n aanduiding van die vernaamste distrikte van die Vrystaat asook die opbrengste van landbouprodukte (1) en die aantal beeste en skape vir elke distrik (2).

(1) Koring, mielies, hawer en rog : 200 lb. sakke; aartappels:150 lb. sakke en grondboontjies : 100 lb. sakke.

(2) Gegewens verkry uit Verslag oor Landbou - en Veeteeltproduksie: 1947 - 48.

TABEL 1 : LANDBOUPRODUKSIE IN DIE O.V.S.

	Koring	Mielies	Hawer.
Bethlehem	127,134	326,144	46,540
Bethulie	5,027	2,098	88
Bloemfontein	15,217	204,848	2,566
Boshof	1, 904	366,715	30
Bothaville	35,655	1,319,870	92
Brandfort	15,396	264,763	306
Clocolan	105,979	239,707	2,979
Dewetsdorp	64,450	107,104	2,549
Edenburg	2,629	3,050	257
Fauresmith	6,926	52,546	169
Ficksburg	95,322	223,696	10,649
Foeriesburg	46,151	90,719	14,569
Frankfort	10,698	554,708	1,982
Harrismith	101,041	330,944	77,214
Heilbron	61,211	529,187	979
Hoopstad	38,768	1,996,746	407
Jacobsdal	5,766	4,221	380
Koppies	17,790	259,610	9
Kroonstad	163,245	930,640	836
Ladybrand	133,901	300,696	8,124
Lindley	153,937	304,594	1,522
Marquard	72,347	315,782	6,586
Phillippolis	3,935	598	247
Reddesburg	13,639	15,162	652
Reitz	125,728	422,449	6,499
Rouxville	25,880	53,627	3,490
Senekal	140,952	692,283	8,003
Smithfield	15,248	23,789	610
Thaba ' Nchu	62,827	286,364	5,409
Trompsburg	3,337	1,473	302
Ventersburg	52,515	516,993	257
Vrede	2,237	276,022	14,986
Vredefort	1,474	501,069	-
Wepener	39,414	91,632	5,077
Winburg	70,906	909,710	3,746
Zastron.	69,468	161,478	8,244
TOTAAL:	1,907,855	12,681,040	236,355

Tabel:1 Vervolg.....

TABEL 1 : LANDBOUPRODUKSIE IN DIE O.V.S.

	Rog.	Grond - boontjies	Aartap-pels	Kaffer-koring
Bethlehem	8,288	166	89,843	7,683
Bethulie	319	-	581	17
Bloemfontein	432	1,107	5,274	10,434
Boshof	200	3,194	2,588	41,836
Bothaville	116	255,412	414	2,954
Brandfort	42	1,653	1,025	20,160
Clocolan	2,485	36	56,814	2,077
Dewetsdorp	1,363	-	202	911
Edenburg	686	-	591	34
Fauresmith	191	-	10,609	4,989
Ficksburg	10,777	767	27,069	5,018
Foeriesburg	6,109	-	15,373	6,864
Frankfort	635	689	7,951	8,510
Harrismith	1,376	2	156,042	10,455
Heilbron	1,024	1,134	2,861	186,736
Hoopstad	2	60,567	387	21,365
Jacobsdal	215	3,502	23,870	55
Koppies	26	16,788	153	31,432
Kroonstad	689	65,691	1,104	5,343
Ladybrand	1,680	40	44,304	1,944
Lindrey	494	60	18,097	6,926
Marquard	740	1,245	38,257	3,211
Philippolis	261	-	1,897	10
Reddersburg	265	-	350	341
Reitz	3,394	-	9,144	3,726
Rouxville	1,163	-	612	411
Senekal	2,502	7,011	11,634	18,832
Smithfield	1,756	-	60	139
Thaba 'Nchu	418	2,030	76,441	7,552
Trompsburg	437	-	524	3
Ventersburg	29	5,511	192	4,414
Vrede	372	-	37,748	9,690
Vredefort	-	21,865	806	43,450
Wepener	2,291	-	168	472
Winburg	406	3,457	7,530	11,143
Zastron	2,554	-	4,592	475
TOTAAL:	53,730	451,928	656,516	362,612

TABEL 2 : VEEBEVOLKING IN DIE O.V.S.

	Beeste.	Wolskape	Nie- Wolskape.
Bethlehem	10,924	106,688	23,759
Bethulie	10,159	228,619	49,538
Bloemfontein	56,047	159,626	59,357
Boshof	76,680	239,173	158,517
Bothaville	102,902	103,403	14,844
Brandfort	43,626	184,158	41,844
Clocolan	31,152	12,971	12,881
Dewetsdorp.	28,574	219,130	6,538
Edenburg	7,937	166,463	27,175
Faurismith	37,075	316,645	176,666
Ficksburg	41,051	23,618	11,126
Foeriesburg	35,379	32,051	8,688
Frankfort	109,261	175,383	17,568
Harrismith	236,302	335,325	14,322
Heilbron	112,817	182,583	34,602
Hoopstad	129,548	157,994	58,638
Jacobsdal	7,978	61,267	54,814
Koppies	33,036	48,983	15,723
Kroonstad	86,168	207,750	51,910
Ladybrand	58,786	26,064	28,554
Lindley	65,616	131,268	24,945
Marquard	36,996	39,002	12,426
Philippolis	5,735	97,865	123,289
Reddersburg	10,485	148,748	9,715
Reitz	90,493	103,974	18,053
Rouxville	37,828	188,841	30,299
Senekal	89,559	124,506	36,913
Smithfield	23,121	255,856	18,194
Thaba 'Nchu	56,655	83,708	11,558
Trompsburg	5,048	163,605	12,049
Ventersburg	49,504	84,388	40,868
Vrede	178,236	302,918	18,683
Vredefort	63,140	62,919	22,498
Wepener	30,848	99,801	8,016
Winburg	95,795	148,859	46,632
Zastron.	45,948	76,341	14,022
TOTAAL:	1,908,492	5,016,067	1,268,426

Uit bostaande gegewens kan die verskille in landbou - en veeteeltproduksie soos dit in die Vrystaat voorkom, dadelik gemerk word. Dit blyk baie duidelik dat in die droëre westelike en suidelike dele landbou nie so 'n groot rol speel as byvoorbeeld veeboerdery nie. So was die mielie -opbrengs vir die distrik Philippolis maar net 598 sakke in 1947 - 48, terwyl daar 221,154 skape was. In die gebiede met 'n groter reënval is die toestand net omgekeerd. Daar speel landbou weer 'n baie groter rol as skaapboerdery.

(e) Boerdery - Metodes en Arbeid:

Wat boerderymetodes betref, het daar in die afgelope vyftien jaar 'n radikale verandering ingetree. Waar boere vroeër jare hoofsaaklik met trekosse gewerk het, vind ons vandag heeltemal 'n ander toestand. Die dae van die trekos is verby en die os het plek gemaak vir masjienerie. Slegs enkele boere maak nog van trekosse gebruik. Die boerderystelsel het heeltemal gemaganiseerd geraak en alle moontlike beskikbare grond word bewerk, selfs waar dit vroeër jare as weiding gedien het. Plase het kleiner geword en die landbou word baie meer intensief beoefen.

Die meeste van die distrikte in die Vrystaat is reeds as grondbewaringsdistrikte geproklameer en deur middel van plaasbeplanning en wisselbouwetodes word boere in staat gestel om hulle grond teen erosie te beskerm en groter oeste te maak.

Wat arbeidskragte aangaan, het die ontdekking van die Vrystaatse goudvelde 'n nuwe probleem geskep vir Vrystaatse boere. As gevolg van die ontwikkeling van nuwe industrieë waarby baie arbeidskragte betrokke is, ondervind boere in die onmiddellike omgewing van die goudvelde reeds 'n mate van 'n arbeidstekort. Die ongeskoolde arbeidskragte in die Vrystaat bestaan hoofsaaklik uit Basoeto-arbeiders wat in die Vrystaat gebore en groot geword het, en geen verbintenisse het met die naturelle - reservate of Protektorate nie.

UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLEN

As gevolg van die aanlokliker lone wat in die industrieë betaal word, word baie van hierdie plaasarbeiders daarheen getrek omdat plaaslone oor die algemeen laer is. Hierdie verskynsel bring natuurlikerwyse 'n tekort aan plaasarbeid mee. Op die oomblik is hierdie tekort maar in die beginstadium , maar daar is alle aanduidinge dat die toestand met verloop van tyd 'n drastiese wending kan aanneem. Boere sal verplig word om hoër lone aan hulle arbeiders te betaal indien hulle van arbeidskragte verseker wil wees.

Soos reeds gemeld het die boerdery heeltemal gemaganiseerd geraak en weens die onvermoe van baie naturelle-arbeiders om met masjienerie te werk, ondervind boere verder moeilikheid om geskikte arbeiders te vind. In die algemeen gesproke, is die toestand op die oomblik egter nog nie baie kritiek wat arbeidskragte betref vir boere in die landboustreke nie, maar soos reeds gese, is daar alle aanduidings dat boere in die toekoms met 'n tekort aan arbeidskragte te kampe mag kry. Veeboere aan die ander kant word nie soseer deur hierdie situasie geraak nie, omdat hulle enersyds verder van die goudvelde gelee is en andersyds nie so baie arbeidskragte nodig het as boere in die landboustreke nie.

Dat daar egter 'n totale tekort aan arbeidskragte sal kom, is sterk te betwyfel. Boere sal later verplig wees om hulle lone te verhoog om sodoende hulle arbeidskragte te behou, en aan die ander kant is die lewenskoste van arbeiders in die stede baie hoër as die plaasarbeiders , sodat hulle ten spyte van die laer lone op die plase , tog daar 'n beter beëtaan kan maak as in die stad. Die waarskynlikheid bestaan dat naturelle - arbeiders al meer van hierdie feit bewus sal word.

***

2. BEVOLKINGSAANGELEENTHEDE.

(a) Bevolking van die Vrystaat:

Die bevolking van die Unie van Suid-Afrika volgens die sensussyfers van 1951 is as volg:

TABEL 3 : BEVOLKING VAN DIE UNIE VAN SUID - AFRIKA (1)

Blankes	2,642,713
Asiate	366,664
Kleurlinge	1,103,305
Maleiers	62,812
Naturelle	8,537,375
TOTAAL:	12,650,057

Die bevolking vir die vier Provinsies afsonderlik is as volg:-

TABEL 4: PROVINSIE BEVOLKING (2)

	Kaap.	Natal.	Transvaal.	Vrystaat.
Blankes	936,109	274,240	1,204,712	227,652
Asiate	17,818	299,491	49,342	13
Kleurlinge	982,091	31,485	75,014	14,715
Maleiers	56,556	713	5,473	70
Naturelle	2,485,686	1,803,347	3,472,640	775,702
TOTAAL:	4,421,704	2,408,563	4,801,708	1,018,082

1) Buro vir Sensus en Statistiek, Pretoria: Geografiese Verspreiding va die Bevolking (Spesiale Verslag No. 200)

2) Ibid.

Volgens hierdie syfers blyk dat die totale bevolking van die Vrystaat ongeveer 8% uitmaak van die totale bevolking van die Unie. Die blanke bevolking van die Vrystaat vorm ongeveer 8.6% van die totale blanke bevolking van die Unie. Die Asiatiese bevolking maak ongeveer .003% uit van die totale Asiatiese bevolking van die Unie. Die persentasie Kleurlinge is ongeveer 1.3% van die totale Kleurlingbevolking van die Unie. Die persentasie Maleiers in die Vrystaat vorm ongeveer .11% van die totale Maleierbevolking van die Unie , en die Naturellebevolking van die Vrystaat vorm ongeveer 9% van die totale naturellebevolking van die Unie van Suid- Afrika.

Die plattelandse en stedelike bevolking van die Vrystaat is as volg:

TABEL 5 : STEDELIKE EN PLATTELANDSE BEVOLKING VAN DIE VRYSTAAT.(1)

	Stedelik	Plattelands	TOTAAL.
Blankes	148,071	79,581	227,652
Asiate	10	3	13
Kleurlinge	9,540	5,175	14,715
Maleiers	39	31	70
Naturelle	211,113	564,589	775,702

Volgens hierdie syfers blyk:

(i) dat 66% van die blanke -bevolking in die stede woon.
(ii) dat 77% van die Adiatiese-bevolking in die stede woon.
(iii) dat 64% van die Kleurling-bevolking in die stede woon.
(iv) dat 55% van die Maleier-bevolking in die stede woon.
(v) dat 27% van die Naturelle-bevolking in die stede woon.

(1) Ibid.

Hieruit blyk dit dat behalwe vir die naturelle-bevolking die grootste persentasie van die bevolking van die Vrystaat in stede woon. Daarteenoor is slegs 27% van die naturelle-bevolking verstedelik.

Uit bostaande syfers kan 'n mens ook aflei dat die grootste bevolkingsgroep in die Vrystaat naturelle is, en dat die Asiate die kleinste groep uitmaak. Die volgende gee 'n aanduiding van die persentasie vir elke groep uit die totale bevolking van die Vrystaat.

(i) Blankes 22.35% van die totale bevolking van die Vrystaat.
(ii) Asiate .0012% van die totale bevolking van die Vrystaat.
(iii) Kleurlinge 1.45% van die totale bevolking van die Vrystaat.
(iv) Maleiers.006% van die totale bevolking van die Vrystaat.
(v) Naturelle 76.2% van die totale bevolking van die Vrystaat.

(b) <u>Die Bantoebevolking van die Vrystaat:</u>

Soos uit bostaande blyk, is die naturelle-bevolking die oorheersende groep in die Vrystaat en vorm 76.2% van die totale bevolking . Daarteenoor vorm die Asiate weer die kleinste groep met 'n skrale .0012% van die totale bevolking.

Aangesien die Bantoebevolking uit soveel verskillende groepe bestaan, sal dit wenslik wees om 'n weergawe te gee van die Bantoebevolking volgens taalgroepe. Hierdie syfers is gebaseer op die sensus van 1946 en is dus reeds ietwat verouderd. Die betrokke syfers volgens 1951 sensus is egter nog nie beskikbaar nie. Onder die term „groep" gee ons die breë onderverdeling van die Suid- Afrikaanse Bantoe, d.w.s. daardie groepe wat as taal - en etniese eenhede beskou kan word. Hierdie breë groep word onder die term „ stam" onderverdeel in kleiner groepe wat min of meer stam - entiteite aandui en dus Staatkundige eenhede volgens Bantoe norme beteken.

TABEL 6 : BANTOEBEVOLKING VOLGENS TAALGROEPE (SENSUSSYFERS 1946)(1)

Groep.	Stam.	Getal.	Groep.	Geheel.
(A) Ngoeni:	Xhosa	2,354,000	49.3%	30.8%
	Zulu	2,035,000	42.7%	26.6%
	Swazi	223,000	4.7%	2.9%
	Ndebele	158,000	3.3%	2.1%
	TOTAAL:	4,770,000	100%	62.4%
(B) Sotho:	Suid-Sotho	866,000	39.2%	11.3%
	Noord-Sotho	770,000	34.8%	10.1%
	Tswana	568,000	26. %	7.5%
	TOTAAL:	2,214,000	100%	28.9%
(C)Tsonga:	TOTAAL.	369,000	100%	4.8%
(D)Venda:	TOTAAL	132,000	100%	1.7%
(E)Ander:	TOTAAL	165,000	100%	2.2%
	TOTAAL:	7,650,000	-	100%

Volgens die voorlopige sensussyfers van 1951 is die totale aantal Bantoe in ronde syfers hierbo aangegee ruim 'n miljoen uit. Teenoor sewe- en -'n - half miljoen, bring die 1951 sensussyfers die totale Bantoebevolking op 8,537,375 te staan. (1) Nietemin is enkele verskynsels volgens bostaande tabel van belang. Dit is onmiddelik duidelik dat die grootste persentasie Bantoe aan die Ngoeni-groep behoort naamlik 62.4%, teenoor die 28.9% van die tweede grootste groep die Sotho. Hierdie twee breë groepe is dan ook die indrukwekkenste wat getalle betref onder die Suid- Afrikaanse Bantoe.

(1) Die Basuin : Algemene Sendingblad van die Ned. Gereformeerde Kerk van Suid - Afrika. Oktober 1953. (P. 6.)

(1) Vgl. Tabel 3.

In sy "Taalkaart van Suid- Afrika" (Ethnologiese Reeks No. 27) gee die Staats - etnoloog in uiteensetting van die Bantoeverspreiding in die Unie volgens gegewens saamgestel uit die sensussyfers van 1946. Die gegewens verstrek in hierdie publikasie is egter gebaseer op getalle wat die posisie agt jaar gelede weergee. Dit bring derhalwe nie in berekening die addisionele een miljoen Bantoe volgens die vermeerderde getalle van 1951 nie, en ook nie die groter mate van verspreiding meegebring deur die aanwassende tempo van verstedelikking gedurende die laaste jare nie.

Daar is 'n ander belangrike aspek in verband met bovermelde publikasie wat aandag verdien. Die Taalkaart van Suid- Afrika wat die publikasie vergesel, toon duidelik dat die swaarte krag van die afsonderlike taalgroepe nog binne die bepaalde gebiede lê. Dit is egter baie duidelik dat daar aan die periferie van elke taalgebied reeds 'n aansienlike mate van oorvleueling te bespeur is. Verder is dit van besondere belang dat die taalgebiede nie die grense van afsonderlike Provinsies eerbiedig nie, met ander woorde, die taalgebiede oorvleuel die Provinsiale gebiede. Volgens die Taalkaart sou 'n mens ook die indruk kry dat daar geen Bantoe in die westelike deel van die Kaapprovinsie aangetref word nie, omdat die grense van die taalgebied alleen die bakermat van afsonderlike groepe aandui. Inderdaad is daar volgens berekening vandag reeds sowat 130,000 Bantoe in Wes- kaapland alleen.

Dit moet waarskynlik aanvaar word dat die proses van Bantoeverspreiding nog lank nie voltooi is nie, en sal voortgaan tensy 'n positiewe landsbeleid hierdie verspreidingstendens daadwerklik teegaan. Met die ontwikkeling van die mynbedryf in die Vrystaat byvoorbeeld , kan verwag word dat hierdie Provinsie se Bantoebevolking aanmerklik sal groei. (1)

(1) Ibid.

Onderstaande tabel weerspieël die mate van verspreiding van die Bantoe gedurende 1946.

TABEL 7 : VERSPREIDING BANTOE VOLGENS PROVINSIE 1946 (1)

Groep.	Stam.	Kaap.	Vrystaat.	Transvaal.	Natal.	Totaal.
NGoeni	Xhosa	2,007,008	70,251	227, 301	49,019	2,354,355
	Zulu	15,550	82,375	347, 504	1,589,422	2,034,851
	Swazi	891	1,603	211,571	9,342	223,406
	Ndebele	1,072	2,006	154,561	461	158,100
	TOTAAL:	2,024,521	156,235	940,937	1,649,019	4,770,712
Sotho:	Suid-Sotho	87,951	425,272	332,424	20,234	865,881
	Noord- "	1,072	1,973	767,274	832	771,151
	Tswana	168,384	43,802	364,991	959	578,136
	TOTAAL:	257, [illegible]	471,047	1,464,689	22,025	2,215,168
Tsonga:	TOTAAL:	1,187	1,739	347,491	18,225	368,642
VENDA:	TOTAAL:	312	105	131,102	564	132,083
	TOTAAL:	2,283,427	629,126	2,884,219	1,689,883	7,486,60

Die syfers soos in bostaande tabel verstrek, bring interessante verskynsels na vore. Hiervolgens is die totale Bantoeverspreiding tussen die vier Provinsies as volg: Kaapland 30.5%, Vrystaat 8.4%, Transvaal, 38.5% en Natal 22.6%.

Indien minderheidsgroepe buite rekening gelaat word, is die verspreiding van die breë taalgroepe binne die vier Provinsies volgens persentasie as volg:

(1) Ibid.

TABEL 8: VERSPREIDING TAALGROEPE VOLGENS PROVINSIE.(1)

Groep.	Kaap.	O.V.S.	Tvl.	Natal.	TOTAA
Ngoeni	42%	3%	20%	35%	100%
Sotho	11%	21%	66%	2%	100%
Tsonga	.4%	.1%	94%	5%	100%
Venda			100%		100%

Sommige van hierdie persentasies skyn van minder belang te wees, maar wanneer hulle egter omgesit word in sieletalle, is hulle wel van belang. So byvoorbeeld verteenwoordig die geringe 3% Ngoeni in die Vrystaat 'n mensetal van 156,000 en die 2% Sotho in Natal 22,000 siele.

Wanneer die totale Bantoe-bevolking per Provinsie volgens taalgroepe ingedeel word, dan is die posisie met uitsondering van kleiner groepies as volg:

TABEL 9 : TAALGROEPE VOLGENS PROVINSIALE BANTOEBEVOLKING (2)

Provinsie	Ngoeni	Sotho	Tsonga	Venda	TOTAA
Kaap	88%	12%			100%
O.V.S.	25%	75%			100%
Transvaal	33%	50%	12%	5%	100%
Natal	97.7%	1.3%	1%		100%

Volgens die aanwesigheid van taalgroepe binne elke Provinsie, is dit duidelik dat elkeen van die Provinsies inderdaad tuiste bied aan twee of meer van die taalgroepe.

1) Ibid.

2) Ibid.

Die verspreidingsposisie van die Suid- Sotho in die Unie is interessant. Hoewel die Vrystaat beskou word as die verblyfarea van hierdie groep , is die huidige verspreiding van hierdie stamgroep as volg:

Kaapprovinsie	10%
Vrystaat	48%
Transvaal	39%
Natal	3%

Uit bostaande syfers en tabelle blyk dit baie duidelik dat die Suid- Sotho in die Vrystaat die grootste bevolkingsgroep vorm. Oorspronklik was hulle gebied beperk tot Basoetoland en sowat die helfte van die Vrystaat, maar vandag strek dit veel verder. Hulle vorm 'n aanmerklike deel van die bevolking van selfs verafgeleë distrik te binne en buite die Vrystaat, byvoorbeeld Ventersburg 81%, Winburg 82% , Smithfield 70% , Vredefort 68%, Bothaville 63%, Hoopstad 59%, Boshof 32%, Philippolis 42%. Barkley Oos 36%, Hay 17%, Gordonia 7%, Britstown 14% en Beaufort Wes 8% (1). Lede van hierdie groep kan slegs afkomstig uit die Unie of Basoetoland wees.

Naas die Suid- Sotho wat soos reeds gese die grootste Bantoegroep in die Vrystaat vorm, is daar volgens die „ Taalkaart van Suid - Afrika" ook 'n Zoeloe, Xhosa en Tswana, inslag in die Vrystaat(2 Die Zoeloes is 'n sterk homogene groep, die oorblyfsels uit die tyd van Tjaka , toe duidelik verskillende taalvariante in baie dele van Natal in gebruik was. Feitlik die hele Natal is nou egter Zoeloesprekend en sowat 78% van alle Zoeloesprekendes is in Natal. Die nabygeleë dele van die aangrensende Provinsies het reeds geruime tyd 'n aantal Zoeloesprekendes onder hulle bevolking. In die Vrystaat vorm Zoeloesprekendes in Vrede 48%, Frankfort 32%, Reitz 36%, Lindley 22%, Bethlehem 23% en Harrismith 42% van die Bantoebevolking.

1) Buro vir Sensus en Statistiek, Pretoria: Geografiese Verspreiding van die Bevolking. Spesiale Verslag No. 200.

2) Vgl. Kaart

Hierdie syfers dui op 'n vermindering in die verhouding met die toenemende afstand van die Natalse grens (2). Dit is dus duidelik dat die Zoeloe inslag in die Vrystaat veral in die noordoostelike dele van die Provinsie voorkom wat naaste aan die grens van Natal gelee is.

Die Xhosasprekende groep omvat verskillende afdelings soos die Fingo, Mpondo, Xesibe en Bhaca. Met uitsondering van die Xhosasprekendes in Basoetoland, is die res Unieburgers. Opvallend is die verspreiding van die Xhosasprekendes soos deur die sensus aangetoon. Hulle het nie alleen naburige dele van Natal en Vrystaat binne - gedring en versprei oor die groot Karoo nie, maar ook in groot getalle hulle in die Boland, die Skiereiland en die stede van die Witwatersrand gevestig.

In die Vrystaat waar hulle vroeër glad nie gevind is nie vorm hulle nou in Rouxville 39%, Philippolis 44%, Brandfort 24%, Hoopstad 20% en Boshof 18% van die naturellebevolking. (1)

Hieruit blyk dit dat die Xhosa inslag in die Vrystaat hoofsaaklik beperk is tot die Suid - Vrystaat en tot 'n mindere mate in die Wes - Vrystaat.

Volgens die „ Taalkaart van Suid - Afrika" is daar ook 'n Tswana - inslag in die Vrystaat. Die inslag is veral beperk tot die Noordwes Vrystaat en loop verder met 'n punt tot by Thaba 'Nchu. (Sien Kaart No.1)

(c) <u>Die Bantoebevolking vandie Monstergebied:</u>

Die monstergebied sluit die meeste distrikte in wat algemeen bekend staan as die Oos - Vrystaat. Dié gebied is ook algemeen bekend as die „ Verowerde Gebied" en val binne die monster. Die „ Verowerde Gebied" strek langs die Waledonrivier en sluit 'n deel van die distrik Ladybrand en die distrikte Clocolan en Ficksburg in. Die monstergebied word hoofsaaklik beperk tot die distrikte Ladybrand , Clocolan, Marquard en Senekal.

(2) Buro vir Sensus en Statistiek, Pretoria: Geografiese Verspreiding van die bevolking. Spesiale Verslag No. 200.

Volgens die „Taalkaart van Suid - Afrika" val die monstergebied hoofsaaklik binne die verspreidingsgebied van die Suid- Sotho, en slegs 'n klein deeltjie in die noordooste van die gebied val binne die verspreidingsgebied van die Zoeloe, naamlik 'n deel van die distrik Senekal(Sien Kaart)

Onderstaande tabel gee 'n aanduiding van die verskillende bevolkingsgroepe van die distrikte binne die monstergebied volgens die volgens die bevolkingssensus van Mei 1951. (1)

TABEL 10 : BEVOLKING VAN DIE MONSTERGEBIED.

Distrik	Blankes	Asiate	Kleur-linge	Naturelle	vk. myle opperv'lk	TOTAAL.
Ladybrand	4,670	-	257	17,931	756	22,858
Clocolan	2,115	-	39	13,817	409	15,971
Marquard	2,301	-	24	13,034	514	15,359
Senekal	5,351	-	46	28,950	1,376	34,347

Volgens hierdie tabel blyk dat die naturellebevolking van die distrik Ladybrand 78.4% , Clocolan 86.5%, Marquard 84.8% en Senekal 84.2% van die totale bevolking van die verskillende distrikte uitmaak. Dit is verder opmerklik dat daar geen Asiate in die distrikte voorkom nie en dat die persentasie Kleurlinge baie gering is.

Ongelukkig is geen syfers beskikbaar om aan te toon uit watter verskillende etniese groepe die naturelle bestaan nie . 'n Mens kan egter met 'n mate van sekerheid aanvaar dat verreweg die grootste persentasie aan die Sotho - groep behoort en wel die Suid- Sotho, omdat die gebied feitlik die kern van hulle verblyfarea vorm. Soos op die „ Taalkaart" aangetoon word , is daar wel egter 'n Zoeloeinslag in die gebied en 'n mens kan verwag dat daar ook ander elemente sal voorkom soos die Xhosa en Tswana.

1) Ibid.

Die volgende tabel gee 'n aanduiding van die Blanke - en Naturelle bevolking op die platteland en in die verskillende dorpe soos verkry van die verskillende Magistraatskantore.

TABEL 11. PLATTELANDSE EN STEDELIKE BEVOLKING VAN MONSTERGEBIED. (1)

Distrik.	Bevolking	Platteland	Dorp.	TOTAAL.
Ladybrand	Blankes	1946	2,723	4,669
	Naturelle	13,449	4,482	17,931
Clocolan	Blankes	1,000	1,275	2,275
	Naturelle	12,000	2,250	14,550
Marquard	Blankes	1,181	1,116	2,297
	Naturelle	11,308	1,726	13,034
Senekal	Blankes	2,760	2,570	5,330
	Naturelle	27,555	3,592	31,147

Uit hierdie tabel kan afgelei word dat 82.4% van Clocolan, 75% van Ladybrand, 86.7% van Marquard en 88.4 % van Senekal se totale naturellebevolking op plase woonagtig is. Dit blyk dat 'n aanmerklike groter persentasie op die platteland woonagtig is. Die rede hiervoor is voor die handliggend. Soos reeds vroeër gemeld, is hierdie distrikte in 'n gebied waar landbou - en suiwelboerdery hoofsaak is en baie intensief beoefen word en gevolglik baie arbeidskragte nodig is. Daar is ook geen noemenswaardige fabrieke op hierdie dorpe wat baie arbeidskragte vereis nie.

Die werklike monster wat as verteenwoordigend geneem is uit die Bantoebevolking van die distrikte Ladybrand, Clocolan, Marquard en Senekal bestaan uit 50 gesinne versprei oor 10 plase as volg:

1) Daar moet op gelet word dat die totales van tabel 10 en 9 nie presies ooreenstem nie. Die gegewens van tabel 9 is volgens die sensussyfers van 1951 terwyl die van tabel 10 van die verskillende magistraatskantore verkry is. Soos opgemerk sal word is die verskille egter baie gering.

TABEL 12 : VERSPREIDING VAN MONSTERGESINNE.

Distrik	Plaas	Aantal Gesinne	Aantal Persone.
Clocolan	Marakabi	6	33
	Dresden	6	33
	Sunnyside	4	25
	Alma	3	16
Ladybrand	Rondekoppie	6	29
	De Villiers-kamp	3	21
Marquard	Vine Villa	5	27
	Ananiel	6	18
Senekal	Aanasdal	2	5
	Arcadia	9	40
TOTAAL:	10	50	247

Die monster bestaan uit 50 gesinne versprei oor 10 plase in die 4 distrikte. Soos uit die tabel blyk, is daar 19 gesinne uit die distrik Clocolan, 9 gesinne uit die distrik Ladybrand, 11 gesinne uit die distrik Marquard en 11 gesinne uit die distrik Senekal. Dit blyk verder uit die tabel dat die monster in die distrik Clocolan uit vier plase en in die distrikte Ladybrand , Marquard en Senekal elk uit twee plase geneem is.

Die aantal gesinne wat op elke plaas geneem is, vorm slegs 'n deel van die totale aantal gesinne op die betrokke plase. Onder die hoo aantal persone" in die tabel word ingesluit nie slegs die ouerpaar en " kinders nie, maar wel ook verwante wat permanent by die gesin inwoon, want soos ons in die volgende hoofstukke sal sien, het die begrip, "gesin" onder die naturel 'n baie wyer betekenis as wat dit onder ons blankes die geval is.

Op meegaande sketskaart word aangedui die ligging van die verskillende plase in die verskillende distrikte. Dit mag miskien voorkom asof die plase nie die distrikte vokkome verteenwoordig nie, maar aangesien die patroon van die boerderystelsels in die verskillende distrikte tot 'n groot mate ooreenstem, maak dit eintlik - verskil waar presies die plase geleë is nie. Verder bestaan die Bantoebevolking van die distrikte feitlik geheel en al uit dieselfde etniese groep met die gevolg dat feitlik enige keuse van gesinne as verteenwoordigend van die gebied beskou kan word.

.....

HOOFSTUK 11.

TRADISIONELE KULTUURAGTERGROND VAN DIE BASOETO-PLAASARBEIDERS.

Die plaasarbeiders van die Vrystaat en in besonder die monstergesinne wat die basis van hierdie studie vorm, is etno-histories en kultureel 'n onderdeel van die Basoeto. Dit is derhalwe nodig om hier 'n kursoriese oorsig te gee van die tradisionele kultuurpatroon van die Basoeto as agtergrond waarteen die huidige bestaansvorm van die plaasarbeiders gesien moet word.

Uit die aard van die saak is hierdie patroon hoofsaaklik toegespits op die kernvolk van Basoetoland waar die Basoeto nog in 'n organiese stamverband as 'n afsonderlike eenheid voortbestaan. Met die inlywing van die sogenaamde " Verowerde gebied " by die Vrystaat, is die Basoeto wat hulle in daardie deel bevind het, afgeskei van die nasieeenheid in Basoetoland. Hierdie staatkundige disintegrasie het natuurlikerwyse die tradisionele kultuurpatroon van diegene wat hul mettertyd as plaasarbeiders by Blankes gevestig het, fundamenteel verander soos uit die opvolgende hoofstukke blyk.

1. TERRITORIALE VERSPREIDING:

(a) Samestelling van die Basoeto.

Die Basoeto of Suid - Sotho vorm 'n onderdeel van die groot Sotho - groep van die Suid - Afrikaanse Bantoe. Ingevolge die resultaat aan historiese gebeure veral gedurende die eerste helfte van die vorige eeu, het die Basoeto kristalliseer as 'n nasionale gemeenskapseenheid, opgebou uit 'n hele aantal etnies - verskillende elemente. Die leidende figuur gedurende die proses van eenheidswording was Moshoeshoe , 'n kaptein van die Kwena seksie.

Gedurende die aanvangsdekades van die 19de eeu het by die oorblyfsels van verspreide stamgroepe onder sy leierskap verenig. Basoetoland met die bergvesting van Tha Basiu, het allengs die kerngebied van die nuwe Basoeto-groep geword.

Die stamme wat as stigterselemente van die Basoeto gedien het, was hoofsaaklik van 'n Sotho-oorsprong met 'n dominerende Kwena - nukleus. Bo en behalwe hierdie groep, was daar veral ander Sotho- elemente soos die Kgatla en Taung - seksies. Hiernaas is ook Ngoeni - elemente by die Basoeto ingelyf. Skematies kan die samestelling van die kern - Basoeto se stamstruktuur as volg voorgestel word.

SAMESTELLING VAN DIE BASOETO.

	Element	Hoofgroep.	Seksies.
(A)	Sotho	Kwena	Kwena Hlakwana Kwakwa Fokeng
		Kgathla	Kgatla Kgolokwe Sia Tlokwa
		Taung	Taung Hlalele Taung van Moletsane Kubung
(B)	Ngoeni	Vroeere seksies	Phetla Phuthi
		Datere seksies	Tebele Hlakwene Hlubi Thembu Vundle

Die Basoeto se tuisgebied beslaan 'n betreklik kompakte area in en om Basoetoland. Basoetoland self huisves die grootste aantal van hierdie mense naamlik 562,000 volgens die 1946 sensussyfers. In die oostelike deel van die Oranje - Vrystaat woon die Basoeto versprei as plakkerwerkers op die plase van Blankes. Die reserwe by Thaba 'Nchu huisves hoofsaaklik Rolong van die Seleka - groep, hoewel hier ook Basoetos woon. In die Witzieshoek reserwe woon 'n gemengde Sotho-groep onder kaptein Mopedi. Die Basoeto - element in die Vrystaat kan op sowat 167,000 gestel word. In die Kaapprovinsie word Basoeto aangetref in die distrikte Herschel en ook by Lgamakwe langs die groot Keirivier. In die reserwes langs die boloop van die Umsimwubu - rivier in Natal woon veral Tlokwa, Kwena en Hlakwana terwyl 'n Basoeto - seksie onder Isaac Molefe 'n reserwe benoorde die Tugela-rivier bewoon. Die verspreiding wn getalle van die Basoeto is dus min of meer as volg:

Basoetoland (1946)		562,000
Basoetoland (afwesiges)		70,000
Oranje -Vrystaat . Versprei		150,000
	Reserwes	17,000
Kaapprovinsie		85,000
Natal		24,000
	TOTAAL:	908,000

(b) <u>Die groei van die Basoeto - Staat:</u>

Die Kwena - groep was aanvanklik in die suid-oostelike hoek van die Hoëveld deur verskillende afdelings van die Kwena en Napo verteenwoordig. Hierdie kleiner groepe is mettertyd deur Moshoeshoe , 'n minder belangrike Kwena - hoof, saamgevoeg. Gedurende die eerste dekades van die 19de eeu, het hy intieme verhoudings van die eertydse magtige Fokingstamme gesmee. Hy was ook verder in staat om sy outoriteit oor die Ngoeni - bevoking wat rondom hom gebly het, uit te brei. Op hierdie wyse het die Basoeto soos hulle later genoem is, bekend gestaan as die „ mense van die Moshoeshoe" met die laer dele van die teenswoordige Basoetoland en die sogenaamde „ Verowerde Gebied" as hulle

algemene verblyfplek.

Die Kafferoorloë van 1813 - 30 het die proses van staatsopbouing baie aangehelp deurdat die kleiner groepe saamgesmelt het om hulleself te verdedig. Hierdie kleiner groepe het later almal deel uitgemaak van die Basoeto. Die steeds groeiende mag en invloed van Moshoeshoe het beskerming gebied vir onderdruktes sowel as vir diegenes wat hulleself nie kon verdeig nie. Op hierdie manier het hy die Basoeto aangesluit die Taung van Ramokheli en ook 'n groep van die Kgatla - stamme.

Na verskeie skermutselings met die Ngoeni, Tloka, Korana , Boere en Engelse, het die Basoeto-staat wat in 1820 nog feitlik nie bestaan het nie, in 1855 die toppunt van sy mag bereik. Moeilikhede het egter vir hulle gewag. Die Voortrekkers het intussen in die Vrystaat en Transvaal ingetrek, en hulle het besef dat die vruchbaarste deel van die gebied oos van Bloemfontein binne die invloedsarea van Moshoeshoe gelê het. Die periode van 1857 - 65 word dan ook gekenmerk as een van vele fooftogte en oorloë. In die finale stryd van 1867 het die Boere van die Vrystaat as oorwinnaars na vore getree. Die Basoeto wat binne die „ Verowerde Gebied" gewoon het, het dus onder die gesagsinvloed van die Blankes gekom.

oooooooooooooooooooooooooooo

2. SOSIALE ORGANISASIE.

(a) Residensiële Assosiasies:

Residensiële assosiasies is onder die Basoeto van vèerledige aard naamlik:

(i) Die residensiële groepering.

(ii) Die Wyk

(iii) Die distrik

(iv) Die Staatkundige gebied.

(i) Die residensiële groepering:

Eenhede van residensie volg by die Basoeto nie 'n univorme patroon nie. Oor die algemeen is hierdie eenhede klein en kan bestaan uit enkele huise of huisgroepe met 'n maksimum van sowat 50 inwoners. Die groter Statte wat nie baie algemeen voorkom nie, huisves gewoonlik tussen sowat 150 - 500 indiwidue. Die grootste residensiële eenheid in Basoetoland is die Atepiese stat Maseru met 'n permanente bevolking van minstens 700 en 'n vloeibare bevolking van enkele duisende.

Die patroon van residensiele aanleg volg drie variante vorme. Die mees alegemene is 'n onreelmatige samekoeking van hutte gebou volgens beskikbare spasie soos gereguleer deur die topografiese aard van die bouperseel of die ligging van die beboubare land. Die sirkelvormige aanleg wat skynbaar die tradisionele onder die Kwena - seksie was, word vandag selde aangetref. Hierdie sirkelvormige aanleg kan of 'n vol sirkel (gevorm deur hutte) wees met die graanskure en vergaderplekke in die sentrum, of 'n perdeskoenagtige aanleg met 'n oop spasie tussen die hutte. Die derde patroon is die moderne tipe wat streepvormig uitgestrek lê langs die busroetes of in die vorm van paralelle hutrye saamgestel is. Enkelvoudige woonpersele met 'n omringende tuin word ook algemeen aangetref.

Behuisingstipes varieer aanmerklik . Die tradisionele vorms is die rondawel-tipe en die mohlomofatse. Laasgeneomde is 'n rondawelhut met 'n voorportaal en het gewoonlik 'n lae klipmuurtjie. Hie naas is wonings van gekapte klip of stene ook algemeen en verteenwoordig 'n proses van materiële akkulturasie.

(ii) Die wyk: Die wyk is 'n administratiële samevoeging van 'n aantal residensiële eenhede en vorm sodoende 'n administrasie - segment onder leiderskap van 'n hoofman met bepaalde magte. In enkele gevalle is die wyk as sodanig 'n kongregasie van residensiële eenhede binne 'n korporatiewe stat.

(iii) Die Distrik: Die distrik bestaan uit 'n aantal wyke en vorm die kleinste effektiewe divisie binne die nasionale administrasie. Dit sluit alle wyke binne sy grense in en is die minimale eenheid wat uitspraak lewer oor alle plaaslike aanspraak op natuurlike bronne.

(iv) Staatkundige gebied: Die Staatkundige gebied hier ter sprake is Basoetoland , die tuisgebied van die kern - Basoeto en die setel van die georganiseerde Sotho-staat. Basoetoland is natuurlik 'n Hoë - kommissaris - gebied en as sodanig 'n protektoraat onder die beheer van Engeland. Die Basoeto in die „ Verowerde Gebied " vorm administratief egter nie 'n deel van hierdie Staatkundige Basoeto - nasie nie.

(b) Verwantskapassosiasies:

Verwantskap is by die Sotho net soos by alle Bantoe - stamme 'n belangrike basis van assosiasie. In hierdie verband is sowel bloedverwantskap as aanverwantskap van belang.

(1) Bloedverwantskap:

Die verwantskapsberekening volg by die Sotho die klassifikatoriese stelsel soos algemeen aangetref word by die Bantoe m.a.w. verwantskapsterme word op 'n generasiebasis gebesig met inagneming van seksgroepe. Dit bring mee dat bepaalde assosiasies

gebaseer op verwantskap 'n wye groep persone insluit. Selfs waar persone wat in 'n besondere verwantskapsverband tot mekaar staan, wydverersprei vanmekaar woon, beinvloed hierdie verband hulle wederkerige assosiasies.

By die Sotho is die primêre gesin die kleinste verwantskapseenheid. Daar monogamie vandag oorheersend is bestaandie gesin uit die twee huweliksmaats met hulle kinders. Ongeveer 10% van Sotho - huwelike is poligenies en in hierdie geval het die meeste veelwywers nettwee vrouens. 'n Besondere karkatertrek van die huweliksituasie in Basoetoland is die feit dat 'n relatiewe hoe persentasie van gesinne in 'n onvolmaakte staat verkeer, deur of die dood van mans of hul verlating van die vrou deurdat hul elders gaan werk.. Waar 'n kwart van die mans getroud is (tweekeer soveel as ongetroude vrouens) is nie minder nie as 25% van die getroude vrouens weduwees, sewe keer soveel as die wewenaars. Hierdie posisie mag beinvloed wees deur veelwywery aangesien die 10% poligeniese huwelike een agtste van die totale aantal getroude vrouens raak.

Benewens die gesin in of sy enkelvoudige of veelvoudige vorm, word ook die liniêre groep in die Sotho- gemeenskap onderskei. Afkoms word patriliniêr bereken en persone wat aan dieselfde genealogiese linie behoort, vorm 'n onverling belanghebbende eenheid hoewel hulle versprei mag woon. Genealogiese verwantskap behou dus sy invloed. By gewone burgers id die liniegroepe gewoonlik heelwat kleiner as in die gevalvan die regerende linies.

Naas die liniegroepe word ook groter groepassosiasies aangetref in die vorm van gemeenskaplike aanvaarding van 'n besondere seboko (prysvoorwerp, totem). Hierdie assosiasie is by die Sotho nie - eksogamies en het, behalwe vir 'n gevoel van onderlinge broederskap, min rituele en praktiese funksie.

(ii) AANVERWANTSKAP:

Aanverwantskap berus op 'n georganiseerde stelsel van konjugale skakeling soos teweeggebring deur die egtenstelling. Die huwelikinstelling sentreer om die „ bogadi" wat omskryf word as die oordrag van waardevolle goedere aan die verwantskapsgroep van die bruid deur die groep van die bruidegom. Die huidige media van „ bogadi" is hoofsaaklik vee en / of geld. Hoewel daar geen absolute skaal vir „ bogadi" bestaan nie, is daar tog algemeen aanvaarde skaal wat as basis dien vir huwelikonderhandelinge. Twintig beeste, tien skape en 'n perd word beskou as 'n redelike „ bogadi" vir gewone huwelike met die eerste vrou. „ Bogadi" vir verdere huwelike van dieselfde man is gewoonlikm minder. In die koninklike linie is die „ bogadi" aansienlik hoer.

'n Belangrike aspek van die „ bogadi" is die feit dat hoewel die ooreenkoms formeel bekragtig word, die „ bogadi" self nie noodwendig altyd tenvolle oorgedra word nie. Werklike oordrag word alleen dan van kardinale belang indien die binding tussen die twee groepe dreig om te verswak.

Die groepswese wat simbolies vasgelê is in die „bogadi" blyk veral uit die wyse van kontribusie en distribusie. In die eerste instansie kom die „ bogadi" uit die patrilinie, maar die moeder se broer van die aanstaande bruidegom lewer gewoonlik ook twee beeste. Indien hyself volgens die stelsel van voorkeurhuwelike die skoonvader word, gee hy die „ bogadi" as sodanig aan homself nie, maar toon tog die diere aan die bruidegom se vader as teken dat hy dit sowel gegee as ontvang het.

Die distribusie volg gewoonlik die volgende patroon: 'n Deel gaan na die bruid se vader en 'n deel na die bruid se moeder se broer. Ook kry die bruid se patriliniêre grootvader 'n aan-

deel, eintlik bedoel vir sy vrou wat gewoonlik 'n groot aandeel geneem het in die opvoeding van haar kleindogter. Behalwe die aandeel van die moeder se broer, bly die „ bogadi" dus in die patrilinie van die bruid.

Die eginstelling soos beinvloed deur die „bogadi"-gebruik, is derhalwe 'n ooreenkoms tussen twee liniegroepe of segmente daarvan. Elke groep verskaf 'n egmaat, terwyl die kroos ingeskakel word by die liniegroep van die man nadat voorgeskrewe kompensasie oorgedra is aan die linie van die vrou. Die administratiewe orde verg vandag ook 'n ooreenkoms tussen die egmaats self.

Die keuse van veral die eerste of hoofvrou word beinvloed deur 'n besondere patroon. Daar is egter belangrike verskille tussen die verskillende komponerende elemente van die Basoeto-volk en die voorkeurhuwelike is nie vir almal dieselfde nie.

Die Basoeto is nie georganiseer in eksogamiese groepe nie. Hierdie feit veroorsaak dat daar twee tipes voorkeurhuwelike moontlik is, d.w.s. die tussen sowel kruisneefs - en niggies as ortoneefs en niggies met uitsondering veral van die Vundle wat sodanige huwelike nie toelaat nie. In die geval van orto - neefs en niggies is 'n huwelik derhalwe moontlik tussen klassifikatoriese broers en susters.

Die posisie ten opsigte van voorkeurhuwelike onder die Basoeto kan as volg voorgestel word:

Verwantskap van vrou.	Huwelike moontlik.		
	Kwena	Khathla	Vundle
VS d.	Ja	Ja	Nee
MB d.	Ja	Ja	Nee
VB d.	Ja	Nee	Nee
MS d	Ja	Nee	Nee.

VSd : - Vader se Suster se dogter.

MBd: - Moeder se broer se dogter.

VBd :- Vader se broer se dogter.

MSd :- Moeder se suster se dogter.

Die statusposisie van vrouens kom alleen ter sprake in die geval van poligene huwelike. Hierdie huwelikstipe is duidelik aan die afneem onder die Basoeto. In 1912 het een uit elke 5.5 mans bv. meer as een vrou gehad terwyl dit gedaal het tot een uit elke 9 in 1936. Ook die aantal vrouens neem af. In 1912 was een uit elk 27 poligene huwelike met meer as twee vrouens terwyl dit in 1936 gedaal het tot een uit elke 64.

Oor die algemeen is die senior vrou die eerste vrou wat getrou word en die een vir wie die „ bogadi " deur die liniegroep voorsien word. In die koninklike linie is die hoofvrou altyd die een vir wie die volk as sodanig „ bogadi" bygedra het. Die georganiseerde stelsel van „ Huise" word eintlik net onder die Vundle aangetref en toon duidelik hulle Ngoeni herkoms.

As gevolg van 'n proses van akkulturasie het die Basoeto - huwelikstelsel reeds ingrypende veranderings ondergaan. Die meeste huwelike veral eerste huwelike, geskied nog algemeen binne die raamwerk van die " bogadi"- stelsel. Die jong geslag het egter tot 'n groot mate reeds afgesien van die keuse van egmaats deur die liniegroep met die gevolg dat voorkeurhuwelike minder voorkom. Die christelike en siviele huwelike word vry algemeen aangetref maar is nie heeltemal losgemaak van die „ bogadi" - stelsel nie. Soms word die goedere wat oorhandig word as 'n blote present (mpho) beskou, en is in die geval van ekskeidings nie terugeisbaar nie. Die christelike huwelik is ook 'n siviele huwelik en die „ bogadi" kan in so 'n geval aangeteken word indien dit oorhandig is. Die suiwer christelike - siviele huwelik word ook voltrek sonder dat die " bogadi" stelsel daarmee gemoeid is.

Bo en behalwe die normale huweliksinstelling is enkele ander verbintenistipes ook by die Basoeto bekend. 'n Man mag byvoorbeeld 'n ondergeskikte vrou d.w.s.(senethe) toevoeg tot sy vrou d.w.s. 'n vrou wat nie haar eie huishouding het nie en ook nie 'n afstammelingslinie van haarself kan skep nie. Vir gestorwe mans kan ook kinders verwek word by 'n vrou wat dan „ met die graf" getroud is. Selfs vir 'n nog ongebore man kan kinders verwek word wat dan in geval van sy geboorte as sy wetmatige kinders beskou word. Die sororaat - verbintenisse is in die geval van onvrugbaarheid ook bekend. 'n Leviraat (kenela)was ook bekend maar het feitlik heeltemal verval.

3. PUBERTEITSSKOLE.

Die belangrikheid van die puberteitsskole by die Basoeto lê hoofsaaklik in sy funksie as 'n „ rites de passage" , met ander woorde, die oorgang van die kind tot die volwasse stadium. Daar bestaan aparte institusies vir seuns en dogters, alhoewel die onderrig vir beide geslagte in groepe geskied.

Die seunsskool (mophato) kan op tweerlei wyse ontstaan. 'n Man wie se seun puberteit bereik, kan die saak by sy lokale kaptein aanmeld en verlof vra om 'n inisiasieskool te bou. Aan die ander kant kan 'n groep seuns onder mekaar besluit dat hulle nou gereed is om geïnisieer te word en hulle sal dan op 'n sekere dag van hulle werk wegbly en almal op 'n plek bymekaar kom, gewoonlik op 'n berg of 'n koppie.

Wanneer toestemming tot die bou van 'n skool verkry is, word dit van die kandidate verwag om materiaal te versamel vir die bou van 'n vertrek waarin hulle onderrig kan ontvang. Gedurende hierdie tyd word hulle saans na 'n afgesonderde plek geneem waar hulle van die liedere leer wat hulle gedurende hulle opleiding moet sing. Die leermeesters bestaan gewoonlik uit 'n aantal jong mans. Hierdie jong mans sal ook 'n hof op hulle eie vorm waarin die gedrag van die kandidate bespreek word en indien nodig ook gestraf word vir misstappe wat hulle begaan het. Intussen het die organiseerder van die skool reeds iemand gekry wat die besnydenis - operasie sal uitvoer.

Die opening van die skool word gekenmerk deur 'n formele seremonie by die lokale hoof se vergaderplek. 'n Os word aan die kaptein en ook aan die gaste geskenk wat dan geslag en geeet word. Die kaptein wys ook by die openingseremonie 'n persoon aan wat hom hom by die skool sal verteenwoordig.

Die volgende môre word die kandidate in die skool geinisieer deur die besnydenisseremonie. Na hierdie rituele openingsplegtighede begin die eintlike werksaamhede in die skool. Die periode van onderrig wissel gewoonlik van 2 - 3 maande.

Aan die seuns word veral geleer om hulle ouers te gehoorsaam. Hulle word bekend gestel met die reëls van senioriteit en respek. Verder word lojaliteit en onderdanigheid aan die kaptein beklemtoon. Die oes van die onderrig handel oor seksuele aangeleenthede. Al die instruksies word uitgevoer by wyse van liedere wat deur die kandidate gesing moet word. Hierdie sang duur somtyds dwarsdeur die nag. Smorens word die kandidate toegelaat om buite die skoolgebou te slaap, terwyl die res van die dag deurgebring word deur hout bymekaar te maak en kleinwild te jag.

Wanneer die onderrigperiode ten einde loop word die liggame van die kandidate met rooi klein besmeer en ontvang hulle nuwe komberse en wapens. Nadat die skoolgebou afgebrand is, keer hulle almal na hulle tuistes terug. Vir die daaropvolgende twee weke slaap hulle snags in die mans se vergaderplekke en bedags pas hulle beeste op. Na die twee weke verstreke is, word die klei van hulle liggame afgewas. Van hierdie oomblik af word hulle beskou as jong mans wat kan trou en vry kan rondbeweeg waar hulle wil, met ander woorde hulle is nou volwassenes.

Dwarsdeur hulle lewe word inisiante wat dieselfde skool bygewoon het, gebind deur sekere verpligtings wat indien verbreek word strafbaar is.

Informasie omtrent die inisiasie skole van dogters is nie baie volledig nie. Hulle skool duur etlike maande en hulle word onderrig deur getroude vrouens. Net soos in die geval van seuns ondergaan die dogters ook 'n rituele inisiasie. Gedurende die tydperk van onderrig word die liggaam bedek met 'n vaal - bruin klei. Hulle dra verde

gordels van gras en biesies gevleg terwyl die gesig ook met 'n grasmasker bedek word. Die algemene onderrig het veral te doen met seksuele aangeleenthede en die gedrag teenoor mans.

Hierdie onderrig geskied net soos in die geval van die seuns deur middel van liedere wat deur die kandidate gesing moet word.

4. RELIGIEUSE GELOWE.

Bonatuurlike kragte word deur primitiewe volke op tweerlei wyse voorgestel naamlik:-

(i) Persoonlike Supernaturalisme, waar die bonatuurlike voorgestel word in die persoonlike gestalte dit wil se as goddelike wese of gees van afgestorwenes.

(ii) Onpersoonlike Supernaturalisme, waar die bonatuurlike as onpersoonlike krag voorgestel word. Hierdie krag is latent aanwesig in die Skepping en kan deur die vaardigheid van die mens losgemaak word om óf ten goede óf ten nadeek van die mens gebruik te word.

(a) Persoonlike Supernaturalisme.

Dit is baie onwaarskynlik dat die Basoeto oorspronklik geglo het in die bestaan van 'n Goddelike Opperwese. Hulle het blykbaar geen konsep gehad van 'n God voor hulle in aanraking met sendelinge gekom het nie. Daar was geen dogma van 'n Goddelike Skepping van òf die aarde óf die mens nie. Hulle het geglo dat die aarde vir ewig bestaan het. Hulle het wel geglo dat mens en dier later sy ontstaan gehad het, maar het geen besef gehad op watter wyse nie.

Hulle het tog 'n begrip van iets boos wat sy bestaan in die aarde gehad het en bekend was as „ moremo". Hierdie „moremo"

was verantwoordelik vir alles wat sleg was en kwaad veroorsaak het. Hy het weerlig as middel gebruik om mense mee dood te maak, met ander woorde hierdie krag het beheer gehad oor die natuur.

Kenmerkend van die Basoeto se geloof, net soos onder alle ander Bantoe, is die geloof in voorvadergeeste en hulle erkenning deur religieuse seremonies en rituseel. Hulle glo naamlik dat die mens uit twee dele bestaan, 'n siel en 'n liggaam. Die siel word op verskillende maniere voorgestel soos byvoorbeeld wind en skaduwee. Die gees word beskou as onsterflik. As 'n persoon te sterwe kom beteken dit dat sy siel die liggaam ontvlug het, Die siel bly verder voortbestaan en is eintlik die persoonlikheid van die indiwidu wat voortbestaan. Die siel van 'n afgestorwene bly vir 'n tyd lank in die omgewing van die graf en daarna gaan dit vir altyd na die geesteswereld. Hierdie geesteswereld by die Basoeto bekend as „ mosima" is volgens hulle binne in die aarde geleë. Dit is 'n wereld met groen valleie en het verder dieselfde karakter as die aardse woning.

Terwyl „ moremo" die verpersoonliking is van alles wat sleg is, en verantwoordelik gehou word vir alle ongelukke, hou die voorouergeeste wag oor die mense op die aarde. Die wyse waarop hierdie voorouergeeste behandel word is een van groot respek en eerbied. So word daar dan vir die voorouergeeste kos in 'n hut geplaas wat hulle gedurende die nag kom eet. Na 'n suksesvolle oes word die voorouergeeste weer vereer deur offerandes wat aan hulle gebring word.

Die Basoeto glo vandag nog aan die voorvadergeeste, maar hierdie geloof het verskeie veranderings ondergaan. Selfs die heidene vandag van 'n Oppermagtige wese „ molimo" wat in die lug woonagtig is. Hulle glo dat die voorouergeeste saam met die Oppermagtige in die lug woon. Waar die Sotho geloof vroeër slegs rondom voorvadergeeste gesentreerd was, word dit vandag verdeel tussen die Oppermagtige en die voorvadergeeste.

Die wyse waarop die Oppermagtige genader word is deur middel van die voorvadergeeste wat dan weer op hulle beurt die wense van die aardse bewoners aan hom moet oordra.

Die Christendom is in 1833 vir die eerste keer in Basoetoland deur lede van die Parysee Sendinggenootskap verkondig. Die Roomse - en Engelse Kerk het eers sowat dertig tot veertig jaar later Sending werk in Basoetoland begin doen. Vir die Basoeto lê die belangrikheid van die Christelike Sendinggenootskappe veral daarin dat daar verskeie opvoedkundige inrigtings vir hulle geskep is.

(b) Onpersoonlike Supernaturalisme:

Genesing, magie en towerry speel 'n baie belangrike rol in die lewe van die Basoeto en vorm een van die mees uitstaande kenmerke van hulle kultuur. Die Basoeto maak gewoonlik slegs 'n onderskeid tussen genesing en towerry.

(1) Genesing van die sieke:

By die Basoeto word diagnose en behandeling deur verskillende persone beoefen. 'n Siek persoon word eers na 'n diagnoser geneem wat dan die aard van sy siekte wasstel en hom aanbeveel na wie hy moet gaan.

Daar is veral drie tipes van diagnosers. Die eerste is die gewone dokter of ngaka wat 'n baie belangrike persoon in die gemeenskap is. Hy is die persoon wat siekes diagnoseer en medisyne voorskryf wat gebruik moet word. Hy is ook in staat om mense teen toordokters te beskerm. Dan is daar die „ litaolo" of ook algemeen bekend as dolosgooiers.

Hulle gebruik dolosse wat dan vir hulle 'n aanduiding gee wat met 'n persoon verkeerd is of watter persoon verantwoordelik is vir 'n iemand se siekte ens. Daar is ook

'n derde tipe van waarseêr naamlik die „ senoke" of siener. Hy is 'n persoon wat die toekoms voorspel en is ook 'n diagnoser.

(2) Beheer om Regulering van Natuurkragte:

Basoetoland ondervind soms hewige storms in die vorm van hael en oorstromings wat groot skade aanrig. Vir die beheer van hierdie kragte bestaan daar dan ook sekere tegnieke.

Elke huis word met medisyne gedokter om dit teen weerlig te beskerm. In teenstelling met die behandeling van weerlig, is die aard van reenmakery baie geheimsinnig. Gedurende groot droogtes sal die mense hulle kaptein nader en vra om 'n „ monnesapula" of reëndokter in te roep. Wanneer so 'n man gevind word sal hy na die kaptein gaan en hom sy instruksies gee. Op die gegewe dag sal die reëndokter vir hom 'n riethuisie naby die hut van die kaptein bou. Al die mans van die stat word dan beveel om te gaan jag en alles dood te maak wat hulle teenkom. Die karkasse van die dooie diere word dan vir die dokter gebring en daar word 'n fees gehou waar die voorvaders versoek word om reën te stuur.

Daar word ook 'n ander prosedure gevolg met die doel om dit te laat reën. 'n Meidjie steel die roerstok van 'n naburige stat en probeer dan daarmee weghardloop sonder dat hulle haar vang. In tye van droogte beveel ouers hulle kinders om die spel te speel as deel van die reënseremonie.

(3) Beskerming van persoon en eiendom:

Behalwe vir die medisyne in die huis wat dit teen weerlig moet beskerm, word daar ook medisyne in die fondament van die huis begrawe. Die doel hiervan is om te verhoed dat persone so 'n huis mag binnekom met slegte bedoelings. Indien so 'n persoon die huis sou binnekom , sal hy flou neerval en sy identiteit bekend maak. Verder dra persone ook gedurig medisyne en amulette by hulle om hulle te beskerm , veral as hulle op reis gaan.

(4) Toordery:

Towery soos dit onder die Basoeto voorkom is hoofsaaklik passief van aard. Die dogma en ritueel daaraan verbonde, het slegs betrekking op die slagoffer en nie op die beoefenaar daarvan nie. Toordokters staan bekend as " baloi" . Hulle maak gebruik van sekere soort medisynes wat antisosiale gevolge het. Daar is voorheen geglo dat die "baloi" beheer gehad het oor die natuur, en die gemeenskap kan beinvloed deur middel van droogtes en haelstorms, maar die Basoeto glo vandag dat alleen die „ molimo" beheer het oor die natuur.

Heksery kom veral onder vrouens voor. Die mees uitstaande kenmerk van die hekse is dat hulle intieme vriende het onder die diere. Die tipiese gedrag van die hekse is om snags in die hutte van ander persone in te gaan en alles om te krap. Die hekse het ook die mag om te vlieg en wel in die vorm van 'n „ thokolosi". Die „ thokolosi" is alombekend in Suid - Afrika. Dit word aanvaar dat hy 'n baie klein maar kragtige mannetjie is wat mense molesteer. Hy word veral verantwoordelik gehou vir vroue se seksuele moeilikheid. Die Basoeto se regstelsel laat toe dat daar teen persone wat hulle skuldig maak aan kwaadwillige toordery opgetree kan word. Dit word dan ook aan 'n euwel beskou om skuldig te word van toordery en heksery.

(5) Algemene Ekonomiese lewe van die Basoeto:

Voor die Basoeto in kontak met die Blankes gekom het, het hulle baie min materiële behoeftes gehad. Elke familie het as t' ware 'n selfonderhoudende ekonomiese eenheid gevorm. Elke familie het vir homself gesorg. Hulle kos het hulle self geproduseer en hulle klere het bestaan uit die verwerkte huide van die vee. Alle ander materiële behoeftes soos implemente het hulle self vervaardig.

Hierdie toestand is egter verander as gevolg van Europese invloede. Daar het nuwe behoeftes by die Basoeto ontstaan wat nooit

voorheen bekend was nie. Hulle smaak wat kleredrag betref, het verander. Die gevolg was dat daar handelsbetrekkinge ontstaan het tussen die Basoeto en Blankes waardeur die Basoeto die nuwe benodighede kan bekom.

Die Basoeto is in wese nie 'n landbouvolk nie. Tyd en ekonomiese noodsaaklikheid is egter stadig besig om die ou ekonomiese patroon van die Basoeto te modifieer en hulle erken vandag self dat landbou die slagaar van hulle bestaan vorm, of soos hulle dit stel: "die rykdom van die Basoeto is sy grond".

Hulle verbou verskillende graansoorte waarvan koring, mielies en kafferkoring die belangrikste is. Kafferkoring is eintlik die tradisionele produk. Elke huisgesin bewerk self sy grond. Daar word ook gebruik gemaak van georganiseerde kooperatiewe werkpartye. 'n Man nooi sy bure en vriende om hom met sy werk te kom help. As kompensasie ontvang die mense dan kos of bier. Hierdie werkery gaan gewoonlik gepaard met sang.

Al die grond in Basoetoland behoort aan die Opperhoof en hy is verantwoordelik vir die kontrole en eksploitasie daarvan. Elke lid van die Basoetonasie is geregtig op 'n stuk grond, wat weiveld en landbougrond insluit.

Behalwe die landbou, speel veeboerdery 'n belangrike rol in Basoetoland. Beeste, perde, donkies en skape word dan ook orals aangetref. Interessant in verband met beesboerdery is dat die beeskraal taboo is vir vrouens. Vrouens mag nie naby die beeskraal kom solank die beeste daarin is nie.

Jag as sport sowel as wyse van voedselversameling is verder van belang by die Basoeto. Dit is veral die jonger geslag wat dikwels op jagtogte uitgaan.

Die patroon van die Basoeto se alledaagse lewe is baie eenvoudig. Met dagbreek staan almal in die huis gewoonlik op, die slaapmatte word opgerol en die vrou begin met die voorbereiding van ontbyt. Intussen gesels die man met sy bure oor alledaagse dinge. Die ontbyt bestaan gewoonlik uit pap. Die res van die dag bring die man in of die vergaderplek van die mans of in sy lande deur. Die beeste van die huisgesin word deur die seuns versorg. Die vrou se daaglikse taak is heelwat moeiliker as die van die man. Sy moet die huishouding waarneem , kos voorberei en ook nog haar deel op die landery doen.

.....

HOOFSTUK 3.

DIE GESIN BY DIE BASOETO - PLAASARBEIDERS.

1) STATISTIESE GEGEWENS IN VERBAND MET MONSTERGESINNE.

Die begrip „ gesin" het onder die Bantoe 'n baie wyer betekenis as wat dit die geval onder ons blankes is. By ons sluit die gebrip „ gesin" alleen die vader, moeder en die kinders in, maar by die Bantoe is dit heeltemal 'n ander geval. Hier kan die gesin 'n hele aantal persone insluit wat volgens ons begrip van die woord glad nie by die gesinseenheid ingesluit word nie.

Daar is verskillende faktore wat meewerk tot hierdie wyer betekenis van die begrip „ gesin" onder die Bantoe. Ons het in die vorige hoofstuk gesien dat die algemene huwelikvorm onder die Basoeto monogaan is, maar dat poligene huwelike ook voorkom. In die geval van die poligenie dus, waar die man meer as een vrou het, sluit die gesin persone in wat nie aan dieselfde kroosgroep behoort nie. Gestel die man het twee vrouens, A en B. Die kinders van A en B word volgens die Basoeto begrip van „ gesin " beskou as broers en susters, alhoewel hulle in werklikheid slegs half- broer-en susters is. Die feit dat hulle wel as broer en suster beskou word, word duidelik weerspieel in hulle verwantskapsbenaminge. Die verwantskapstelsel onder die Basoeto is net soos by alle ander Bantoe klassifiserend van aard, met ander woorde elke verwantskapterm is nie net van toepassing op een persoon nie , maar wel op 'n hele groep van persone. So spreek die kinders van die twee vroue mekaar aan as broer en suster. Verder beskou die kinders van A , vrou B ook as hulle moeder en dieselfde geld vir die kinders van vrou B teenoor vrou A. Die vrouens word dan ook deur al die kinders as moeder aangespreek. Al sou die man ook tien vroue he, sou die toestand nog presies dieselfde bly. Al die kinders sou mekaar broer en suster noem, en al die vrouens sou deur die kinders as moeder aangespreek word. Soos later sal blyk, is daar by die monstergesinne ook een geval gevind van poligenie.

Daar is ook verskeie ander faktore wat verantwoordelik is vir hierdie wyer betekenis van die begrip „ gesin". Soos dan ook by die monstergesinne gevind is. In die een geval byvoorbeeld wat teegekom is, was die „ bogadi" vir 'n dogter nog nie in geheel oorgedra aan die vrou se familie nie. Die vader het derhalwe twee van haar kinders as sekuriteit geneem. In ander gevalle weer, werk die gesinshoof se getroude seun miskien in die stad terwyl dié se vrou en kinders by sy ouers inwoon, of 'n man het sy vrou verlaat en nou bly die vrou en haar kinders by een van haar familielede. Soos hieruit blyk kan die gesin by die Basoeto dus 'n groot verskeidenheid van persone insluit. Al hierdie persone word outomaties ingesluit in die kontrak wat tussen werkgewer en gesinshoof aangegaan word by sy indiensneming.

(a) Identifikasie van Monstergesinne:

In die volgende tabel word 'n aanduiding gegee van die persone wat die ouerpaar binne die monstergesinne is, hul geboorteplek, ouderdom, huidige woonplaas en stamverband:

TABEL 1. GESINSGEGEWENS.

No.	Gesin.	Geboorteplek	Ouderdom.	Plaas.	Stamverband.
1. M	Thilepi	Clocolan	27	Rondekoppie	Suid-Sotho
V	Mamabao	Clocolan	20	"	"
2. M	Kombers	Basoetoland	60	"	"
V	Adelina	Exselsior	50	"	"
3. M	Tulu	Ladybrand	30	"	"
V	Matseie	Ladybrand	25	"	"
4. M	Andries	Winburg	30	"	"
V	Sanna	Ladybrand	28	"	"
5. M	Piet	Basoetoland	30	"	"
V	Maria	Ladybrand	25	"	"
6. M	Fubu	Ladybrand	40	"	"
V	Magonso	Clocolan	35	"	"
7. M	Daniel	Ladybrand	28	de Villierskamp	"
V	Morowery	Clocolan	20	"	"
8. M	Jack	Clocolan	32	"	"
V	Tesebo	Clocolan	25	"	"
9. M	Jan	Marquard	40	"	"
V	Sofie	Bloemfontein	35	"	"
10. M	Jakop	Ladybrand	40	Marakabi	Xhosa
V	Mophoso	Clocolan	30	"	Suid - Sotho
11. M	Simon	Smithfield	60	"	"
V	Mahlaleng	Clocolan	50	"	"
12. M	Josef	Basoetoland	60	"	"
V	Matabo	Basoetoland	50	"	"
13. M	Clarence	Ventersburg	25	"	"
V	Letea	Clocolan	20	"	"
14. M	Andries	Ladybrand	35	"	Xhosa
V	Silina	Clocolan	30	"	Suid - Sotho
15. M	Daniel	Hobhouse	28	Dresden	"
V	Pani	Clocolan	25	"	"

TABEL 1. (Vervolg)

No.	Gesin.	Geboorteplek.	Ouderdom	Plaas.	Stamverband.
16 M	Thabo	Basoetoland	29	Dresden	Suid - Sotho
V	Maneo	Clocolan	28	"	"
17 M	Daniel	Uitenhage	65	"	Kleurling
V	Maria	Rouxville	50	"	Suid - Sotho
18 M	Molele	Basoetoland	65	"	"
V	Selwani	"	55	"	"
19 M	Mosetipe	"	24	"	"
V	Maria	Clocolan	20	"	"
20 M	Nchatshe	Basoetoland	40	"	"
V	Masteko	"	35	"	"
21 M	Levo	Clocolan	30	Sunnyside	"
V	Fransina	Marquard	20	"	"
22 M	Piet	"	40	"	"
V	Alina	Clocolan	30	"	"
23 M	Bobbejaan	"	65	"	"
V	Adelina	"	60	"	"
24 M	September	"	50	"	"
V	Suurlemoen	Wepener	40	"	"
25 M	Sillo	Ficksburg	30	Alma	"
V	Maria	Clocolan	23	"	"
26 M	Abraham	"	65	"	"
V	Sara	Basoetoland	55	"	"
V	Silina	Clocolan	60	"	"
27 M	Dawid	Thaba 'Nchu	60	"	"
V	Paulina	Basoetoland	50	"	"
28 M	Kleinbooi	"	35	Marakabi	"
V	Matsiediso	Clocolan	28	"	"
29 M	Molifi	Winburg	35	Vine Villa	"
V	Pauline	Tweespruit	20	"	"
30 M	Boy	Marquard	28	"	"
V	Modeie	Tweespruit	20	"	"

TABEL 1: (Vervolg)

No.	Gesin	Geboorteplek	Ouderdom	Plaas	Stamverband
31 M	Sam	Senekal	60	Vine Villa	Suid - Sotho
V	Rosa	"	45	"	"
32 M	William	Marquard	40	"	"
V	Meidjie	"	30	"	"
33 M	Piet	Wepener	32	"	"
V	Alina	Marquard	24	"	"
34 M	Swartland	Clocolan	40	Ananiël	"
V	Sara	Winburg	30	"	"
35 M	Mossie	Senekal	30	"	"
V	Anna	Marquard	25	"	"
36 M	Geelbooi	"	55	"	"
V	Letia	"	50	"	"
37 M	Hotnot	Ficksburg	30	"	"
V	Elisa	Marquard	20	"	"
38 M	Jantjie	"	30	"	"
V	Anna	"	20	"	"
39 M	Swartland	"	28	"	"
V	Sara	"	20	"	"
40 M	Silo	Ficksburg	45	Arcadia	"
V	Silina	Marquard	35	"	"
41 M	Samuel	Basoetoland	55	"	"
V	Sara	"	35	"	"
42 M	Willem	Marquard	30	"	"
V	Liesbet	"	22	"	"
43 M	Jonas	"	30	"	"
V	Lettie	"	25	"	"
44 M	Jim	Basoetoland	70	"	"
V	Maria	"	50	"	"
45 M	Kleinbooi	"	30	"	"
V	Mamatopi	Clëcolan.	25	"	"

TABEL 1: (Vervolg)

No.	Gesin.	Geboorteplek	Ouderdom.	Plaas	Stamverband.
46 M	Jan	Basoetoland	40	Arcadia	Suid - Sotho
V	Agnes	"	30	"	"
47 M	Geelbooi	Marquard	65	"	"
V	Elisa	Clocolan	50	"	"
48 M	Jan	Basoetoland	75	"	"
V	Marieta	Cloclan	55	"	"
49 M	Voorslag	Marquard	25	Annaedal	"
V	Neply	"	20	"	"
50 M	Dawid	Winburg	30	"	"
V	Maria	Marquard	20	"	"

Bostaande gegewens weerspieel baie duidelik die oorheersende etniese groep by die gesinne naamlik die Suid - Sotho. Slegs ses persent van die mans behoort nie aan die Suid - Sotho nie. 4% behoort aan die Xhosa - groep en slegs 2% is kleurlinge. Daarteenoor behoort 100% van die vroue aan die Suid - Sotho.

Dit blyk dat 22% van die mans en 12% van die vrouens in Basoetoland gebore is, terwyl die res almal binne die monstergebied of in aangrensende distrikte gebore is. Soos reeds gemeld is slegs een kleurling in die monster. Hy is in die distrik Knysna gebore en het saam met sy ouers na die Vrystaat getrek. Volgens hom het sy pa die spoorlyn van Port Elizabeth na Bloemfontein help bou en die gesin het hulle toe in die Vrystaat gevestig. Hy is met 'n Suid - Sotho-vrou getroud, en het reeds so gemeng met die Basoetos dat hy feitlik as 'n Basoeto beskou kan word. Die ander twee gevalle wat aan die Xhosa - groep behoort , is egter binne die monstergebied gebore, maar volgens hulle kom hulle ouers uit die Oostelike - Provinsie. Hulle is ook met Sothovroue getroud en praat Sotho.

Die mans en vroue wat wel in Basoetoland gebore is, het egter reeds gedurende hulle kinderdae Basoetoland verlaat en hulle in die huidige verblyfsgebied gevestig met die gevolg dat hulle geen verbintenisse het met Basoetoland nie. Baie van die gesinne is reeds vir jare in diens van die betrokke boere by wie hulle op die oomblik werksaam is. Daar is sommige van hulle wat selfs vir meer as 'n geslag lank op een plaas woon.

(b) <u>Getallesamestelling van die Gesinne:</u>

Die volgende tabel gee die getalle - samestelling van die monstergesinne:

TABEL 2 : SAMESTELLING VAN DIE MONSTERGESINNE (1)

Gesin No.	Egpaar		Kinders		Totaal	Familie-betrekkinge	Totaal.
	M	V	M	V			
1	1	1	-	-	2	-	2
2	1	1	3	3	8	-	8
3	1	1	3	1	6	2	8
4	1	1	1	2	5	-	5
5	1	1	2	1	5	-	5
6	1	1	-	-	2	-	2
7	1	1	1	1	4	-	4
8	1	1	2	4	8	-	8
9	1	1	3	3	8	1	9
10	1	1	1	-	3	3	6
11	1	1	-	1	3	1	4
12	1	1	3	1	6	-	6
13	1	1	1	-	3	-	3
14	1	1	2	-	4	-	4
15	1	1	2	1	5	1	6
16	1	1	3	4	9	-	9
17	1	1	-	1	3	1	4
18	1	1	1	1	4	2	6
19	1	1	-	-	2	-	2
20	1	1	3	3	8	-	8
21	1	1	-	-	2	-	2
22	1	1	2	3	7	-	7
23	1	1	-	2	4	-	4
24	1	1	5	5	12	-	12
25	1	1	3	-	5	-	5
26	1	2	-	-	3	3	6
27	1	1	2	-	4	2	6
28	1	1	2	1	5	6	11
29	1	1	1	1	4	1	5
30	1	1	-	1	3	-	3

TABEL 2 : (Vervolg)

Gesin No.	Egpaar		Kinders		Totaal	Familie - betrekkinge	Totaal.
	M	V	M	V			
31	1	1	-	-	2	3	5
32	1	1	2	2	6	-	6
33	1	1	1	2	5	3	8
34	1	1	-	-	2	-	2
35	1	1	-	-	2	-	2
36	1	1	4	1	7	-	7
37	1	1	-	1	3	-	3
38	1	1	-	-	2	-	2
39	1	1	-	-	2	-	2
40	1	1	5	1	8	1	9
41	1	1	-	-	2	3	5
42	1	1	1	-	3	-	3
43	1	1	1	-	3	-	3
44	1	1	-	-	2	-	2
45	1	1	2	-	4	-	4
46	1	1	3	1	6	-	6
47	1	1	3	-	5	-	5
48	1	1	-	1	3	-	3
49	1	1	-	-	2	-	2
50	1	1	-	1	3	-	3
TOTAAL:-	50	51	68	50	218	33	251

Van die monstergesinne is daar volgens hierdie tabel 15 gesinne waar familiebetrekkinge ook deel uitmaak van die gesin, naamlik by gesinne No.3,9,10,11,15,17,18,26,27,28,29,31,33 en 40, en 41.

1) Daar moet op gewys word dat hierdie tabel alleen kinders insluit wat nog by hulle ouers inwoon.

By gesin 3 woon die gesinshoof se ouerpaar. By gesin 9 woon die gesinshoof se ma by die gesin. By gesin 10 woon 'n geskeide suster van die gesinshoof en haar twee kinders, by hom in. By gesin 11 woon 'n kleinkind van die gesinshoof omdat daar nog van die „ bogadi" uitstaande is. By gesin 15 woon die gesinshoof se ma by hom. By gesin 17 woon die vrou se susterskind by die gesin in. By gesin 18 woon twee kleinkinders by die gesin in. By gesin 26 woon drie klein - kinders by die gesin in. Hulle ouers werk in Johannesburg. By gesin 27 woon ook twee kleinkinders by die gesin in. By gesin 28 woon die gesinshoof se ma en twee van haar kinders, asook drie van die gesinshoof se susters wat dood is se kinders. By gesin 29 woon die gesinshoof se ma by hom. By gesin 31 woon drie kinders van die gesinshoof se broer. By gesin 33 woon die gesinshoof se ma en geskeide suster en haar een kind. By gesin 40 woon die gesinshoof se ma . By gesin 41 woon drie susters - kinders van die gesinshoof.

Volgens die tabel lei 'n mens af dat die gemiddelde grootte van die monstergesinne vyf is.(1)

c) Ouderdomsgroepe van mans en vrouens:

Die ouderdomme van die mans en vrouens - kan volgens groepe as volg ingedeel word:

TABEL 3 : OUDERDOMSGROEPE VAN MANS EN VROUENS:

	60 - 100	50 - 59	40 - 49	30 - 39	20- 29
Mans	12	2	10	17	9
Vrouens	2	11	2	11	25

1) Dit sluit in ouerpaar, ongetroude kinders en familiebetrekkinge.

Volgens bostaande tabel val die grootste aantal mans in die ouderdomsgroep van 30 - 39 jaar naamlik 34% en die kleinste aantal in die groep 50 - 59 jaar naamlik 4%. Die gemiddelde ouderdom van die mans is 41 jaar (1)

Die grootste aantal vrous val in die ouderdomsgroep 20 -29 jaar naamlik 49% , terwyl 3.9 % van die vrouens in die groep 60 jaar en hoer val en 3.9% in die groep 40 - 49 jaar. Die gemiddelde ouderdom van die vrouens is 32 jaar. (2) Dit blyk dus dat die vrouens oor die algemeen heelwat jonger is as die mans. Hier kan net gemeld word dat die ouderdomme nie volkome korrek is nie, veral die ouderdomme van die vr vrouens want baie van hulle weet nie hulle presiese ouderdomme nie en kan slegs 'n aanduiding gee wanneer hulle min of meer gebore is. Die gevolg is dat baie van die ouderdomme slegs na skatting gemaak is.

(d) <u>Kinders van die Monstergesinne:</u>

Die volgende tabel gee 'n aanduiding van die kinders van die monstergesinne, getroud, ongetroud sowel as kinders wat dood is.

1) Vergelyk Tabel 1.

2) Ibid.

TABEL 4 : KINDERS VAN DIE MONSTERGESINNE:

Gesin.	Seuns.		Dogters.		Dood.	TOTAAL.
	Getroud	Ongetroud	Getroud	Ongetroud		
1	-	-	-	-	-	-
2	1	3	2	3	-	9
3	-	3	-	1	2	4
4	-	1	-	2	-	3
5	-	2	-	1	-	3
6	-	-	-	-	-	-
7	-	1	-	1	-	2
8	-	2	-	4	-	6
9	-	3	-	3	-	6
10	-	1	-	-	-	1
11	1	-	3	1	-	5
12	-	3	-	1	3	4
13	-	1	-	-	-	1
14	-	2	-	-	-	2
15	-	2	-	1	-	3
16	-	3	-	4	-	7
17	-	-	-	1	-	1
18	3	1	3	1	1	8
19	-	-	-	-	-	-
20	1	3	1	3	-	8
21	-	-	-	-	-	-
22	-	2	-	3	-	5
23	3	-	1	2	2	6
24	-	5	-	5	-	10
25	-	3	-	-	-	3
26	6	-	4	-	1	10
27	1	2	7	-	-	10
28	-	2	-	1	1	3
29	-	1	-	1	-	2
30	-	-	-	1	-	1

TABEL 4 : (Vervolg)

Gesin.	Seuns.		Dogters.		Dood.	TOTAAL
	Getroud	Ongetroud	Getroud	Ongetroud		
31	-	-	-	-	-	-
32	-	2	-	2	-	4
33	-	1	-	2	-	3
34	-	-	-	-	-	-
35	-	-	-	-	-	-
36	2	4	-	1	-	7
37	-	-	-	1	-	1
38	-	-	-	-	-	-
39	-	-	-	-	1	-
40	1	5	-	1	-	7
41	-	-	-	-	-	-
42	-	1	-	-	-	1
43	-	1	-	-	-	1
44	2	-	1	-	1	3
45	-	2	-	-	-	2
46	-	3	-	1	-	4
47	1	3	3	-	-	7
48	1	-	2	1	-	4
49	-	-	-	-	-	-
50	-	-	-	1	-	1
TOTAAL:	23	68	27	50	12	168

Volgens bostaande blyk dit dat die gemiddelde aantal kinders per huisgesin ongeveer 3 is. Hierby moet egter gevoeg word dat 22% van die huisgesinne nie kinders het nie. Soos uit tabel 3 blyk, is die gemiddelde ouderdomme vir die mans en vrouens taamlik laag en dit is dus te verstane dat hulle nog nie baie kinders sal he nie.

Verder kan afgelei word dat 54% van die totale aantal kinders uit seuns bestaan. 74% van die seuns en 64% van die dogters is nog ongetroud. Al die ongetroude kinders woon by hulle ouers terwyl die getroudes meestal in dieselfde distrik of aangrensende distrik woon.

Volgens die „ Verslag" van 'n ondersoek wat ingestel is onder beskerming van die Suid - Afrikaanse Instituut vir rasseverhoudings oor plaasarbeid in die Oranje - Vrystaat in 1939, word die volgende bewering gemaak: „ Met inagneming van die groter sterftesyfer onder die naturellekinders, skyn daar geen grond te wees om aan te neem dat naturelle - gesinne op plase groter is as blanke gesinne nie." Volgens bostaande tabel is daar by die monstergesinne slegs twaalf sterfgevalle onder kinders oor 'n tydperk van baie jare aangetref. Volgens die „ Verslag" is die sterftesyfer onder naturellekinders baie hoog, maar volgens bostaande tabel blyk dit nie die geval te wees nie.

Volgens die tabel skyn die gemiddelde aantal kinders per gesin vir die monster naamlik 3 nie baie hoog te wees nie, maar die feit dat die ouderdomme van die ouerpare soos uit Tabel 1 blyk, taamlik laag is, moet hiervoor verantwoordelik gehou word.

2. <u>HUwelikstipes van die plaasarbeiders:</u>

Die huwelikstipes onder die plaasarbeiders kom in hoofsaak ooreen met die huwelikstipe wat in die vorige hoofstuk beskryf is, naamlik die ou tradisionele, bogadi" huwelike, waar oorhandiging van artikels (in hierdie geval beeste of hulle waarde in geld), tussen twee groepe geskied by die huwelik van 'n man uit die een groep met 'n vrou uit 'n ander groep.

Onderstaande tabel gee 'n aanduiding van die huwelikstipes onder die monstergesinne :-

TABEL 5 : HUWELIKSTIPES VAN MONSTERGESINNE:

Gesin.	Kerklik	Siviel	Tradisioneel	Aard van Bogad
1			X	Beeste
2			X	Beeste
3			X	Beeste en per de
4			X	Beeste
5			X	Beeste
6			X	Beeste
7			X	Beeste
8			X	Beeste
9			X	Beeste
10			X	Beeste
11			X	Beeste
12			X	Beeste
13			X	Beeste
14			X	Beeste
15			X	Beeste & per-de
16			X	Beeste
17			X	Beeste
18			X	Beeste en per de
19			X	Beeste
20			X	Beeste
21			X	Beeste
22			X	Beeste
23			X	Beeste en per de
24			X	Beeste
25			X	Beeste en geld
26			X	Beeste
27			X	Beeste
28			X	Beeste
29			X	Beeste
30			X	Beeste en geld

TABEL 5 : (Vervolg)

Gesin	Kerklik	Siviel	Tradisioneel	Aard van Bogadi.
31			X	Beeste
32			X	Beeste en geld
33			X	Beeste
34			X	Beeste
35			X	Beeste & perde
36			X	Beeste
37			X	Beeste en geld
38			X	Beeste
39			X	Beeste en perde
40			X	Beeste
41			X	Beeste
42			X	Beeste
43			X	Beeste
44			X	Beeste en perde
45			X	Beeste
46			X	Beeste
47			X	Beeste
48			X	Beeste
49			X	Beeste
50			X	Beeste
	-	-	50	

Volgens die tabel kon dus duidelik gesien word dat die algemene huwelikstipe by die monstergesinne die ou tradisionele naamlik die „ bogadi" - huwelik is. 100% van die gesinne is volgens die „ bogadi" huwelik getroud. Die mees algemene aard van die „ bogadi" is beeste terwyl gesinne Nos. 25, 30, 32 en 37 ook geld in plaas van beeste betaal het. Gesinne Nos. 3, 15, 18, 23, 35, 39 en 44 het ook perde as deel van die „ bogadi" betaal.

In die vorige hoofstuk is ook melding gemaak van poligene huwelike met ander woorde waar die man met meer as een vrou trou. Poligene huwelike kom by plaasarbeiders baie selde voor en daar is slegs een gesin gevind waar die man twee vrouens het .(1) Dit was ook een van die gesinne waarvan die man en sy vrouens bejaard was. Monogame huwelike blyk dus oorheersend te wees onder plaasarbeiders, en waar poligene huwelike nog gevind word, sal dit altyd by die ouer naturelle wees.

Wanneer 'n man en vrou besluit het om te trou, word daar tussen die twee familie groepe ooreen gekom oor die „ bogadi" wat aan die groep van die bruid oorhandig moet word. Die minimum vir die eerste paaiement is gewoonlik ses beeste of hulle waarde in geld. In plaas van beeste kan perde gegee word. Die totale„bogadi" is gewoonlik tien beeste en na die eerste paaiement van ses oorhandig is, word die res met verloop van tyd oorgedra. Indien daar na die sin van die bruid se groep te lank getalm word met die oorhandiging van die „bogadi" , kan hulle as sekuriteit een of twee van haar kinders wat uit die huwelik gebore word, neem.

Die man word gewoonlik, indien hy nie self genoeg beeste het om te betaal nie, deur sy vader bygestaan.

1) Vergelyk Tabel 1 huisgesin No. 26.

Sover vasgestel kon word bestaan daar onder plaasarbeiders geen vorm van voorkeurhuwelike nie. 'n Uitsetting van hierdie tipe van huwelike is reeds in die vorige hoofstuk gegee.

3. Verwantskap tussen plaasarbeiders:

Dit is kenmerkend by plaasarbeiders dat familielede saam op dieselfde plaas of op aangrensende plase woon. Dit het ook baie duidelik geblyk by die monstergesinne. So is gevind dat :

(i) By huisgesin No. 1 die man se ouers op dieselfde plaas woon.

(ii) By huisgesin No. 2 daar twee broers van die man op dieselfde plaas woon.

(iii) By huisgesin No. 8 die man se broer op dieselfde plaas woon.

(iv) By huisgesin No. 36 daar twee getroude seuns van die gesin op dieselfde plaas woon.

(v) By huisgesin No. 44 'n getroude seun en dogter op dieselfde plaas woon.

(vi) By huisgesin No. 46 die man se broer op dieselfde plaas woon.

(vii) By huisgesin No. 47 daar een van die man se getroude seuns op dieselfde plaas woon.

(viii) By huisgesin No. 48 daar een van die man se getroude seuns op dieselfde plaas woon.

Dit blyk dus baie duidelik hieruit dat veral getroude seuns op dieselfde plaas bly as hul ouers. Die seuns is ook gewoonlik getroud met 'n vrou wie se ouers op dieselfde plaas of op 'n aangrensende plaas woon. Bogenoemde gevalle is slegs by die monstergesinne gevind, maar dit is 'n verskynsel wat algemeen onder die plaasarbeiders voorkom. Dit is opmerklik dat indien byvoorbeeld die vader die plaas sou verlaat en op 'n ander plaas gaan bly, die seuns hom gewoonlik daarheen volg.

As gevolg van die feit dat daar so 'n ondertrouing tussen families op dieselfde plaas en op aangrensende plase plaasvind, vind 'n mens later 'n hele aantal families op aangrensende plase wat deur ondertrouing aan mekaar verwant is.

4 : Verspreiding van Gesinne op plase:

Die monstergesinne wat op verskillende plase uit die verskillende distrikte as verteenwoordigend geneem is, verteenwoordig nie die totale aantal gesinne op daardie betrokke plase nie, maar vorm slegs 'n deel van die aantal gesinne wat op die betrokke plase woonagtig is. Die aantal gesinne wat op 'n plaas werksaam is, wissel aansienlik van plaas tot plaas. Die aantal gesinne op 'n plaas word bepaal deur die grootte van die plaas en die hoeveelheid arbeiders wat 'n boer nodig het om die werk op sy plaas te kan verrig.

Die aantal huisgesinne op die plaas waaruit die monster geneem is wissel van 7 tot 12 gesinne per plaas. Volgens tabel 2 is die gemiddelde grootte van die monstergesinne 5. Met ander woorde die aantal naturelle op die plase wat ons verteenwoordigend geneem is, wissel van ongeveer 35 tot 55 persone. Hiervan sal daar ongeveer 7 - 12 mans wees , 7 - 12 vrouens en ongeveer 25 - 35 kinders. Daar is natuurlik ook uitsonderlike gevalle waar boere baie groot plase het en daar tot sowat twintig of selfs meer huisgesinne op so 'n plaas aanwesig is.

In die monsterarea is die verhouding van naturelle op die platteland teenoor die van die blankes op die platteland ongeveer 7 - 9 teenoor elke blanke. Die verhouding van naturelle vir die hele monstergebied teenoor al die blankes in die monstergebied is ongeveer 5 teenoor elke blanke.

Daar bestaan natuurlik geen beperking op die aantal gesinne wat 'n boer op sy plaas mag aanhou nie. Hier hang dit van die boer se diskressie af hoevel arbáders hy nodig het om sy werk te verrig en hoeveel arbeiders daar natuurlik beskikbaar is.

.....

HOOFSTUK 4.

ALGEMENE EKONOMIESE AANGELEENTHEDE VAN PLAASARBEIDERS.

(1) Tipe van Werk, Werkure en Werkdae van Plaasarbeiders.

In Hoofstuk 1 is reeds 'n uiteensetting gegee van die algemene landboubedryfsvorme in die monstergebied. Dit het geblyk dat die natuurlike gesteldheid in die gebied uiters geskik is vir landbou - en suiwelboerdery. Die werksaamhede op die plase wat in die distrikte Clocolan, en Ladybrand besoek is vir die monsteropname, is 'n duidelike weerspieeling van die toestand soos in Hoofstuk 1 beskryf is. Die plase is almal van gemiddelde grootte en die boerderymetodes is in die algemeen dieselfde. Naas die verbouing van verskillende graansoorte soos mielies en koring, word ook aartappels verbou en groot melmkerye kom op die plase voor.

Soos reeds in vorige Hoofstukke gemeld, het die boerderystelsel die afgelope aantal jare baie gemeganiseerd geraak met die gevolg dat daar hoofsaaklik met masjienerie gewerk word. Op die plase word feitlik glad nie meer van osse as trekdiere gebruik gemaak nie, en hulle word slegs gebruik vir ligte werk. Arbeiders op hierdie plase het dus hoofsaaklik te doen met masjienearbeid en melkery. Op elke plaas is dan ook 'n paar arbeiders wat hoofsaaklik met die masjiene werk, terwyl ander weer hoofsaaklik melkers is. Skaapboerdery speel op hierdie plase 'n baie geringe rol en skape word slegs aangehou vir die boer se eie behoeftes.

Op die plase in die distrikte Marquard en Senekal, is die toestand feitlik dieselfde as in die distrikte Clocolan en Ladybrand. Hier speel skappboerdery egter 'n groter rol terwyl daar nie soveel klem gelê word op melkery nie. Verder kom die boerderymetodes op hierdie plase baie ooreen met die in die distrikte Clocolan en Ladybrand.

(a) Tipe van Werk deur mans verrig:

Alhoewel daar feitlik geen sprake van differensiering van arbeid is nie, is dit tog gebruiklik by boere om sommige van hulle werkvolk vir een spesifieke werk af te sonder. So vind 'n mens dan byvoorbeeld op 'n plaas trekkerbestuurders, melkers, tuinjongens ens. Differensiering wat wel gemaak word geskied nie op grond van opleiding nie, maar wel op grond van ondervinding en aanleg. Elke naturel besit byvoorbeeld nie die vermoe om 'n trekker na behore te bestuur nie.

Onderstaande tabel gee 'n aanduiding van die verskillende tipes van werk wat deur die mans van die monstergesinne gedoen word.

TABEL 1 : TIPES VAN WERK DEUR MANS VERRIG:

Trekkerbestuurders.	Alg.Werk	Wagters	Tuinwerk	Totaal.
17	27	3	3	50

Volgens hierdie tabel blyk dit dat daar 54% van die mans wat ondervra is, algemene werk op die plaas doen. Dit sluit in melk en enige ander moontlike werk wat daar op 'n plaas te doen is. 34% is trekkerbestuurders. Dit wil egter nie se dat dit die enigste werk is wat hulle doen nie, want dit gebeur soms dat daar nie trekkerwerk is nie en dan doen hulle enige ander tipe van werk. Dit blyk verder dat 6% van die mans wagters is en dat 6% tuinjongens is. Ook hier is dit nie die enigste werk wat hulle doen nie. Hulle melk ook en doen verder enige ander werk wat daar te doen is. Veral in tye wanneer daar baie werk op 'n plaas is soos gedurende oestyd, moet hulle help met die ander werksaamhede.

Algemeen gesproke word werkvolk dus nie vir 'n bepaalde werk gehuur nie. 'n Arbeider sal waarskynlik 'n bepaalde aanleg in 'n sekere rigting toon. Wanneer 'n arbeider redelik aanleg toon en sie inisiatief aan die dag lê, sal die boer hom vir meer verantwoordelike werk gebruik, soos byvoorbeeld as trekkerbestuurder of enige ander werk wat in mate van bekwaamheid vereis. Gewone plaasarbeid verg 'n kleinere mate van geskoolheid en dit is veral ondervinding wat tel.

Dit werklike kennis in verband met die oeste, grondsoorte, ploeg - en oesbedrywighede berus hoofsaaklik by die boer self en al wat van die arbeider verwag word, is om die bevele van die werkgewer uit te voer. Op hierdie wyse raak arbeiders met verloop vanjare vertroud met die nodige kennis sodat dit nie vir die boer nodig is om altyd self by die werk wat gedoen word teenwoordig te wees. Ten spyte van die feit dat die arbeiders met verloop van jare die nodige kennis in verband met die boerdery op 'n plaas opdoen, is hulle nogtans geneig om bevele verkeerd te vertolk en dit is altyd raadsaam vir 'n boer om 'n oog te hou oor die werk wat verrig word.

Dit gebeur dikwels dat 'n naturel in enige ander rigting 'n algemene behendigheid openbaar. So word dinge soos growwe messelwerk, houtwerk of klipkap dan sy pligte. Dit sal natuurlik egter nie uitsluitlik sy werk wees nie, maar dit word dan van hom verwag om enige ander werk te doen wat aan hom opgedra word. Arbeiders wat meer verantwoordelike werk verrig soos trekkerbestuurders kry in die reel 'n groter loon en geniet meer aandag van die werkgewer. Dit is by baie boere gebruiklik om aan hul trekkerbestuurders oorpakke kosteloos te verskaf.

(b) <u>Tipe van Werk deur Vrouens verrig:</u>

Waar die manlike arbeiders op 'n plaas in 'n onafgebroke diens is, behalwe in gevalle waar buitengewone verlof tot afwesigheid toegestaan word, is die vrouens nie almal in vaste diens nie.

Onderstaande tabel toon aan die tipe van werk wat deur die vrouens van die monstergesinne gedoen word.

TABEL 2 : Tipes van Werk deur vrouens verrig:

Huiswerk.	Huis & Seisoen-werk.	Seisoen-werk.	Totaal.
9	6	36	51

Hiervolgens doen 71.6% van die vroue van die monstergesinne slegs seisoenwerk, 17.2% werk as huisbediendes terwyl 11.2% huis - sowel as seisoenwerk verrig.

In die geval van huisbediendes word ondervinding ook in aanmerking geneem, alhoewel 'n mens miskien kan praat van opleiding. Meidjies begin reeds op 'n vroeë ouderdom as huisbediendes te werk en word as 't ware opgelei in die werk. In die kontrak wat tussen boer en arbeider aangegaan word, word bepaal dat indien daar iemand in die gesin is wat ondervinding van huiswerk het, so 'n vrou verplig is om indien nodig as bediende in die huis behulpsaam te wees. Ander vroue in die gesin word ook volgens kontrak verplig om indien nodig behulpsaam te wees met werk op die plaas, soos die oes van mielies ens.

Aan die ander kant is daar die huis-en seisoenwerkers. Hulle werk slegs miskien vir een of twee dae per week in die huis en verder doen hulle seisoenwerk. Vrouë wat slegs seisoenwerk doen moet enige tyd wanneer die boer hulle op die plaas nodig het, gereed wees om te help. Dit is veral gedurende oestyd dat vrouens aangesê word om te werk. Vrouens wat slegs seisoenwerk doen word gewoonlik per dag of per stuk betaal. Sommige boere gee hulle slegs 'n akker grond as beloning waarop hulle gewoonlik mielies en kafferkoring verbou.

(c) Tipe van Werk deur Kinders verrig:

Kinders word van die ouderdom van ongeveer 8 jaar gebruik om plaaswerk te verrig. Gewoonlik word hulle as veewagters gebruik en verder vir ander ligte werk gedurende oestyd. Van die ouderdom van ongeveer 15 jaar, verrig kinders, veral die seuns, reeds dieselfde arbeid as wat die mans verrig. Meidjies begin gewoonlik ook op 15 jarige ouderdom as huisbediendes te werk.

(d) Tipe van Werk deur Seisoenarbeiders verrig:

Seisoenarbeiders is arbeiders wat slegs gedurende sekere seisoene by boere op hulle plase kom werk. Hulle is gewoonlik Basoetos wat uit Basoetoland die Vrystaat binnegaan om werk te soek. Hulle kom veral gedurende die oestyd oor die grens. Dit is gebruiklik by hulle om elke jaar na dieselfde plaas te gaan.

Seisoenarbeiders word per stuk of per dag betaal en ontvang verder 'n rantsoen mieliemeel per dag wat deel van hulle loon uitmaak.

Dit is opmerklik dat seiesoenarbeiders gedurende die laaste jare nie meer in sulke groot getalle oor die grens kom om te werk nie. Boere ondervind in hierdie verband nogal heelwat probleme veral gedurende oestyd. Hulle kry te kampe met 'n tekort aan arbeid wat slegs deur seisoenarbeiders aangevul kan word. Wat die rede vir hierdie toestand is, is nie bekend nie. Blykbaar was die oeste in Basoetoland die laaste paar jaar goed, met die gevolg dat hulle volop kos het en nie nodig het om ekstra te verdien nie. Nog 'n moontlike rede is dat baie van hulle na die Vrystaatse goudvelde gaan en daar permanente arbeid verkry.

(e) Werkure en Werkdae:

Die algemene werkure op 'n plaas is van sonop tot sononder met rus - en eetpouses tussenin. Aangesien somerdae langer is as winterdae, wissel werkure gewoonlik van 9 tot 12 uur per dag. Meeste boere laat 'n uur vir ontbyt en 'n uur vir middagete toe, terwyl baie boere in die somermaande miskien 'n ekstra uur vir rus na middagete toelaat.

In die landboubedryf veral soos dit in die monstergebied aangetref word, kom daar periodiek tye voor wanneer daar nie baie werk is nie. Arbeiders is dan baie minder werkure besig as byvoorbeeld gedurende oes - of saaityd. Met inagneming van hierdie feit is die gemiddelde werkure vir mans in vaste diens tussen 8 en 9 uur per dag. Dit moet egter onthou word dat naturelle baie stadige arbeiders is, veral as hulle nie onder gedurige toesig is nie, sodat 8 - 9 uur diens per dag in werklikheid maar ses uur per dag wesentlike arbeid beteken.

Die werkure van huisbediendes is waarskynlik heelwat meer as die van mans in vaste diens omdat hulle 'n konstante patroon het waarvolgens hulle werk.

Die werkure van vrouens wat slegs seisoenswerk doen is weer heelwat minder as die van die mans, omdat hulle natuurlik eers hulle taak as huisvrou moet vervul alvorens hulle begin werk. Die gevolg is dat hulle heelwat later begin werk, en middae weer vroeër ophou om die aandete voor te berei.

Seisoenarbeiders wat per stuk of per dag betaal word, werk in die reël meer as die gewone plaasarbeider, omdat dit vir hulle finansieel meer betalend is.

Soos reeds gemeld, wissel die werkure na gelang van omstandighede en dit gebeur heel dikwels dat in drukke tye soos gedurende oestyd of saaityd, daar van soggens vroeg tot saans laat en soms dwarsdeur die nag gewerk word. In sulke gevalle ontvang die arbeiders gewoonlik 'n ekstra vergoeding van die boer.

Daar is geen wetlike voorgeskrewe vakansiedae met loon vir plaasarbeiders nie. Die algemene reel stel ses werkdae per week vas. Dit het egter baie boere 'n gewoonte geword om vèral gedurende tye van die jaar wanneer daar nie baie werk is nie, hulle arbeiders Saterdagmiddae af te gee. Werk wat op Sondae gedoen moet word soos die melk van koeie, word by meeste boere deur die arbeiders om die beurt gedoen.

Kersfees word gereken as 'n Sondag en daar word natuurlik nie gewerk nie. Vroeër jare het die meeste boere op Nuwejaarsdag laat werk, maar gedurende die laaste jare beskou die arbeiders dit as 'n openbare vakansiedag en hulle weier om te werk. Behalwe in spesiale gevalle en teen 'n ekstra vergoeding, sal hulle dus nie op hierdie dag werk nie. Baie boere laat nie op Goeie Vrydag en Geloftedag werk nie, maar die arbeiders self is in hierdie gevalle egter gewillig om te werk.

Die praktyk inverband met die toestaan van verlof aan arbeiders wissel aansienlik en boere skenk af en toe verlof om persoonlike redes, in sommige gevalle sonder loon, terwyl die meeste boere egter verlof met behoud van loon toestaan. Die veroorloofde tydperk berus by die werkgewer en werker, maar dit berus hoofsaaklik by die diskressie van die boer self. Daar mag miskien 'n familielid van een van die arbeiders te sterwe kom en so 'n persoon sal in die reel verlof met behoud van loon kry om die begrafnis by te woon. Daar word gewoonlik 'n tydsbeperking gestel wanneer die arbeider weer terug in sy werk moet wees. Die tydsbeperking hang van omstandighede af en mag wissel van 1 dag tot 'n week of selfs langer. Hier speel die diskressie van die boer self weer die grootste rol.

Boere staan in die reel ook verlof toe aan elke arbeider om ten minste een maal per maand dorp - toe te gaan om die nodige inkope te doen, natuurlik met behoud van loon.

Afwesigheid uit werk met werklike siekte as verskoning, word in die reel nie teen die arbeider gereken nie. Afwesigheid aan die ander kant uit werk sonder verlof, veral op Sondae, word streng teen opgetree. Gewoonlik word 'n deel van die maandelikse loon afgetrek..Ook in hierdie geval volg die boer sy eie diskressie.

Die hele aangeleentheid in verband met die afwesigheid uit werk en die toestaan van verlof, berus by die boer self en word bepaal deur faktore soos die bereidwilligheid en karakter van die betrokke arbeider en die hoeveelheid werk wat op daardie gegewe tydstip verrig moet word. Dit wil egter voorkom asof die meerderheid van boere in die gevalle waar hulle wel verlof toestaan, dit doen met behoud van loon. Dan is daar natuurlik dae wanneer dit reën en baie koud is en daar nie juis gewerk word nie. Ook in hierdie gevalle word loon normaal weg betaal.

As gevolg van die groot-skaalse bierdrinkery op Kers - feesdag, gebeur dit dikwels dat daar op die daaropvolgende dae feitlik geen werk gedoen word nie weens die besope toestand waarin die arbeiders verkeer. Om moeilikhede en ergernis te voorkom, sien meeste van die boere dit maar oor die hoof, met die gevolg dat daar nie baie gewerk word nie. Hier hang dit ook weer van die boer se diskressie af, of hy teen hulle gaan optree of nie. In die meeste gevalle word dit maar oorgesien en is die optrede van die werkgewer nie te streng nie, uit vrees dat hy miskien van sy arbeiders kan verloor. Dit is juis ook die tyd van die jaar wanneer werk in die gebied op sy drukste is.

Dit is 'n baie moeilike taak om die gemiddelde aantal werkdae en werkure gedurende 'n jaar te bepaal omdat boere nie arbeidsrekords hou nie. Dit wil voorkom asof die aantal werkure en werkdae op plase heelwat minder as in die stede en dorpe is, omdat ure en werksdae hier baie meer gereeld is, veral in industriële bedrywe. Dit is dan onmoontlik om enige gegewens te verkry van boere waaruit tabelle saamgestel kan word. Die beskrywing hierbo weerspieël egter duidelik die toestand in die monstergebied asook in die res van die Vrystaat.

2. INKOMSTE VAN PLAASARBEIDERS.

In die monstergebied asook in die res van die Vrystaat, word lone hoofsaaklik in geld en in natura betaal. Dit is 'n algemene reel dat 'n gedeelte van die loon in geld en 'n gedeelte in natura betaal word. Uit gesprekke met ouer boere blyk dat betaling in geld sowat 40 jaar gelede glad nie bekend was nie en dat beeste en skape toe vir die doel gebruik was. Vandag nog is die betaling van die hele loon in geld baie seldsaam.

Daar bestaan nie so + iets soos 'n standaard loon vir elke distrik nie, aangesien boere in die een distrik weer loon in geld en minder in natura betaal as in 'n ander distrik en omgekeerd. Algemeen gesproke is daar nie baie groot verskille in loon en in natura in die monstergebied nie.

(a) Geldlone vir mans:

Aangesien geldlone vir mans in die monsterdistrikte varieer, word dit in tabelvorm vir elke distrik aangegee:-

TABEL 1 : GELDLONE VIR MANS IN DISTRIK LADYBRAND.

Mans.	Trekker - bestuurders	Alg. Werkers.	Wagters.	Tuinwerkers.
1		£1.10.0 p.m.		
2		£2. 0.0 "		
3		£1.10.0 "		
4	£2.5.0 p.m.			
5		£1.10.0 "		
6		£1.10.0 "		
7	£2.0.0 "			
8	£2.0.0 "			
9	£1.0.0 "			

TABEL 2: GELDLONE VIR MANS IN DISTRIK CLOCOLAN.

Mans.	Trekker - bestuurders	Alg. Werkers.	Wagters.	Tuinwerkers.
1		£2. 0.0 p.m.		
2				£2.0.0 p.m.
3		£2.0. 0 p.m.		
4	£2.0.0 p.m.			
5		£2.0.0 pm.		
6	£2.10.0 p.m.			
7		£1.10.0 p.m.		
8		£2.0.0 p.m.		
9				£1.10.0 p.m.
10		£1.10.0 p.m.		
11		£1.10.0 p.m.		
12		£2.0.0 p.m.		
13	£2.10.0 p.m.			
14			£1.5.0 p.m.	
15		£1.5.0 p.m.		
16		£2.0.0 p.m.		
17				£1.10.0 p.m.
18		£1.10.0 p.m.		
19	£2.0.0 p.m.			

TABEL 3 : GELDLONE VIR MANS IN DISTRIK MARQUARD.

Mans	Trekker - bestuurders.	Alg. Werkers.	Wagters.	Tuinjongens
1	£1.0.0 p.m.			
2		£1.0.0 p.m.		
3		£2.10.0 "		
4		£1.0.0 "		
5		£1.0.0 "		
6	15/- p.m.			
7	15/- "			
8	15/- "			
9	15/- "			
10	15/- "			
11	15/- "			

TABEL 4 : GELDLONE VIR MANS IN DISTRIK SENEKAL.

Mans.	Trekker - bestuurders.	Alg.Werkers.	Wagters.	Tuinjongens.
1		15/- p.m.		
2		15/- "		
3		15/- "		
4		15/- "		
5		15/- "		
6	15/- p.m.			
7	15/- "			
8			15/- p.m.	
9		15/- "		
10	£1.5.0 p.m.			
11	£1.5.0 p.m.			

Volgens bostaande tabelle is die gemiddelde lone vir trekkerbestuurders £1.13.9 vir Ladybrand £2.5/- vir Clocolan, 15/9 vir Marquard en £1.0.0 vir Senekal. In die distrik Clocolan is die loon die hoogste en in die distrik Marquard die laagste. Soos later sal blyk, is die lone in natura vir die distrikte Senekal en Marquard weer heelwat hoër as vir die distrikte Ladybrand en Clocolan waar lone in geld min of meer dieselfde is. Die gemiddelde lone in geld vir die distrik Ladybrand is £1.12.10 , distrik Clocolan £1.13.4, distrik Marquard £1.1.7 en die distrik Senekal 16/8 per maand. Dit blyk dus dat in die distrikte Clocolan en Ladybrand die lone in geld oor die algemeen diselfde is en heelwat hoër is as in die distrikte Marquard en Senekal waar lone in geld ook min of meer dieselfde is.

(b) <u>Lone in Natura vir mans:</u>

Die volgende is die vergoeding in natura wat alegmeen gemaak word.

(i) Ploegland

(ii) Weiveld

(iii) Voedsel

(iv) Behuising

(v) Water en brandstof

(vi) Algemeen.

Onderstaande tabel gee 'n aanduiding van lone in natura wat in die verskillende distrikte betaal word vir mans:

TABEL 5: LONE IN NATURA VIR MANS IN DISTRIK LADYBRAND.

Mans.	Ploegland	Voedsel	Weiland	Water en Brandstof	Behuising.
1	-	6 sak mielies p.j	Vry	Vry	Vry
2	-	12 " "	"	"	"
3	1 akker land	6 " "	"	"	"
4	-	12 " "	"	"	"
5	1 akker land	6 " "	"	"	"
6	1 " "	6 " "	"	"	"
7	1 " "	6 " "	"	"	"
8	1 " "	8 " "	"	"	"
9	-	27 " "	"	"	"

TABEL 6: LONE IN NATURA VIR MANS IN DISTRIK CLOCOLAN.

Mans.	Ploegland	Voedsel	Weiland	Water en Brandstof.	Behuising.
1	-	16 sak mielies	Vry	Vry	Vry
2	-	16 " p.j	"	"	"
3	-	16 " "	"	"	"
4	-	16 " "	"	"	"
5	-	18 " "	"	"	"
6	-	16 " "	"	"	"
7	-	16 " "	"	"	"
8	-	6 " "	"	"	"
9	-	6 " "	"	"	"
10	-	10 " "	"	"	"

TABEL 6 : (Vervolg)

Mans	Ploegland	Voedsel	Weiland	Water en Brandstof	Behuising.
11	-	10 sak mielies p.j	Vry	Vry	Vry
12	-	16 " "	"	"	"
13	-	19 " "	"	"	"
14	-	19 " "	"	"	"
15	1 akker land	6 " "	"	"	"
16	-	19 " "	"	"	"
17	-	12 " "	"	"	"
18	-	16 " "	"	"	"
19	-	18 " "	"	"	"

TABEL 7 : LONE IN NATURA VIR MANS IN DIE DISTRIK MARQUARD.

Mans	Ploegland	Voedsel	Weiland	Water en Brandstof	Behuising.
1	1 akker land	8 sak mielies p.j.	Vry	Vry	Vry
2	" "	8 " "	"	"	"
3	-	-	"	"	"
4	1 akker land	8 " "	"	"	"
5	" "	8 " "	"	"	"
6	3 " "	5 " "	"	"	"
7	3 " "	5 " "	"	"	"
8	3 " "	5 " "	"	"	"
9	3 " "	5 " "	"	"	"
10	3 " "	5 " "	"	"	"
11	3 " "	5 " "	"	"	"

TABEL 8 : LONE VIR MANS IN NATURA IN DISTRIK SENEKAL.

Mans	Ploegland	Voedsel	Weiland	Water en Brandstof	Behuising.
1	3 Akker land	5 sak mielies p.j.	Vry	Vry	Vry
2	3 " "	5 " "	"	"	"
3	3 " "	5 " "	"	"	"
4	3 " "	5 " "	"	"	"
5	3 " "	5 " "	"	"	"
6	3 " "	5 " "	"	"	"
7	3 " "	5 " "	"	"	"
8	3 " "	5 " "	"	"	"
9	3 " "	5 " "	"	"	"
10	1 " "	6 " "	"	"	"
11	1 " "	8 " "	"	"	"

Volgens die tabelle blyk dat die rantsoen mielies wat per jaar in die distrik Ladybrand gegee word, gemiddeld tien sakke is vir die monstergesinne. Die hoeveelheid ploegland wat hier gegee word is een akker per manlike arbeider. In die distrik Clocolan is die rantsoen mielies per jaar gemiddeld 14 sakke terwyl daar slegs een geval is waar die man ook ploegland ontvang. In die distrik Marquard is die rantsoen mielies per jaar 5 sakke en die ploegland twee akker, en in die distrik Senekal is die rantsoen mielies per jaar 5½ sak en die hoeveelheid ploegland gemiddeld 2½ akker per man.

Uit hierdie gegewens volg dat in die distrik Clocolan feitlik geen ploegland as loon gegee word nie, en dat in plaas van ploegland, die rantsoen mielies baie groter is. In die distrik Ladybrand word wel nog ploegland gegee, maar in 'n baie klein mate en die rantsoen mielies is weer laer as in die distrik Clocolan. In die distrik Marquard is die rantsoen mielies per jaar slegs gemiddeld 5 sakke per man maar hier is die ploegland weer groter naamlik 'n gemiddelde van 2½ akker.

Die toestand in die distrik Senekal kombaie ooreen met die in die distrik Marquard.

(1) Weiveld:

Wat weiveld betref, kan net opgemerk word dat plaasarbeiders vandag baie minder vee aanhou as sowat 30 - 40 jaar gelede. Toe het naturelle soms tot 40 beeste besit. As gevolg van die feit dat die landbou vandag baie intensief, beoefen word en dat dit so gemaganiseerd geraak het, het boere baie van hulle vee verkoop en alle moontlike grond wat vroeër as weiding gedien het word vandag bewerk. Dit is dus logies dat weiland baie minder geword het en dat boere hulle veestapel moes verminder. Dit geld natuurlik ook vir plaasarbeiders, want boere het hulle verbied o m baie vee aan te hou. Vroeër jare het naturelle 'n span osse gehad wat die boer dan vir sy eie belang gebruik het in ruil vir weiding. Vandag het baie min naturelle meer as 10 beeste en perde tesame omdat die boer gewoonlik nie meer as tien stuks vee per naturel toelaat nie. Daar is sommige boere wat hulle arbeiders laat betaal vir weiding veral vir perde , maar in die meeste gevalle vorm weiding 'n deel van hulle loon soos ook gevind is by die monstergesinne.

Onderstaande tabel gee 'n aanduiding van die aantal beeste en perde wat deur die monstergesinne besit word:-

TABEL 9 : BEESTE EN PERDE IN BESIT VAN MONSTERGESINNE.

Distrik	Gesin	Perde	Beeste	TOTAAL.
Ladybrand	1	-	-	-
	2	2	1	3
	3	-	-	-
	4	-	2	2
	5	-	-	-
	6	1	1	2
	7	2	4	6
	8	2	3	5
	9	-	-	-
TOTAAL :		7	11	18
Clocolan	1	3	7	10
	2	1	7	8
	3	-	-	-
	4	-	-	-
	5	-	-	-
	6	1	6	7
	7	-	2	2
	8	2	-	2
	9	-	-	-
	10	1	-	1
	11	-	4	4
	12	-	-	-
	13	-	-	-
	14	-	1	1
	15	3	7	10
	16	3	6	9
	17	1	7	8
	18	2	2	4
	19	1	1	2
TOTAAL :		18	50	68

TABEL 9 : (Vervolg)

Distrik	Gesin	Perde	Beeste	TOTAAL.
Marquard	1	-	3	3
	2	-	-	-
	3	2	-	2
	4	2	3	5
	5	-	-	-
	6	2	-	2
	7	-	-	-
	8	2	2	4
	9	-	-	-
	10	-	-	-
	11	-	-	-
TOTAAL:		8	8	16
Senekal	1	1	5	6
	2	4	3	7
	3	-	-	-
	4	1	2	3
	5	2	4	6
	6	-	-	-
	7	3	5	8
	8	1	2	3
	9	3	2	5
	10	-	-	-
	11	1	2	3
TOTAAL :		16	25	41

Volgens die tabel blyk dit dat nie een naturel meer 10 stuks vee besit nie, terwyl daar 34% van die monster is wat glad geen vee besit nie. Die beeste bestaan gewoonlik uit melkkoeie sodat hulle van melk voorsien kan word. Die perde word in die reel gebruik vir vervoerdoeleindes.

Algemeen gesproke blyk dit dat plaasarbeiders nie baie vee aanhou nie omdat hulle deur boere beperk word. In die reel wei die diere saam met die van die boere, maar geen bulle word toegelaat nie. Die eienaar verskaf gewoonlik self 'n bul indien nodig. Dit is opmerklik dat arbeiders geen skape besit nie. Dit word in die algemeen deur boere verbied. Tenslotte kan net gese word dat naturelle-beeste oor die algemeen van 'n baie swak gehalte is.

(ii) Behuising:

Plaasarbeiders word gehuisves in hutte wat hulle self bou uit beskikbare materiaal op die plaas. Dit bestaan hoofsaaklik uit klippe, klein en gras. Meeste van die hutte word van grondsooie gebou en dan met 'n mengsel van kleiw en mis afgepleister. Die hutte is gewoonlik reghoekig met 'n sink of grasdak. Elke gesin het ongeveer 2 - 3 sulke hutte waarin hulle woon.

Plaasarbeiders betaal natuurlik geen huur vir die hutte nie, en dit word beskou as deel van hulle loon.

(iii) Water en Brandstof:

Plaasarbeiders het vry gebruik van water en brandstof op die plaas. Brandstof bestaan uit hout en mis wat hulle bymekaar maak. Die hoeveelheid hang af van die beskikbare voorraad wat oor die algemeen taamlik volop is, hoewel hout op sommige plase nie so volop is nie.

(iv) Voedsel:

Voedsel wat aan plaas-arbeiders verskaf word bestaan in die reel in die vorm van mielies of mieliemeel. In tabelle 5,6,7 en 8 word uiteengesit die hoeveelheid mielies wat elke naturel per jaar ontvang. Daar is gesien dat in die distrikte waar geen ploegland gegee word nie, die rantsoen mielies per jaar aansienlik hoër is as die distrikte waar wel ploegland gegee word. Die rantsoen mielies word natuurlik ook beskou as 'n deel van die loon.

(v) Algemeen:

Op die meeste plase word 'n weeklikse rantsoen tabak aan arbeiders kosteloos verskaf, asook in sommige gevalle seep. Ou kledingstukke word dikwels gegee indien beskikbaar, maar dit word eerder as 'n geskenk beskou en nie as deel van hulle loon nie.

Die meeste boere maal hulle eie mielies asook die van hulle arbeiders. Dit geskied in die reel ook kosteloos.

Hoewel die meeste van genoemde dinge nie loon in harde munt is nie, beskou boere dit tog as deel van die arbeiders se loon. In stede en dorpe moet naturelle vir huishuur, water en brandstof betaal, terwyl die plaasarbeiders al hierdie geriewe kosteloos geniet.

(c) LONE IN GELD EN IN NATURA VIR VROUE:

Lone vir vroue word in die reel ook in geld en in natura betaal. Onderstaande tabel weerspieel die lone in geld en in natura vir vroue van die monster. Lone in natura aan vroue bestaan alleen in ploegland wat verskaf word.

TABEL 10 : LONE IN GELD EN IN NATURA EN TIPE VAN WERK VIR VROUE.

Distrik en Tipe van Werk		Lone in geld	Ploegland.
LADYBRAND.			
Seisoenwerk	1	Ongeveer £6 p.j.	-
"	2	" £6 p.j.	-
"	3	" £6 p.j.	-
"	4	" £6 p.j.	-
"	5	" £6 p.j.	-
"	6	" £6 p.j.	-
Huiswerk	7	" £12 p.j.	-
Seisoenswerk	8	" £6 p.j.	-
"	9	" £5 p.j.	-
CLOCOLAN.			
Huis -en Seisoenwerk	1	Ongeveer £10 p.j.	-
Seisoenwerk	2	" £6 "	-
"	3	" £6 "	-
"	4	" £6 "	-
"	5	" £6 "	-
Huis -en Seisoenwerk	6	" £5 "	1 akker land
Seisoenwerk	7	" £6 "	-
"	8	" £6 "	-
"	9	" £6 "	-
"	10	" £6 "	-
"	11	" £6 "	-
"	12	" £6 "	-
"	13	" £6 "	-
"	14	" £6 "	-
Huis - en Seisoenwerk	15	" £7 "	-
Seisoenwerk	16	" £6 "	-
"	17	" £5 "	-
"	18	" £6 "	-
"	19	" £9 "	-

TABEL 10 : (Vervolg)

Distrik en Tipe van Werk		Lone in geld	Ploegland.
MARQUARD.		Ongeveer £5 p.j.	
Seisoenwerk	1	Ongeveer £5 p.j.	
"	2	" £5 "	
Huiswerk	3	" £30 "	
Seisoenwerk	4	" £5 "	
"	5	" £5 "	
Huiswerk	6	-	1 akker land
Seisoenwerk	7	" £5 "	
Huiswerk	8	-	1 akker land
"	9	-	" "
Seisoenwerk	10	" £5 "	
Huiswerk	11	-	1 akker land.
SENEKAL			
Seisoenswerk	1	Ongeveer £5 p.j.	
"	2	" £5 "	
"	3	" £5 "	
"	4	" £5 "	
"	5	" £5 "	
"	6	" £5 "	
"	7	" £5 "	
"	8	" £5 "	
"	9	" £5 "	
Huiswerk	10	-	1 akker land
"	11	-	1 akker land

Daar moet op gelet word dat bostaande lone en geld vir vroue slegs na skatting gemaak is, veral waar dit seisoenwerk aangaan. Informasie inverband met hierdie aangeleentheid is baie moeilik bekombaar aangesien boere nie sekuur boekhou in verband met lone wat hulle aan seisoenswerkers uit betaal nie, en verder is die naturelle ook nie in staat om rekenskap van hulle inkomste deur die jaar te gee nie. Daar is egter probeer om so sekuur as moontlik 'n beraming te maak van die vrouens se geldinkomste.

Vroue wat seisoenswerk doen word gewoonlik per dag betaal. Die loon per dag hang af van die tipe werk wat gedoen word. Sover vasgestel kon word, wissel die loon per dag van 1/- tot 1/6 . Waar dit oeswerk aangaan word hulle per sak betaal. So wissel dat van 6d. - 9d per sak mieliekoppe. Verder wissel die loon vir koringsny van 2/6 tot 3/6 per 100 gerwe. Dit blyk dus 'n moeilike taak te wees om die presiese inkomste van vroue uit hierdie werk te bereken. Dit hang ook tot 'n groot mate van die vrou self af, hoe vinnig en hoe fluks sy werk. By die vasstelling van die lone is verder in ag geneem die tipe van boerdery op 'n plaas , m.a.w. hoeveel werk daar min of meer gedurende die jaar deur vroue gedoen word.

Uit die tabelle blyk dit dat die loon van vrouens hoofsaaklik in geld betaal word. Slegs in 'n paar gevalle is gevind dat die loon in die vorm van ploegland betaal word.

In die distrikte Ladybrand en Clocolan blyk dit dat die gemiddelde inkomste vir vroue per jaar ongeveer £6 is, met ander woorde ongeveer 10/- per maand. Dit moet bygevoeg word dat daar natuurlik sekere maande van die jaar is wanneer gladnie deur die vrou gewerk word nie. In die distrikte Marquard en Senekal is die gemiddelde inkomste van vroue ongeveer £5 per jaar, m.a.w. ongeveer 8/6 per maand. Dit blyk dus dat lone in geld vir hierdie distrikte ietwat laer is as in die distrikte Clocolan en Senekal.

In die distrikte Clocolan en Ladybrand. blyk dit volgens die tabel dat lone in ploeglan baie selde voorkom terwyl dit in die distrikte Marquard en Senekal wel voorkom.

(d) TOTALE GELDINKOMSTE VAN GESINNE:

Volgens tabelle 5, 6,7,8,en 10 kan die volgende afleidings gemaak word:

(i) Dat die gemiddelde lone in die distrik Clocolan die volgende is :

Mans	:	£1. 14. 7 p.m.
Vrouens	:	£0. 10. 0 "

(ii) Dat die gemiddelde lone in die distrik Ladybrand die volgende is:

Mans	:	£1. 12.10 "
Vrouens	:	£0. 10. 0 "

(iii) Dat die gemiddelde lone in die distrik Marquard die volgende is:

Mans	:	£1.. 1. 7 "
Vrouens	:	£0. 8. 6 "

(iv) Dat die gemiddelde lone in die distrik Senekal die volgende is:

Mans	:	£0. 16. 8 "
Vrouens	:	£0. 8. 6 "

Dit beteken dus dat die gemiddelde jaarlikse lone van die gesinne vir die distrikte as volg is :

Ladybrand	ongeveer	£25 .14. 0	per jaar.
Clocolan	"	£26. 15. 0 "	"
Marquard	"	£18. 0. 0 "	"
Senekal	"	£15. 0. 0 "	"

Hierdie bedrae sluit natuurlik net in lone in geld vir die gesinne per jaar. Hierby moet nog gereken word die ander bronne van inkomste vir die gesin soos byvoorbeeld die verkoop van produkte. Dit is agter onmoontlik om die inkomste uit hierdie bronne te bepaal, aangesien arbeiders geen stelsel van boekhou het nie en nie weet wat hulle gedurend

die jaar verkoop het nie. Dit kan egter met 'n mate van sekerheid aanvaar word dat hulle wel nog 'n addisionele inkomste het. Veral die gesinne wat heelwat ploegland het en baie mielies oes, sal gewoonlik van hulle mielies verkoop. Verder verkoop hulle produkte soos eiers, velle en hoenders. Die taak word nog verder bemoeilik deurdat meeste van hierdie produkte verruil word by winkels. Volgens beskikbare gegewens kan beraam word dat die inkomste van gesinne van £10 - £30 per jaar wissel.

(e) ALGEMENE OPMERKINGS IN VERBAND MET LONE VAN PLAASARBEIDERS.

Die geldlone van plaasarbeiders in die Oos - Vrystaat asook in die res van die Vrystaat, het gedurende die afgelope twintig jaar met ongeveer 100% gestyg. Volgens die „ Verslag van 'n ondersoek ingestel onder die beskerming van die Suid - Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudings " oor plaasarbeid in die Oranje - Vrystaat in 1939, was lone in daardie jaar vir mans in die distrik Senekal ongeveer 9/- per maand terwyl dit vandag ongeveer 16/8 per maand is. Vir vroue was die loon ongeveer 1/3 per maand terwyl dit vandag ongeveer 8/6 per maand is. Dit blyk dat in die geval van lone vir vroue die styging heelwat meer was as in die geval van mans.

Plaaslone is onder huidige omstandighede betreklik laag. As vernaamste redes vir die lae lone kan die volgende aangedui word:-

(i) Hoewel skommelinge in wereldpryse geen groot rol speel by die vaststelling van lone nie, speel dit wel 'n merksame rol om styging in produksiekoste te beperk.

(ii) Daar is in die koste verbonde aan landbouproduksie baie speling wat afhang van 'n verskeidenheid van natuurlike faktore, en die neiging is dat lae loonskale in die swakste landboustreke algemeen van krag word.

(iii) Die risiko - element is in die landbou betreklik groot en derhalwe is boere nie geneig om gebruiklike loonskale op te skuif nie.

(iv) Die ongeorganiseerde toestand waarin plaasarbeiders hulle bevind, en wat gedeeltelik aan omgewingsmoeilikhede te wyte is, verhinder hulle om beter voorwaardes te verkry met behoud van gesamentlike optrede van vakverenigings.

(v) Behalwe tydelike tekorte, gedurende sekere periodes, was daar nog altyd 'n genoegsame voorraad arbeidskragte beskikbaar wat teen heersende lone bekom kon word.

(vi) Die geweldige styging in die prys van plaasmasjienerie in verhoudingmet die styging van landbou produkte. 1)

Tot op die huidige stadium is die lone van plaasarbeiders nog baie min beinvloed deur die gbrek aan arbeidskragte. Hoewel daar duidelike tekens is van 'n moontlike tekort aan arbeidskragte, is die toestand op die oomblik nog heeltemal gunstig. Waartoe die toestand in die habye toekoms gaan ontwikkel is nie seker nie, maar dit is duidelik dat die goudvelde en die industriee wat daarmee saamhang meer en meer arbeidskragte trek. Die getuienis in hierdie verband en ook in ander skyn te toon dat die plase in die Vrystaat besig is om te word wat reserwes vroeer was, naamlik bronne vir die verskaffing van arbeiskrag. Waar dit vroeer die plase was wat uit die reserwes arbeiders bekom het, is dit nou die stede en die goudvelde wat hul arbeidskragte van die plase trek.

Soos reeds gemeld is arbeidskragte op die Vrystaatse plase nog redelik volop en die toestroming na die goudvelde het nog lank nie sy hoogtepunt bereik nie. Hiervoor is daar verskeie redes verantwoordelik byvoorbeeld :(a) Indiwiduele tevredenheid met 'n werkgewer wat sy arbeiders goed behandel.(b) Die ontmoontlikheid om elders 'n bestaan te maak . (c) Die gevoel van sekuriteit hoewel op 'n laer peil van bestaan as in 'n stad.

1) Verslag van 'n ondersoek ingestel onder beskerming van die Suid-Afrikaanse Instituut vir rasseverhoudings oor plaasarbeid in die Oranje - Vrystaat. P 27

(d) Algemene konserwatisme. Lone is wel hoër in die stedelike gebiede maar die lewenskoste is daar ook weer woveel hoër. Sommige naturelle verklaar self dat hulle makliker 'n bestaan op 'n plaas met 'n kleiner loon as in 'n stad met 'n hoër loon kan maak. Die feit dat naturelle nie 'n bestaan in 'n stad kan maak nie, word duidelik weerspieel in die moeilikheid wat boere ondervind met mense wie se broodwinners in die stad werk, terwyl die res van so 'n persoon se gesin by familielede op die plaas woon.

Algemeen gesproke wil dit voorkom asof boere uiteindelik verplig sal word om die lone van hulle arbeiders te verhoog indien hulle nie met 'n tekort aan arbeidskragte te kampe wil kry nie. Daar daar egter 'n totale tekort aan arbeidskragte op plase sal ontstaan is sterk te betwyfel, veral ook in die lig van die groeiende meganisasie van die boerdery.

3. UITGAWES VAN PLAASARBEIDERS.

Om die presiese syfers in verband met die uitgawes van plaasarbeiders te bepaal is 'n baie moeilike taak, aangesien hulle geen stelsel van boekhou het nie en baie deur middel van ruilhandel doen, en dus ook nie hulle totale inkomste per jaar kan bereken nie.

Daar is gepoog om min of meer 'n aanduiding te kry van die uitgawes van die monstergesinne by wyse van 'n algemene beraming in die lig van bekombare gegewens. Hiervolgens blyk dat die plaasarbeiders min of meer hul geld as volg bestee:

Hoofbelasting	ongeveer	5%
Ander belastings	"	3%
Klerasie	"	55%
Voedsel	"	25%
Genotsmiddele	"	7%
Algemeen	"	5%

Elke manlike naturel bo agtien jaar moet 'n jaarlikse hoof/belasting van £1 betaal. Sover vasgestel kon word het nie een van die monstergesinne enige belastingverpligtigings in Basoetoland wat nagekom moet word nie. Baie arbeiders het of 'n fiets of 'n perdekar waarvoor daar natuurlik wielbelasting betaal moet word Dan is daar ook nog natuurlik hondebelasting maar hier spring hulle in die reel vry.

As 'n mens in aanmerking neem die geweldige hoë pryse van klerasie vandag, is dit te verstane dat hulle feitlik driekwart van hulle inkomste aan klere sal bestee. Elke manlike naturel het op die minste twee broeke, twee of meer hemde, 'n baadjie, jas en 'n paar komberse . As hulle inkomste vergelyk word met die heersende pryse van klerasie, sal hulle uitgawes aan klerasie in sommige gevalle selfs hoer as die aangeduide persentasie van die inkomste wees.

Die vernaamste voedselsoorte wat gekoop word is suiker, koffie en uitgeloopte kafferkoring vir die maak van bier. Hierby moet ook ingesluit word eetgerei en huishoudelike benodighede.

Wat genotsmiddele betref, word hoofsaaklik tabak, snuif, en pruimtabak gekoop, terwyl lekkers ook soms vir kinders gekoop word. Dan is daar natuurlik algemene uitgawes soos Kerk - en skoolgelde, medisyne ens. Wanneer 'n duurder artikel soos 'n fiets of 'n perdekar gekoop word, word gewoonlik 'n lening by die werkgewer aangegaan.

Meeste van die plaasarbeiders se geld word uitgegee in naturelle - winkeltjies waarvan daar gewoonlik 'n hele paar in elke dorp is of ook by die plaaswinkels. Die kwaliteit van die goedere en veral klerasie wat by die winkels aangebied word, is gewoonlik baie swak en arbeiders kry dikwels nie die volle waarde vir hulle geld nie. Weens hulle onkunde in verband met die kwaliteit en waarde van artikels, laat hulle hulle maklik om die bos lei.

Krediet word selde aan arbeiders by hierdie winkeltjies gegee en waar dit wel gebeur, nis die pryse aansienlik hoër as vir kontant. Baie boere koop dan ook self klerasie vir hulle arbeiders om sodoende te verseker dat hulle wel waarde vir hulle geld ontvang.

oooooooooooooooooooooooooooooooooooo

HOOFSTUK 5.

MAATSKAPLIKE AANGELEENTHEDE VAN PLAASARBEIDERS.

Die maatskaplike toestande van plaasarbeiders beslaan 'n baie wye gebied en as gevolg daarvan kan 'n mens die verskillende aspekte van die maatskaplike lewe afsonderlik behandel.

1. DIE GESINSLEWE:

Die gesin vorm 'n basiese maatskaplike instelling in die samelewing, en as sulks ook die basis waarop die maatskaplike organisasie van die hele samelewing berus. Hierdie stelling is in 'n meerdere mate waar van elke samelewing.

Wat die Blanke betref, en in hoofsaak ook die Kleurling en die Asiaat in Suid - Afrika, is die maatskaplike struktuur, sowel op die platteland as in die stad, in hoofsaak dan ook opgebou rondom die gesin. In die stamlewe geld dit natuurlik ook vir die Bantoe, maar sy verstedeliking het tot dusver in 'n groot mate los van die gesin geskied.

Die vraag ontstaan nou watter plek die gesin in die samelewing inneem ten opsigte van plaasarbeiders. Die aard van die diensverhouding waarin plaasarbeiders tot die Blanke grondeienaar staan, speel in hierdie verband 'n bepalende rol. Die plakker - diensstelsel, wat vroeër algemeen gegeld het en vandag nog in sekere streke aangetref word , en die voltydse diensbode stelsel maak oor die algemeen voorsiening vir die vestiging van die naturel met sy hele gesin op die plaas van die grondeienaar. Hierdie stelsel hou dus, gesien vanuit die maatskaplike oogpunt, die een voordeel in naamlik dat dit nie 'n ontwrigtende invloed op die gesinslewe uitoefen nie.1)

1) Die naturel in die Suid - Afrikaanse landbou.Referate gelewer op die vyfde jaarvergadering van die Suid - Afrikaanse Buro vir Rasse - aangeleenthede.

Dit blyk dus baie duidelik dat die basiese maatskaplike instelling en as sodanig ook die basis waarop die maatskaplike organisasie van die samelewing berus naamlik die gesin, by plaasarbeider en veral soos ook by die monstergesinne nog bestaan.

2 : ONDERWYS EN OPVOEDING:

Volgens die voorlopige Verslag van die kantoor van Sensus en Statistiek insake die huistale en geletterdheid van die bevolking van die Unie ten tyde van die 1946 Sensus, is bevind dat 69% van die naturelle - bevolking van 60 jaar en ouer nog heeltemal ongeletterd is. Verder is dit gevind dat 'n heelwat groter persentasie van die stedelike naturelle (44%) geletterd is as wat die geval is op die platteland 21%.(1)

Naturelle - onderwys in die Vrystaat bly oor die algemeen 'n gesubsidieerde diens. Plaaslike beheer word deur die verskillende Sendingstasies met behulp van die plaaslike skoolkomitees ten opsigte van elke skool uitgeoefen. In 1951 was daar 577 geregistreerde skole in die Vrystaat met 'n gemiddelde inskrywing van 76,832 kinders. (2)

Wat die onderwys van die plaasarbeiders binne die monstergebied betref, bestaan daar nie veel fasiliteite nie. Dit het geblyk dat slegs ongeveer 5% van die mans en die vrouens van die monstergesinne enige skool-opleiding gehad het.

Van die plase wat besoek is is daar op een 'n skool vir naturelle - kinders. Dit is ook terloopseen van die weinige plaasskole vir naturelle in die monstergebied. Van die drie gesinne wat op die plaas as verteenwoordigend vir die monster geneem is gaan daar drie kinders skool. Die skool wat ongeveer 'n jaar gelede geopen is , het ongeveer 40 kinders waarvan die meeste afkomstig is van dieselfde plaas en enkele kinders van die aangrensende plase.

1) Ibid. P.71

2) Offisiële jaarboek van die Unie van Suid - Afrika 1951. P.508

Dit blyk dus dat slegs 2.4% van die 121 ongetroude kinders van monstergesinne enige skoolopleiding geniet. Meeste van die kinders van die monstergesinne het egter nog nie skoolgaande ouderdom bereik nie. Soos reeds gemeld, is daar baie min plaasskole in die monstergebied met die gevolg dat die kinders van die plaasarbeiders in die monstergebied geen fasiliteite vir skoolopleiding het nie.

Naturellekinders wat op plase woon wat na aan die dorpe gelee is het die geleentheid om die naturelle skole in die verskillende dorpslokasies by te woon. Die persentasie kinders wat wel hierdie skole bywoon, skyn baie gering te wees, aangesien die plaasarbeiders nie finansieel daartoe in staat is om hulle kinders skooltoe te stuur nie, en dit ook moeilik is vir die kinders om elke dag skooltoe te loop.

****

3. GODSDIENS.

Volgens die gegewens verkry, behoort ongeveer 40% van die mans en vroue van die monstergesinne aan geen Kerk nie. Die res behoort aan verskeie Kerke soos die Roomse Kerk, die Wesleyaanse Kerk, die Presbiteriaanse en die Ned. Gereformeerde Kerke.

Dit wil voorkom asof die meeste van die naturelle na hulle eers getroud is, by die een of ander Kerk aansluit. Op geeneen van die plase wat in die monstergebied besoek is, is kerke vir naturelle nie, alhoewel daar tog soms kerke op plase vir naturelle is. Die aantal kerke is egter baie gering. Indien plaasarbeiders dus Kerk toe wil gaan, moet hulle na die naaste dorpslokasies gaan. Somtyds word dienste op plase gehou deur naturellepredikante of ouderlinge van die betrokke kerke.

Plaasarbeiders gaan gewoonlik een maal per maand kerktoe of selfs meer as een maal per maand. Ten spyte van die feit dat 'n groot deel van die naturelle op plase wel aan die een of ander kerk behoort, glo hulle nogtans in toordery. Daar word veral geglo in die "thokolosi" wat dan deur 'n towenaar gestuur sou word om mense kwaad aan te doen. Daar word geglo dat die " boloi" of toornaars selfs die mag het om persone oor lang distansies te beinvloed.

Diegene wat aan geen Kerk behoort nie, glo wel ook in die bestaan van 'n Oppermagtige " molimo" wat in die lug woonagtig is en verantwoordelik is vir alle natuurverskynsels. Dit wil egter voorkom asof die geloof in voorvadergeeste by meeste van die naturelle op plase nie meer bestaan nie. Volgens beskikbare gegewens blyk dit dat daar nie meer dienste ter ere van die voorvadergeeste gehou word nie. Daar word byvoorbeeld nie voedsel en drank in die grafte van dooies geplaas soos die geval in Basoetoland is nie. Hulle glo dat die mens

se siel by sy afsterwe hemel/toe gaan en daar gaan woon. Dit blyk dat hulle wel ook 'n begrip van die hemel het.

Algemeen gesproke bestaan daar wat godsdienstige aangeleenthede betref nie veel fasiliteite vir plaasarbeiders nie. Soos reeds gemeld bestaan daar baie min plaaskerke en indien naturelle dus kerktoe wil gaan moet hulle na die naaste dorp gaan.

.....

5. GESONDHEID.

Die algemeen gesondheidspeil van enige bevolkingsgroep word natuurlik bepaal deur 'n hele reeks van faktore, soos behuising, dieet, standaard van higienes.

(i) Behuising:

Plaasarbeiders woon gewoonlik saam in 'n gemeenskaplike statjie. Elke gesin se woning bestaan uit twee of meer hutte deur hulleself gebou met die beskikbare materiaal wat daar op die plaas is. Gewoonlik is die hut vierkantig met 'n plat sinkdak of 'n grasdak. Die hutte wat die woning uitmaak is gewoonlik teen aanmekaar of in die vorm van 'n reghoek gebou. Die mure word gewoonlik van grondsoode of klippe gebou en dan met klei afgepleister. Elk hut het 'n deur en een of twee venstertjies. Die grootte van so'n hut is ongeveer 14 vt. by 10 vt.

Rondawelhutte word ook gebruik, maar kom nie baie voor nie, blykbaar as gevolg van die gebrek aan materiaal veral gras om die dak mee te dek.

Wat die ameublement van plaasarbeiders betref, bestaan dit gewoonlik uit 'n paar rakkies wat teen die muur aangebring is. Verder is daar gewoonlik 'n tafel en 'n paar stoele in elke hut. Beddens kom baie selde voor en die mees algemene slaapvoorwerp bestaan uit 'n gevlegde matjie of gebreide skaapvel waarop hulle slaap. So 'n vertrek dien natuurlik nie net as 'n slaapvertek nie, maar word vir alle doeleindes gebruik.

Oor die algemeen word hierdie vertrekke baie skoon gehou. Die Komitee op Plaasarbeid het in hul verslag (par. 240) tot die gevolgtrekking gekom dat: " U Komitee het geen rede om die geskiktheid van die tipiese naturellewoning wat in die loop van eeue ontwikkel het om aan behoeftes van 'n landelike bevolking te voldoen

in twyfel te trek nie. Sommige van hierdie wonings is deur ons ondersoek. Oor die algemeen was hulle goed, en binne - in het hulle voorkome getuig van die trots van die bewoners....." 1)

In vergelyking met die toestande wat in en om baie stedelike gebiede heers, is die plaasarbeiders waarskynlik oor die algemeen daar gunstiger aan toe wat behuising betref. In die eerste instansie is behuising vir plaasarbeiders vry. Daarenteen is die stedelike naturel wat nie herberg vir hom en sy gesin teen betaling van 'n gereelde huur in een of ander behuisingskema kan vind nie, daarop aanggewys om selfs 'n geskikte perseel te vind, dikwels in 'n te digbevolkte en onhigieniese plakkerdorp, en daar met die nodige boumateriaal wat hyself vind, 'n woning te bou wat dan gewoonlik van baie swak gehalte is.

(ii) Dieët:

Naturellegesinne xxx op plase leef hoofsaaklik van mieliepap en melk. Vleis is nie altyd beskikbaar nie, alhoewel daar in die reel min maaltye is wanneer hulle nie vleis het nie. Hulle vleisvoorraad word aangevul uit hulle eie besittings soos pluimvee en varke. Hulle vleisrantsoen bestaan verder uit wild wat hulle jag.

Van mieliemeel word ook verskillende soorte dranke gemaak soos " sunrpap" en " machleue". Hulle is veral lief vir laasgenoemde. Dit lyk en smaak amper soos kafferbier maar besit geen alkohol nie. Dit word veral gebruik as middele om hulle dors te les. Verder drink hulle taamlik gereeld koffie.

Die vernaamste groentesoorte wat hulle eet is aartappels, boontjies en pampoene wat hulle op hulle lande of in hulle eie tuintjies kweek.

1) Die naturel in die Suid - Afrikaanse landbou : Referate gelewer op die vyfde Jaarvergadering van die Suid - Afrikaanse Buro vir Rasseaangeleenthede. P. 77

In die getuienis wat Dr. Cluver gelewer het in verband met 'n ondersoek ingestel onder beskerming van die Suid - Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudings oor plaasarbeid in die Oranje - Vrystaat in 1939, beweer hy dat daar amper 'n volslae gebrek aan kalk in die dieët van die Vrystaatse plaasarbeider is. Die beskermende kossoort soos melk, groente, vrugte en vleis ontbreek. Die lewenskragtigheid van die plaasarbeid word ondermyn deur sy uitsluitlike stysel - dieët, terwyl die gebrek aan melk verantwoordelik is vir die toename in tering. Deurgaans het die gesondheid van plaasarbeiders volgens hom , baie agteruitgegaan as gevolg van gebrekkige voeding en ondervoeding.

Hierdie bewering skyn oordrewe te wees, want die gesondheidstoestande van die plaasarbeiders is oor die algemeen goed. In die algemeen skyn dit asof die plaasarbeiders beter gevoed word as die stedelike naturel vir wie brood uitsluitlik die stapelkos geword het. Op die plaas is die naturel in die posisie om sy basiese voedselrantsoen aan te vul met tradisionele en ander bykosse wat dikwels voortgebring word deur sy eie diere en op landerye wat deur die boer aan hom toegewys word.

(iii) <u>Standaard van higiene</u>:

Die algemene higieniese toestande van plaasarbeiders is betreklik goed. Siektes soos tuberkulose kom wel onder plaasarbeiders voor, maar in 'n baie geringe mate. Dit wil voorkom asof tuberkulose meer onder stedelike naturelle as onder plaasarbeiders voorkom.

Hoewel die naturel in die stad waarskynlik nader aan hospitale en ander mediese fasiliteite is, is daar vir die naturel op die plaas weer ander voordele beskikbaar. Die noodwendige meer persoonlike aard van die verhouding tussen werkgewer en werknemer op die plaas is bevorderlik vir 'n persoonlike belangstelling ook in die algemene welsyn en gesondheid van die werknemer. Hierdie persoonlike verhouding is feitlik geheel en al afwesig in die nywerhede en industrieë van die stad. Verder is die gesonder opelug-omgewing op die plaas, die afwesigheid van opeenhoping en samehokking soos dit aangetref word in die

stedelike agterbuurtes en plakkerdorpe en dergelike omstandighede, natuurlik ook bevorderlik vir die gesondheid van plaasarbeiders. Vry mediese diens word ook aan plaasarbeiders verskaf deur distriksgeneeshere en naturelle moet slegs vir die medisyne betaal. In die meeste gevalle word hierdie onkoste ook deur die boer gedra.

Ook wat bestaansveiliging betref, is die plaasarbeiders oor die algemeen beter daaraan toe as die stedelike naturel. Die Instituut vir Rasseverhoudings erken hierdie toestand en verklaar in hulle verslag oor plaasarbeid in die Oranje - Vrystaat in hierdie verband : „ Hoewel daar by die landbou geen verpligte vorm is van sosiale versekering, soos pensioene en versekering taen siekte en werkloosheid nie, is plaasarbeiders in die praktyk daar beter aan toe in hierdie opsig as naturelle arbeiders in die stede. Op talle plase is daar oues van dae wat vry huisvesting en dikwels 'n stukkie grond het. In siekte gevalle verskaf die distrikggeneesheer vry dienste..... Eindelik is daar baie min gevaar dat 'n naturel wat 'n paar jaar op 'n plaas gewerk het, ooit heeltemal hopeloos sal wees deurdat hy geen werk kan kry nie. 1)

5. <u>Maatskaplike Euewels:</u>

Dit is natuurlik 'n bekende feit dat misdaad op baie groter skaal voorkom in die stedelike gebiede as op die platteland. Dit geld ook ten opsigte van die naturel en die algemene slotsom waartoe 'n mens kom is dat die gemiddelde plaasarbeiders 'n wetsgehoorsame staatsonderdaan is met 'n gesonde ontsag vir die gesag van die gereg. (2) Hierdie stelling was ook baie duidelik waarneembaar by die monstergesinne in die monstergebied. Daar was geen klagtes van boere dat hulle arbeiders hulle skuldig maak aan oortredings nie.

1) Ibid. P. 77

2) Ibid. P. 79.

Daar is egter een aspek waarmee boere te kampe kry naamlik die grootskaalse bierdrinkery van plaasarbeiders . Boere ondervind in hierdie verband heelwat moeilikheid met hulle arbeiders. Aangesien kafferbier 'n groot persentasie alkohol bevat, en die feit dat naturelle dit in sulke groot hoeveelhede drink, moet hulle natuurlik aantas. Die gevolg is dat boere veral in die Kersgety baie las van hulle arbeiders ondervind wat weens hulle besope toestand nie kan werk nie. Plaasarbeiders moet egter volgens Wet, toestemming van hulle werkgewer ontvang om kafferbier te brou.

Dit moet egter daarop gewys word dat kafferbier van tradisionele gehalte , belangrike aanvullende voedingswaarde besit. Daar is egter verder min aanduiding dat die euwel van sterker brousels al uit die stede versprei het na die platteland. Daggarokery kom hier en daar onder plaasarbeiders voor, maar nie in 'n baie groot mate nie.

6. <u>Verhouding tussen Arbeiders en Boere:</u>

Algemeen gesproke is die verhouding tussen boere en hulle arbeiders vriendskaplik van aard. Daar moet egter op die feit gewys word dat verhoudings tussen boere en hulle werknemers die afgelope vyftig jaar baie verander het.

Vroeër was die verhouding tussen boer en arbeider baie meer persoonlik van aard as wat vandag die geval is. Dit was die tyd toe bediendes byvoorbeeld saans in die kombuis bymekaar gekom het om die huis - godsdiens by te woon. Dit is 'n gebruik wat vandag glad nie meer bestaan nie en so te sê uit-gesterf het.

Die rede vir hierdie veranderde verhoudings moet toegeskryf word aan veranderde ekonomiese toestande. Vroeëre jare was boerdery baie meer gemaklik want daar is hoofsaaklik met vee geboer met die gevolg dat daar nie so baie werk op 'n plaas was as vandag die geval is nie.

Plase is vandag baie kleiner as wat vroeër die geval was en boerdery is vandag meer 'n " besigheid". Die dae van die trekos is verby en boerdery het meer gemaganiseerd geraak.

As gevolg van die ontwikkeling van nuwe industriee en die ontdekking van goud in die Vrystaat, het baie lede wan naturelle - gesinne, veral die jonger geslag, na die goudvelde gaan om daar te gaan werk, met die gevolg dat die naturel se gehegtheid aan die grond baie afgeneem het. Die gevolg was dat wat Carlyle noem die „ kontant nexus" 'n neiging getoon het om die ouer persoonlike betrekkinge te vervang.

'n Mens sien dus dat as gevolg van die veranderde toestande, waarin boerdery gemeganiseerd geraak het, nuwe nywerhede ontstaan het en nuwe mineraal bronne ontdek is, die verhouding tussen werkgewer en werknemer ook 'n totale verandering ondergaan het.

Die algemene indruk wat 'n mens kry, is dat die verhouding tussen boer en arbeider een is van 'n meerdere teenoor 'n mindere. Hierdie houding word duidelik weerspieël in die alledaagse omgang tussen die boer en sy werkvolk. Die wyse waarop die boer sy volk aanspreek is 'n vriendelike dog neerhalende een. Alle neigings van werkvolk om afbreuk te doen aan hulle afhanklikheid van die werkgewer word deur laasgenoemde ten strengste afgekeur. Dit moet ook toegeskryf word aan ekonomiese omstandighede. Die element van risiko is in alle ondernemings aanwesig, en waar dit boerdery aangaan is hierdie risiko baie groot. Hoe groter die element van die risiko in 'n onderneming hoe groter is afhanklikheid aan die kant van die arbeiders, word deur die werkgewer geeis. Die boer aanvaar byvoorbeeld 'n baie groter risiko as die industrieële werkgewer en hy eis dus 'n groter mate van afhanklikheid. Hierdie verskynsel is veral waarneembaar in die katoen - streke van die Verenigde State, waar daar min kleur-onderskeid is en waar die risiko met een enkele markoes abnor-(1)

1) Verslag van ondersoek ingestel onder beskerming van die Suid - Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudings oor Plaasarbeid in die Vrystaat.

P. 40.

maal is.

Dan is daar natuurlik behalwe hierdie fundamentele oorsake wat verantwoordelik is vir die verhouding tussen werkgewer en werknemer, ook die tradisionele Suid - Afrikaanse sienswyse dat die naturel maatskaplik die mindere is, 'n ras wat streng maar regverdig behandel moet word. Alle goedgunstige toegewings an voordele wat die volk van hulle baas kry is nie 'n kwessie van aanspraak van die arbeider se kant nie, maar wel 'n kwessie van toegeeflikheid aan die kant van die werkgewer.

Dan is daar ook nog die Kontrak tussen boer en gesinshoof waarin die werksman se gesin en afhanklikes outomaties ingesluit word. Hierdie vorm van kontrak tussen boer en werkgewer veroorsaak soms 'n gevoel van gespannendheid tussen die twee, omdat dit gebruiklik is onder die Bantoe dat sy gesin en afhanklikes die hoof van die gesin moet gehoorsaam. Die meeste boere hou egter hierdie feit in gedagte en instruksies aan die gesin word deur middel van die gesinshoof gedoen. Dit is veral in die laaste jare dat arbeiders gekant geraak het teen die idee dat hulle vrouens in die kontrak ingesluit moet word, en dit is veral die jonger geslag wat daarteen gekant is, dat hulle vrouens moet werk.

Ten slotte kan 'n mens se dat die hele kwessie van verhouding tussen boer en arbeider by die volgende punte berus: Bereidwilligheid van arbeiders; beleefdheid en getrouheid. Verder berus die verhouding ook by die boer self. Sommige boere is meer verdraagsaam as ander en misstappe deur arbeiders begaan word byvoorbeeld deur die een boer in nie so ernstige lig beskou as by 'n ander boer nie. Optrede teenoor plaasarbeiders verskil ook van boer tot boer.

Nuus versprei gou onder plaasvolk en in gevalle waar die boer miskien arbeiders bedrieg het of baie hardhandig opgetree het, of miskien bars is in sy optrede teenoor hulle, raak dit gou bekend. Hierdie nuus word ook dikwels vergroot met die gevolg dat nie slegs die indiwiduele boer nie, maar ook die res van die boere- gemeenskap daaronder lei.

7. Algemene Sosiale Lewe:

Behalwe vir 'n paar uitsonderlike gevalle is die sosiale lewe van plaasarbeiders beperk tot kerk - bywoning en bierpartye. Daar bestaan geen verenigings, klubs of sportfasiliteite vir plaasarbeiders soos in die geval van naturelle - arbeiders in die stede nie.

Soos reeds voorheen gemeld, behoort die grootste persentasie van die plaasarbeiders aan die een of ander kerk en hulle woon dan ook ten minste eenmaal per maand kerkdienste in die naaste kerk by, gewoonlik in die dorpslokasies. Verder moet dienste ook van tyd tot tyd op plase deur ouderlinge van die verskillende kerke gehou word.

Bierdrinkery is byna universeel en bierpartye vorm feitlik die enigste sosiale byeenkoms. Volgens Wet mag naturelle nie sonder toestemming bier brou nie. Naturelle is versot op bier en dit is veral Sondae dat arbeiders van aangrensende plase bymekaar kom om bier te drink.

Ander vorme van sosiale byeenkomste vloei voort uit enkele van die naturelle se ou tradisionele gebruike wat, ten spyte van die feit dat hulle gebore en groot geword het te midde van 'n blanke beskawing, nog voortbestaan alhoewel miskien in 'n ietwat gewysigde vorm. Die vernaamste van hierdie ou tradisionele byeenkomste is huwelikspleegtighede , inlywingsseremonies, begrafnisseremonies en geboorte-seremonies.

(i) Huweliksplegtighede:

Daar is reeds in vorige hoofstukke daarop gewys dat die mees algemeen tipe van huwelik wat onder die monstergesinne gevind is, die ou tradisionele „ bogadi" huwelike is. Met ander woorde, die oorhandiging van artikels (in hierdie geval vee of geld) deur die groep van die bruidegom word nog beoefen.

Die jongman besoek sy aanstaande bruid gewoonlik in die geheim. Wanneer hy seker is van sy keuse, sal hy sy vader verwittig van sy voorgenome huwelik. Sy vader sal dan na die vader van die aanstaande bruid gaan en hom verwittig van die voorgenome huwelik. Die vrou word dan uitgeroep en daar word aan haar gevra of sy die seun van die man ken. Indien haar antwoord bevestigend is, word dit aanvaar dat sy bereid is om met die jongman te trou. Hierna begin die onderhandelings tussen die twee familiegroepe oor die aard en hoeveelheid „ bogadi" wat verhondig moet word aan die groep van die bruid. Hierdie onderhandeling geskied in die vorm van 'n formele party wat deur lede van beide groepe bygewoon word. Hierdie onderhandelings neem die vorm aan van 'n mondelinge kontrak.

Dit gebeur dikwels dat die bruid deur die jongman en 'n paar van sy vriende geroof word , voor die bepaalde troudag. Die bruid is gewoonlik gewillig om die ontvoering te aanvaar en gaan bly dan by die man tot die huwelik later tradisioneel voltrek word.

Op die bepaalde troudag word al die naturelle van die omliggende plase uitgenooi na die plegtigheid . Dit is die plig van die bruid se vader om ten minste een bees en een skaap te slag en verder te sorg vir al die verversings en drinkgoed, wat hoofsaaklik uit kafferbier bestaan.

Al die bloed van die geslagte bees word opgevang in 'n potjie en dan gekook. Die bruid en bruidegom moet van die gekookte bloed eet en dan is hulle nou wettiglik man en vrou. Hierna begin die feesviering deur die gaste wat gewoonlik gepaard gaan met sang en bierdrinkery. Na die plegtigheid verby is, keer die bruid saam met haar man as sy wettige eggenoot terug na sy tuiste . Van nou af is dit haar plig om vir hom te sorg en kinders in die wereld te bring.

(ii) Inlywingseremonies:

Waarskynlik een van die belangrikste ou gebruike by plaasarbeiders is die puberteitskole vir seuns en dogters wat gehou word. Soos ook reeds in Hoofstuk 2 gemeld is, is die essensie van die skole die beklemtoning van die oorgang van die kind tot volwassenheid. Dit blyk egter dat die patroon van die skole soos hulle deur die plaasarbeiders in die monstergebied gehou word 'n ietwat gewysigde vorm aanneem indien dit vergelyk word met die tradisionele stamskole van die Bantoe.

(iii) Skool vir seuns:

Die ouderdom waarop die seuns gewoonlik na die inisiasieskool gaan is net nadat hulle puberteit bereik het, Wanneer 'n groep seuns in 'n sekere gebied die ouderdom bereik het waarop hulle na die inisiasieskool moet gaan, word daar deur een van die ouers toestemming tot die bou van so 'n skool by 'n boer op sy plaas gevra. Boere hou in die reel nie daarvan dat skole op hulle plase gebou moet word nie. Boere wat wel toestemming tot die bou van so 'n skool op sy plaas gee, ontvang as vergoeding 'n bedrag van £1 van elke kandidaat.

Die inisiasieskool vir seuns word gewoonlik gedurende die winter gehou. Die plek waar die skool gebou word is gewoonlik op 'n berg of heuwel, heeltemal apart van die res van die gemeenskap.

'n Paar tydelike hutte van gras en hout waarin hulle slaap word deur die inisiante self opgerig. Die leermeesters bestaan gewoonlik uit 'n paar van die ouer volk. Een van die persone is gewoonlik ook bekend met die tegniek van besnydenis, wat uitgevoer moet word.

Op die bepaalde dag word elke kandidaat dan deur 'n paar van sy ouer manlike familielede na die skool vergesel. Die amptelike opening van die skool bestaan uit 'n formele party gereel deur die leermeesters en die ouer mans wat die kandidate vergesel het. Die wolggende dag vind die besnydenisseremonie plaas. Die operasie word met behulp van 'n mes gedoen . Daar word van geen verdowingsmiddels of ontsmettingsmiddel gebruik gemaak nie. Die duur van die skool is solank as wat die wonde neem om te genees.

Gedurende hulle verblyf in die skool ontvang die seuns onderrig in verband met algemene dinge, soos o.a. seksuele aangeleenthede. Die onderrig geskied deurmiddel van liedere wat gesing word. Somtyds sing hulle dwarsdeur die nag. Die skool word dan ook van tyd tot tyd deur die mans van die aanliggende plase besoek vir wie die kandidate dan moet sing.

Wanneer die wonde genees is, loop die skool ten einde en die inisiante keer terug na hulle onderskeie tuistes. Die seuns word nou beskou as volwassenes en kan ook in die huwelik tree.

(b)<u>Skool vir dogters:</u>

Dieselfde prosedure as in die geval van die seuns word gevolg . In teenstelling egter met die seuns se skole wat heeltemal geisoleerd van die samelewing gehou word en die feit dat die seuns glad nie gedurende die skool deur die vroulike geslag gesien mag word nie , word die skool vir dogters by die wonings van plaasarbeiders gehou.

Informasie in verband met die dogters se skole is moeilik verkrygbaar, maar volgens beskikbare gegewens wil dit voorkom asof daar geen besnydenis by hulle plaas vind nie. Die liggame word met vaal bruin klei besmeer en dit word eers afgewas nadat die skool ten einde loop. Die skool vir meisies word in teenstelling met die van die seuns wat in die winter gehou word, in die somer gehou.

Die onderrig wat hulle ontvang handel ook oor daaglikse dinge en veral oor seksuele aangeleenthede. Die leermeesteresse bestaan uit ouer vrouens. Die onderrig geskied net soos in die geval van die seuns deur middel van sang. Hulle word ook van tyd tot tyd deur mans en vrouens besoek vir wie hulle dan moet sing. Die skool duur gewoonlik 'n maand. Na die be-eindiging van die skool word die klei afgewas en die meidjies word beskou as volwasse vrouens wat kan trou en kinders in die wereld kan bring.

(iii) <u>Begrafnisseremonies:</u>

Begrafnisseremonies vorm ook tot 'n mate 'n sosiale byeenkoms vir plaasarbeiders, aangesien dit gewoonlik gepaard gaan met 'n party na die begrafnis verby is.

Indien 'n vrou 'n miskraam het, of die kind kort na die geboorte sterf, word die kind dadelik deur die bystaanders of vroedvroue begrawe. Die lykie word in 'n kleipot geplaas en op die ashoop voor die hut begrawe. Die graf is nie baie diep nie, gewoonlik net so dat die pot bo-op met grond bedek is. Na die kindjie begrawe is, word alles wat in aanraking was met die vrou en kind gereinig. Die reinigingsmiddel bestaan uit wortels van 'n sekere soort plant wat in water fyngemaak word. Die rede waarom die kindjie op die ashoop begrawe word en alles gereinig word is om te voorkom dat die vrou weer 'n miskraam het. Daar word geglo dat, indien die kind nie 'n kleipot op die ashoop begrawe word nie, die vrou onvrugbaar sal word.

Wanneer 'n volwasse persoon egter te sterwe kom, word 'n ander prosedure gevolg. Die patroon van die seremonie kom baie ooreen met die van die Blankes. As so 'n persoon aan die een of ander kerk behoort het, sal die diens gelei word deur 'n predikant of ouderling van daardie betrokke kerk. Indien so'n persoon aan geen kerk behoort het nie, sal die diens deur een van die ouer mans of vrouens gelei word.

Na die begrafnis vind dieselfde reinigingsproses plaas as wat die geval is wanneer 'n kind begrawe is. Alle gereedskap en persone wat in aanraking was met die lyk, word gereinig.

Die familielede van die oorledene het intussen 'n skaap of 'n bees geslag, en na die reinigingsproses gaan almal huistoe om te gaan eet en drink. Hierdie gebruik om 'n party te hou na die begrafnis vorm as't ware 'n deel van die begrafnis.

(iv) <u>Geboorteseremonies:</u>

Wanneer die tyd aanbreek dat die vrou geboorte moet gee aan haar eerste kind, gaan sy by haar ouers inwoon, waar die bevalling dan moet plaasvind. Die rede hiervoor is dat sy onder die persoonlike sorg van haar eie familie kan wees gedurende die bevalling. Indien sy nie onder die persoonlike sorg van haar familielede is nie, en daar gaan iets verkeerd gedurende die geboorte soos 'n miskraam, mag die groep van die bruidegom beswaarmaak dat sy onvrugbaar is en weier om verder „ bogadi" te oorhandig aan haar groep.

Twee of meer van die ouer vroue van die vrou se familie speel die rol van vroedvrou. Indie gevalle waar die vroue moeilik geboorte gee, word die hulp van 'n geneesheer ingeroep. Verloop die bevalling egter goed, saldie vrou in die vervolg by haar eie huis bly met die geboorte van haar ander kinders.

Indien die eerste kind 'n seun is , ontvang die vader 'n goeie loesing van sy vriende met 'n lat of 'n stok. Indien dit egter 'n dogter is, word daar 'n blik water op sy kop omgekeer. Die rede vir hierdie eienaardige optrede is dat die man ook 'n bietjie moet ly , want die vrou het swaar gedra aan sy kind en baie pyn verduur met die geboorte terwyl hy die hele tyd geen ongerief uitgestaan het nie.

5. Vrye Tydsbesteding van plaasarbeiders:

Plaasarbeiders, veral mans en vrouens wat in vaste diens is, het uit die aard van die saak baie min vry tyd tot hulle beskikking. Die enigste vry tyd wat hulle werklik het is Sondae en Saterdae middae wanneer die werkgewers hulle miskien die middag afgee. Daar bestaan ook nie klubs, verenigings en sport fasiliteite nie.

Die enigste werklike vrye tyd wat hulle het is Sondae en die kan op verskillende maniere deurgebring word. By die grootste persentasie van die mans en vroue van die monstergesinne is gevind dat of die man of die vrou aan die een of ander kerk behoort en dat hulle ten minste eenmaal per maand kerktoe gaan. Anders word vriende of familielede op naburige plase besoek. Indien die naturel tuis bly, sal hy miskien een of ander loswerkie sit en doen, miskien iets aan sy hut repareer en 'n paar skoene heelmaak of net sit en gesels. Naturelle is ook lief om te jag en veral die jong seuns tref 'n mens dikwels in die veld aan waar hulle besig is om te jag.

Vrouens het oor die algemeen vrye / meer tyd tot hulle beskikking as mans, veral vrouens wat net seisoenwerk doen. Behalwe hulle daaglikse taak as huisvrouens bly hulle besig deur miskien die mure van hulle hutte af te pleister of kledingstukke te maak.

Die kleiner kinders wat nie werk nie, bring meeste van hulle tyd in die veld deur, waar hulle hulself besig hou deur klei -osse te maak en allerhande speletjies te speel. Hulle is veral ook lief om te jag en 'n mens sien hulle dikwels in die veld met hulle honde waar hulle besig is om voels en kleinwild te jag.

oooooooooooooooooooooooooooooooooooooo

HOOFSTUK 6.

WETGEWING WAT BETREKKING HET OP PLAASARBEIDERS.

Daar is verskeie beheermaatreels en Wetgewing wat betrekking het op plaasarbeiders. Die plaasarbeiders wat as verteenwoordigend uit die monstergebied geneem is, is vanseëfsprekend ook onderworpe aan hierdie beheermaatreels en wetgewing. Die vernaamste van hierdie beheermaatreels en wetgewing wat betrekking het op hulle , kan kursories as volg opgestel word:-

(1) Die Regte van Naturelle op grond wat nie vir hulle spesiaal opsygestel is nie.

In hierdie verband word behandel die regte wat naturelle op grond het wat nie spesiaal vir hulle afgesonder is nie, met ander woorde op grond wat buite die naturellereserwes en lokasies val en wat dus in die hande van Blankes en ander nie - naturelle is. Want, afgesien daarvan dat naturelle vandag woonagtig is op grond spesiaal vir hulle opsygestel of op grond wat aan ander naturelle behoort, is groot santalle woonagtig op eiendom of van die kroon of van partikuliere indiwidue of maatskappye. Hieronder val natuurlik ook plaasarbeiders wat op grond woon wat in besit is van indiwidue wat die boerderybedryf beoefen. Hierdie kwessie het eintlik twee aspekte naamlik: (a) Die okkupasie regte van naturelle ten opsigte van sulke grond en (b) die eiendomsregte van naturelle ten opsigte van sulke grond.

Met betrekking tot die okkupasie deur naturelle van grond gelee buite die reserwes, is daar wetlike beheermaatreels ten opsigte van die bewoning deur naturelle van:

(i) Partikuliere eiendom, byvoorbeeld Blanke plase behorende aan maatskappye en indiwidue.

(ii) Kroongrond (dit wil se kroongrond wat nie vir die naturelle afgesonder of vrygestel is nie).

Daar was vyf wyses waarop partikuliere eiendom (blanke plase ens) deur naturelle bewoon is.

(i) As voltydse diensbodes op boereplase. Naturelle wat by 'n boer in vaste diens is, word dikwels, benewens die maandelikse loon, ook reg gegee om 'n stukkie grond vir hulleself te behou en om 'n beperkte aantal vee op die plaas te laat wei.

(ii) Naturelle wat nie voltydse diensbodes is nie, maar wat toegelaat word om op die plaas te woon, 'n stukkie grond daar te bewerk en hulle beeste daar te laat wei, in ruil vir hulle gewoonlik onbetaalde arbeid vir 'n bepaalde periode, gemiddeld 90 dae.

(iii) Onder 'n stelsel van metayage. Onder hierdie stelsel word die reg aan die naturelle verleen om op die plaas te woon, grond daar te bebou en vee aan te hou op voorwaarde dat hy 'n deel daarvan aan die eienaar af staan. Hierdie sogenaamde " kafferboerdery" was baie gebruiklik in die Vrystaat voor die aanname van die Naturelle - grondwet van 1913.

(iv) Informele huur: Vir die reg om op die plaas te bly, grond te bebou en vee aan te hou betaal die naturel 'n jaarlikse huur.

(v) Formele huur: Stamme , groepe of indiwidue sluit 'n formele huurkontrak met die eienaar van die plaas en betaal 'n voorgestelde huurprys. In die Vrystaat was hierdie formele verhuring van grond altyd verbode.

Voorheen was hierdie vyf vorme bekend as"plakkery". Teenswoordig egter, word meestal slegs van "plakkers" gepraat by vorm 3 en 4. Hierdie kafferboerdery het baie sosiale en ekonomiese euwels meegebring, deurdat ongewenste persone bymekaar gergader en veediefstal en siektes vinnig toegeneem het. Die plakker - diensstelsel wat in dele

van die Unie beter bekend staan as die „ plakkers - stelsel", bestaan vandag hoofsaaklik in die provinsies van Transvaal en in noord - Natal. In die Vrystaat is dit net in 'n paar distrikte in swang, terwyl dit in die Kaapprovinsie feitlik gladnie meer bestaan nie.

Die owerheid het hom dus geroepe gevoel om in hierdie regsverhoudinge in te gryp, en daardeur te poog om die misbruike,, waartoe hierdie stelsels hulleself leen, uit te skakel. Die eintlike doel van die wetgewing in verband met die plakkery in die verskillende Provinsies was om te verhoed dat naturelle wat nie nodig is vir die behoorlike bewerking van die eienaar se eiendom nie , hulle vestig op private eiendom of Kroongrond wat nie vir hierdie doel afgesonder is nie.

Die regerings van die Transvaal en die Vrystaat het in 1895 na onderlinge oorlegpleging , soortgelyke wette aangeneem. Die Vrystaatse Wet is breedvoeriger en duideliker omskryf enweens die kleiner naturelle bevolking en afwesigheid van plaaslike probleme en in teenstelling met die Transvaal, is die Vrystaatse Wet hoewel groot administratiewe probleme ondervind is, daadwerkliker toegepas.

2. <u>Plakkerswet van die O.V.S.:</u>

Die plakkerswet van die O.V.S. is opgeneem in Hoofstuk 133 van die Wetboek, soos gewysig deur Wet No. 4 van 1895. Hierdie Plakkerswet van 1895 van die O.V.S. het dieselfde grondbeginsel as Wet 21/1895 van die Transvaal beliggaam derhalwe ook met die beperking van vyf gesinne op enige plaas (Art. 9). Elke afsonderlike stuk grond wat afsonderlik geregistreer is, en elke onverdeelde deel van sodanige grond wat geregistreer is op naam van 'n blanke word as afsonderlike plase beskou. Op enige plaas of deel daarvan deur 'n Blanke geokupeer word nie, mag nie meer as twee naturelle gesinshoofde aangehou word nie. Onder sekere omstandighede

wanneer dit nodig is vir die plaaswerk, mag die Landros toestemming gee dat hoogstens 15 gesinne aangehou kan word; en besit die reg om, as die omstandighede sodanig verander het, daardie verlof weer in te trek. Die eienaar van 'n plaas moes 'n jaarlikse fooi van £5 betaal vir elke hoof van 'n gesin bo die tiende. Onder Art. 11 is o.a. die volgende persone nie vir die kwota , wat 'n boer op sy plaas mag he, by gereken nie: Ongetroude arbeiders, gesinshoofde wat net tydelik vir 'n bepaalde doel verhuur is.

In 1905 het die Regering van die Oranje Rivier Kolonie besluit dat die Plakkerswet nie van toepassing sal wees op sekere persone nie, o.a. : (a) Geregistreerde huurders van gedeeltes van plase; (b) erfgename wat vasgestelde gedeeltes van 'n plaas, wat hulle na die eienaar se dood sal erf, bewoon; (c) eienaars wat plase gekoop het maar waarvan die oordrag nog nie afgehandel is nie.

Bogenoemde persone word beskou asof hulle 'n hele plaas gehuur het, maar hulle het nie die reg om aansoek te doen vir addisionele gesinne nie.

3. Die Naturellen Grond Wet No. 27 van 1913:

Belangrike veranderings met betrekking tot die Plakkerswette in die vier Provinsies is deur die Grondwet van die Naturelle Wet No. 27 van 1913 aangebring.

Vir die Transvaal is die beperking op die aantal naturelle wat op die plaas woonagtig mag wees, opgele by die Plakkerswet van 1895, opgehef. Hierdie bepaling het nie vir die Vrystaat gegeld nie . Die uitwerkinge van die Naturellen- Grondwet van 1913 op die Plakkerswet in die O.V.S. is om in die Vrystaat al die bestaande beperkings op die besitname van grond deur naturelle te behou.

Plakkers is onder die bepalings van die Heer - en Diens bodewette ingeskakel soos dit die geval was voordat Hoofstuk C XI van die Wetboek van die Oranje - Vrystaat herroep is , terwyl verpagting van grond ook deelsaai insluit.

4. Die Naturelle - Dienskontrak Wet No. 24 van 1932.

Die bedoeling van hierdie wet om die Transvaalse en Natalse wette met betrekking tot Here - en Diensbodes te wysig, die Naturellen Grondwet van 1913, aan te vul, 'n belasting op sekere grondeienaars te le , en voorsiening te maak vir aanverwante aangeleenthede Die Wet is nie van toepassing op die Kaapprovinsie nie, en raak die Vrystaat alleen vir sover dit die toepassing van die Naturellen Grond-Wet van 1913 betref. Hierdie wet is deur Wette Nos. 18 van 1936 en 36 van 1944 gewysig.

Artikel 7 van die Naturelle - Dienskontrak Wet is die enigste artikel wat betrekking het op die Vrystaat. Die artikel wat die verduideliking van die Naturellen Grond Wet van 1913 bevat en waarna verwys is in die inleiding, was bedoel om die moeilikheid van vervolgings teen nie- Naturellegrondbesitters onder die Wet te voorkom, naamlik om vas te stel of die feit dat so 'n grondbesitter 'n werklike medepligtige is van enige naturel wat sy grond bewoon en 'n oortreder is volgens die bepalings van hierdie Wet. Om hierdie moeilikheid te voorkom, plaas die artikel op die eienaar van die grond, die bewyslas, wat onder gewone omstandighede op die kroon sou rus.

5. Die Naturelletrust - en Grondwet 1936:

Volgens Rodgers was die doel van die Wet die volgende: "The Act was designed as an interim. easure and it was intended to check the indiscriminate occupation of land by Europeans and Natives with its attendant evils and, by temporarily restricting the further

aquisition of land by Natives so far as that would be done without undue hardship, to maintain the statusquo as regards the ownership and occupation of land pending the passing of a definite, comprehensive and final measure, which based upon the report of the Commission for the appointment of which provision was made in section two of the Act, would lay down permanent lines of territorial segregation, i.e. permanent Native areas/outside of which Natives would not / be permitted to aquire land.1)

Onderstaande is 'n samevatting van die bestaande regsbepalings ten opsigte van die bewoning deur naturelle van grond gelee buite die afgesonderde naturellegebiede en oppgestelde gebiede:

By Wet 27/13 is dit verbode vir naturelle om sodanige grond te huur van nie - naturelle, anders as met goedkenning van die Goewerneur - Genraal; onder huur word dan verstaan daardie ooreenkomste waarby 'n naturel, as vergoeding vir die reg om die grond of enige gedeelte daarvan te gebruik :

(i) Aan iemand rente in geld betaal of toesê.

(ii) Aan iemand 'n aandeel in die opbrengs van sodanige grond wat hy gebruik, gee of toese.

(iii) Enige teenwaarde van watter aard ookal gee of toese, uitgesonder sy eie werkkrag of dienste, of die werkkrag of dienste van lede van sy gesin

Hierdie verbod kom daarop neer, dat sonder goedkeuring van die Goewerneur - Generaal 'n boer op sy plaas mag aanhou slegs :

(i) Voltydse diensbodes.

(ii) Ander naturelle (bekend as plakkerdiensbodes) en as vergoeding om op die plaas te wooh, hulle eie werkkrag of dienste lewer, of die werkkrag of dienste van lede van hulle gesin.

(iii) Naturelle wat gratis deur die eienaar op die grond toegelaat word.

1) Rodgers, H : Native Administration of the Union of South Africa. P.144

Enigeen wat as party betrokke is by 'n poging of ooreenkoms tot sodanige verhuring van grond is skuldig aan 'n oortreding strafbaar onder Art. 5 van Wet No. 27 van 1913. Die naturel mag niks anders as net sy eie werkkrag of die krag van die lede van sy gesin as teenprestasie lewer nie. Die huur van weiregte deur naturelle van nie - naturelle is nie 'n "huur" ooreenkoms in terme van Wet 27/13 nie, en is derhalwe hie by Wet 27/13 verbied nie.

Dus, sonder toestemming van die Goewerneur - Generaal mag 'n boer op sy plaas geen naturel aanhou nie, tensy hierdie naturel een is wat of voltyds teen 'n maandelikse loon werk, of sy eie dienste of die dienste van lede van sy gesin aan die boer toese.

Oor die antal naturelle wat binne hierdie laaste katagorie val en wat die boer op sy plaas mag aanhou, asook die voorwaardes "bv. die tydperk" van diens, bestaan daar wetlike voorskrifte maar vir die grootste gedeelte is hierdie voorskrifte vervat in voor Unie Wette. Wat die aantal naturelle betref en die voorwaardes van hulle diens, is die posisie in die Vrystaat dus as volg: Vir die Vrystaat geld nog die wetlike voorskrifte van voor Unie - Hoofstuk 133 van die O.V.S. Wetboek soos gewysig by Wet No. 4 van 1895. Art. 9 van Wet 4/1895 bepaal dat elke geregistreerde eienaar van 'n plaas deur homself of deur'n blanke persoon bewoon, die reg sal hê om vyf gekleurde gesinshoofde op sy plaas of deel van sy plaas kan aanhou, indien die plaas nie deur die eienaar self of deur 'n ander blanke persoon bewoon word nie, mag nie meer as twee naturelle-gesinne op so'n plaas aangehou word nie.

Hierdie bogenoemde bepaling word blykbaar nie streng toegepas in die Vrystaat nie. Boere hou in die reel net soveel gesinne op hulle plase aan as wat hulle wil. Dit is ook op die plase wat besoek is gevind. Dit gemiddelde aantal naturelle-gesinne op die plase wat besoek is, wissel van 9 tot 11 per plaas . Op sommige plase is daar selfs twintig en meer huisgesinne.

6 . Die Naturellearbeid Regetingswet (No. 15 van 1911.)

Hierdie Wet, soos van tyd tot tyd gewysig, reguleer die werwing , indiensneming, huisvesting, voeding en gesondheidstoestande van naturellearbeiders. Die uitvoerende pligte ingevolge die Wet word vervul deur 'n amptenaar bekend as die Direkteur van Naturelle - arbeid wat sy hoofkwartier in Johannesburg het.

Maatreels ten einde toereikende toesig en beheer deur die Direkteur oor die werwing van naturellearbeiders, die voorwaardes waarop hulle in diens geneem word, behuis en gevoed word, te verseker, is in die bepalings van die Wet vervat. Die vernaamste bepalings van die Wet is die volgende:

(i) Die proklamering van arbeidsdistrikte in gebiede waar groot getalle naturelle vir mynwerk, industrieële of ander werk in diens geneem word.

(ii) Die aanstelling van inspekteurs van naturellearbeiders , wie se plig dit is om ondersoek in te stel na griewe van die naturelle-arbeiders en dit, indien nodig, te herstel of aan die Direkteur te rapporteer, en om oor die algemeen die behuising en voeding van naturellearbeiders te inspekteur en daaroor verslag te doen.

(iii) Die lisensieering, deur die Direkteur, van werwers en van kampongbestuurders.

(iv) Die lisensieering, deur hom, van werkgewers van naturellearbeiders by myne en werke waar meer as vyftig naturelle in diens geneem word.

Wet No. 56 van 1949 het belangrike wysigings in die Wet tweeggebring. Die Wet maak o.a. voorsiening vir:-

(i) Die vorming, registrasie en beheer van groepe werkgewers in die boerdery, landbou, tuinbou en besproeiing, met die doel om naturelle te werf. Werwing deur hierdie groepe kan slegs deur gelisensieerde arbeidsagente gedoen word.

(ii) Die werwing van naturelle deur werkgewers en hul werknemers kragten permitte uitgereik deur die Magistrate van die distrikte waarin die werwing sal plaasvind.

Hierdie Wetgewing raak nie soseer die arbeiders in die monstergebied nie. Die enigste arbeidsdistrikte in die Vrystaat is Fauresmith, Viljoensdrift, Cadbrook en Boshof en hierdie distrikte val natuurlik nie binne die monstergebied nie. Die Wet het veral betrekking op naturelle-arbeiders by myne en ander groot werke en in die praktyk het dit nie eintlik betrekking op die plaasarbeiders in die monstergebied nie.

7. Heer-en Diensbode Wette:

Elke Provinsie het reeds by die tot standkoming van Unie sy eie wetgewing in hierdie verband gehad. So bv. bepaal Ordonansie 7 van 1904 die verhouding tussen Heer en Diensbode. Die vernaamste aspekte van die Heer en Diensbode Wette is die volgende:-

(i) Definisie van Diensbode:

Die algemene definisie van 'n diensbode lui in die ouer Statute as volg: „ Enige persoon wat teen betaling, loon of ander vergoeding diens lewer in die vorm van enige handewerk of enige ander liggaamlike arbeid in landbou of vervaardiging of in huiswerk of as 'n bootsman , portier of ander beroep van soortegelyke aard." (1)

In die Oranje - Vrystaatse Ordonansies is die omskrywing van „ diensbode" vollediger as in die ander Provinsies . Terwyl 'n groot aantal persone genoem word wat onderdie definiesie „ diensbodes" val, word ander wat daarvan uitgesluit word spesiaal genoem: „ Mynbou, bou, ingenieurswese en ander soortelyke werk," word bygevoeg by landbou, vervaardiging en huiswerk van die ouer Statute. Aan die ander kant word o.a. klerke en steendrukkers uitgesluit van die definisie „ diensbodes".

(ii) Die aangaan van 'n Kontrak:

Geen dienskontrak wat buite die Provinsie aangegaan is met 'n statutere diensbode, is geldig nie tensy dit skriftelik geskied en binne die Provinsie nagegaan en deur 'n Magistraat bekragtig word.

1) Die Naturel in die Suid- Afrikaanse landbou, Referate gelewer op die vyfde Jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasseaangeleenthede Januarie 1954.

Waar die kontrak in 'n Britse besetting of enige ander / vreemde gebied aangegaan word, is dit geldig wanneer dit voltrek word voor 'n Magistraat of Britse Konsul, wat bevestig dat die diensbode dit verstaan en akkoord gaan met die voorwaardes daarvan. 'n Kontrak wat nie deur sodanige beampte bekragtig is nie, is nogtans afdwingbaar wanneer bewysvoering, tot bevrediging van die Magistraat wat die saak verhoor, gelewer word dat die diensbode die voorwaardes daarvan verstaan en daarmee akkoord gaan.

Waar 'n Magistraat 'n Kontrak wat buite die Provinsie aangegaan is, nagaan en die voorwaardes daarvan onredelik en onbillik vind het hy die mag om dit te wysig.

In die geval van kontrakte wat binne die Provinsie aangegaan is, behalwe die wat skriftelik en voor 'n Magistraat voltrek is, is hulle nie geldig nie tensy die diens waarvoor die kontrak aangegaan is, bepaal word om binne 'n maand na die aangaan van die kontrak te begin.

(iii) Die duur van 'n Kontrak:

Met betrekking tot die Heer - en Diensbode Wette is geen Kontrak wat buite die Porvinsie aangegaan is, bindend vir meer as dtie jaar na die diensbode se aankoms in die Provinsie nie. In die geval van Kontrakte wat in die Provinsie aangegaan is, is geen Kontrak bindend vir meer as een jaar nie, tensy dit voor 'n Magistraat aangegaan en beedig is, in welke geval die Kontrak bindeed mag wees vir 'n tydperk so lank as vyf jaar.

Waar geen tydperk in 'n Kontrak genoem word nie, word dit geag vir een maand te wees. Waar 'n diensbode in diens geneem is om bepaalde stuk werk te doen, verstryk die Kontrak by die voltooiing van daardie stuk werk, en as die diensbode traag is, mag die Heer-die Kontrak beeindig na verloop van 'n redelike tyd wat nodig sou wees vir die voltooiing van die werk.

(iv) Tydperk nodig vir Opsegging van Diens:

Wat hierdie aspek betref, is daar in die Heer - en Diensbode Wette 'n vaste reel neergele, naamlik dat vir 'n Kontrak vir 'n maand of meer daar 'n kennisgewing van 'n maande nodig is, berekan vanaf en insluitende die dag van kennisgewing en vir 'n Kontrak van 'n week moet 'n week kennis gegee word.

(v). Wanneer 'n Kontrak summier beeindig mag word:

Algemeen gesproke mag enige gedrag, opsetlik of andersins, van een van die partye, wat voortdurend teenstrydig handel met die verpligtinge wat hy onder die Kontrak onderneem het, voldoende grond wees vir kansellering van die Kontrak. Die party wat die Kontrak kanselleer , moet egter bereid wees om voldoende bewys vir sy optrede te lewer of andersins vergoeding te betaal indien die ander party deur sy optrede onregverdig benadeel is.

Die Heer - en Diensbode Wette maak voorsiening daarvoor dat waar of die heer of die diensbode skuldig bevind word op aanklag van oortreding van enige bepaling van die Statute, die Magistraat die mag het om summier die kontrak te beeindig. Hy het dieselfde mag in die geval waar die heer skuldig bevind word dat hy die diensbode aangerand het of waar die heer in gebreke gebly het om 'n aanklag te bewys wat hy teen die diensbode ingebring het. En verder in enige saak deur die diensbode teen die heer aanhangig gemaak, waar dit duidelik is dat die heer nie „ regverdig en getrou" sy deel van die Kontrak nagekom het nie, mag die Kontrak op versoek van die diensbode beeindig word.

(vi) Loon betaalbaar by ontslag:

Waar die ontslag van 'n diensbode gedurende die loop van sy dienstermyn geregverdig is, is hy geregtig op loon tot die datum van ontslag, want wat die graad van wangedrag ook al mag wees, het die heer nietemin by die diens van die diensbode gebaat tot die oomblik dat hy ontslaan is.

(vii) Diensverlating:

'n Diensbode wat per maande gehuur word en sy diens in die middel van die maand verlaat is nie geregtig op enige loon vir daardie maand nie.

(viii) Die diensbode se posisie in die geval van Siekte:

Die Vrystaatse Ordonansie raak nie die vraag omtrent 'n diensbode se siekte aan nie en dus is die gemenereg hier opsale diensbodes van toepassing. (1)

(ix) Statutere oortredings:

Die volgende is die vernaamste oortredings waaronder 'n statutere diensbode skuldig bevind kan word:-

Om sonder wettige rede in gebreke bly om diens te aanvaar nadat 'n Kontrak aangegaan is; sy kontrak sonder toestemming of wettige rede verbreek; ongeskiktheid vir diens weens dronkenskap; versuim om enige werk wat aan hom opgedra is te doen of nalatigheid en onbehoorlike uitvoering van sy pligte; gebruikmaking vir sie doel vansy heer se eiendom; ongehoorsaamheid aan sy heer of enige ander persoon wat wettig oor hom aangestel is; die besig van lasterlike en beledigende taal teenoor sodanige persone; deur wederregtelike versaking van pligversuim of dronkenskap wat lei tot 'n onmiddellike verlies, beskadiging of ernstige risiko van sy heer se eiendom.(2)

Die hoofoortredings waaraan 'n heer bevind mag word, is die weerhouding van lone sonder redelike en gegronde rede waarom die lone nie verskuldig is nie; die versuim om voedsel, beddegoed of ander artikels waarontrent in enige geskrewe kontrak ooreengekom, te verskaf.

(1) In die monstergebied is gevind dat boere in die reel, waar hulle arbeiders weens siekte nie kan werk nie, nogtans hulle loon uitbetaal. Slegs waar arbeiders weens dronkenskap uit werk afwesig is of sonder goeie rede word deel van die loon afgetrek.

(2) Die algemene reel by boere in die monstergebied is om self op te tree in die geval van bogenoemde oortredings. Soos o.a. in die geval van dronkenskap word 'n deel van die maandelikse loon afgetrek.

(x) Aanmoediging om diens te verlaat:

Onder die Statute is dit 'n ernstige oortreding om 'n diensbode te verplig om sy diens te verlaat, om te behoort aan, of by te dra tot 'n Bnds of enige klub of vereniging / of om deel te neem aan enige beweging , met die doel om verandering teweeg te bring in diens ure; lone of ander voorwaardes van die dienskontrakte.

Algemeen gesproke blyk dit dat boere in die monstergebied en ook in die res van die Vrystaat, in die praktyk baie selde die wet op Here - en Diensbodes inroep nie ten opsigte van hulle regsverhouding tot hul plaasarbeiders.

8. Naturelle (Afskaffing van Passe en Koordineringe van dokumente) Wet 1952.

Alvorens hierdie Wet van nader beskou word, is dit nodig om eers te verwys na die aanvanklike paswette.

Die oorspronklike doel van die paswette, was om beheer uit te oefen oor die beweging van die naturellebevolking en om misdaad soos veediefstal te voorkom. Vroeër dae was die paswette eintlik bedoel om die instroming van naturelle uit naburige Bantoegebiede te beheer en vir die beskerming van eiendom op grensplase. Later, toe naturelle in diens van Blankes gekom het, het hierdie Wette gedien as middel om orde te handhaaf en rondlopery te voorkom. Voor Unie was daar geen uniforme passtelsel nie en elke regering het sy eie stelsel van kontrole gehad. So was daar in die Oranje - Vrystaat algemene voorsiening vir passe in die Plakkerswet gemaak. Dit het veral gehandel oor trekpasse , reispasse, inwaartse en uitwaartse passe.

Die Paswette soos gebaseer op verskeie Statute is in werking dwarsdeur die Unie, met uitsondering van die Kaapprovinsie.

Wetgewing in verband met Passe na Unie:

Volgens die Naturelle- Administrasiewet van 1927, mag die Goewerneur - Generaal deur proklamasie : (a) Pasgebiede skep

en reel waarin naturelle 'n pas moet dra. (b) Regulasies omskryf vir die beheer en voorkoming van beweging van naturelle in, binne en van sulke gebiede en (c) die herroeping van alle of enige wette met betrekking tot die dra van passe deur naturelle.

Regulasies is uitgevaardig onder Proklomasie No. 150 van 1934 waarin die Transvaal en die Vrystaat as pasgebiede verklaar is en waarin geen naturel sal binnegaan, rondreis binne die gebied of dit verlaat nie tensy hy in besit is van 'n pas. Die Proklomasie maak ook uitsonderings vir sekere naturelle soos een wat saam met sy blanke werkgever reis ens. Die bestaande Vrystaatse Wette in verband met passe is deur hierdie Proklomasie herroep. Die Proklomasie definieer 'n "Naturel" as enige manlike persoon bo die ouderdom van 18 jaar wat 'n lid is van enige inboorlingstam of ras van Afrika (1).

Die vernaamste artikel wat veral betrekking het op plaasarbeiders lees as volg:" Any Native residing on a farm or on any private property who desires to travel within a pass area for the purpose of visiting or on the business of his employer may do so upon a pass issued by the owner or occupier of the farm or private property on which he resides or by his employer as the case may be."(2)

Op verskillende tye is vertoe gerig en voorstelle ingedien deur liggame en Kommissies wat die afskaffing en hersiening vandie Paswette voorstel. In Oktober 1951 het sy Edele die Minister egter 'n interdepartementele Komitee aangestel om onder andere 'n ondersoek in te stel na :

(i) Hoe die passtelsel by die bevolkingsregistrasie ingeskakel kan word en veral moes aandag geskenk word aan die identifikasie-aspek.
(ii) Watter maatreels geneem moet word om die paswette te vereenvoudig en die aantal passe wat die naturel moet dra, te verminder.

1) Rodgers, H.: Native Administration in the Union of South Africa. P. 197.
2) Report of the Native Farm Labour Committee. 1937 - 39 P. 16.

Onmiddellik nadat die Komitee verslag gedoen het, is oorgegaan tot indiening van Wetgewing, wat ten gevolge gehad het die Naturelle (Afskaffing van Passe en Koordinering van Dokumente) Wet, 1952. Hierdie Wet maak voorsiening vir die herroeping van alle wette wat sedert 1867 pasbeperkings opgele het, en verder word al die pasdokumente, deur hedendaagse wetgewing voorgeskryf, saamgevat in een boekie, die bewysboek.

Die bewysboek, gesteun deur 'n foto, 'n permanente identifikasienommer en vingerafdrukke, sal die houer identifiseer ten opsigte van die feite en omstandighede wat hy trag om te bewys op 'n wyse wat die bestaande stelsels in gebreke gebly het om tedaan.

Onder die nuwe Wet word 'n werksoeker, nadat hy die prosedure by die Arbidsburo en Toestromingsbeampte deurgegaan het, dadelik medies ondersoek en as werk beskikbaar is, word 'n inskrywing in sy bewysboek gemaak dat hy in diens geneem mag word. Wanneer hy nou in diens geneem word binne 'n stads - of nywerheidsgebied, moet die werkgewer die registrasiebeampte in kennis stel van die voorwaardes van die kontrak en moet die voorgeskrewe maandelikse gelde betaal word. Die werkgewer teken sy naam en adres asook die datum van indiensneming in die bewysboek aan. Hy voltooi dan 'n vorm wat besonderhede, soos sy naam, adres, diensvoorwaardes, datum van indiensneming ens. aantoon, en stuur dit saam met die voorgeskrewe bedrag aan die registrasiebeampte. As die naturel se diens beeindig word, teken die werkgewer die bewysboek en stuur 'n kennisgewing, op gedrukte vorm, na die Registrasie Kantoor.

Wat vreemde naturelle betref, maak die Wet geen onderskeid ten opsigte van die vorm en inhoud van die boekie nie, behalwe dat daar geen beweging van een distrik na 'n ander mag wees sonder die toestemming van die Naturellekommissaris nie.

Die bewysboek stel nie die natmmel vry van aandklokregulasies in blanke gebiede nie maar elke geval word wat vrystelling betref, op sy merieto behandel.

Die Wet maak verder voorsiening vir die instelling van 'n Sentrale Bewysburo wat reeds in die lewe geroep is, om die administrasie waar te neem.

Die voordele wat voortvloei uit die bewysboekstelsel kan as volg saamgevat word:

(i) Meer effektiewe metode van identifikasie.

(ii) Vryheid van beweging van naturelle, wat voortaan slegs onderhewig is aan arbeidsburoregulasies en die instromingsbeheer in stedelike gebiede.

(iii) Die dra van 'n groot verskeidenheid dokumente word uitgeskakel.

(iv) Dit lei tot meer betroubare statistik wat die naturellebevolking betref .(1)

9. Die Ongevallewet No. 30 van 1941:-

Hierdie Wet wat Wet No. 59 van 1934 herroep het, het staatsbeheerde skadeloosstelling vir werksmense ingevoer, en voordele aan naturelleweksmense betaalbaar, is aansienlik vermeerder. Die term: „Werkman" word volgens die Wet as volg omskrywe : „ Workman means any person who has entered into or works under a contract of service or of apprenticeship or learnership with an employer but does not include amongst others. (1) domestiw servants (a) in a private household or (b) in a boarding house or institution in which are ordinarily employed not more than five such servants : (2) persons employed in argriculture unless in connection with a vehicle or machine driven by mechanical power and unless the accident occured whilst working with such vehicle or machine." (2)

Hier word dus 'n uitsondering gemaak en die uitsondering het ook betrekking op plaasarbeiders behalwe die wat elke dag in aanraking met die plaasmasjienerie is.

(1) Die Naturel in die Suid - Afrikaanse Landbou. Referate gelewer op die vyfde Jaarvergadering van die Suid - Afrikaanse Buro vir Rasseaangelegenthede. Januarie 1954. P. 56.

2) Rodgers, H: Native Administration in the Union of South Africa. P.249.

Volgens die Wet moet werkgewers hulle laat registreer by die „ Werkmans Skadeloosstelling Kommissaris" en aan hom die voorgeskrewe premies betaal. Kompansasie en mediese onkostes word dan uit die Ongevalle Fonds betaal.

Die Wet maak voorsiening vir die betaling van kompensasie vir lone wat as gevolg van tydelike totale onbevoegdheid as gevolg van 'n besering opgedoen tydens werk, verloor is. Verder word mediese onkoste betaal in gevalle van tydelike en permanente onbevoegdheid.

10. Belasting as Plaasarbeiders:

Volgens die Naturelle Belasting en Ontwikkeling Wet, No.41 van 1925 soos van tyd tot tyd gewysig, is die naturel onderworpe aan direkte belasting. Elke manlike naturel wat die leeftyd van 18 jaar bereik, moet 'n persoonlike belasting van £1 per jaar betaal, bekend as die Algemene Belasting. Aangesien plaasarbeiders vry behuising ontvang, betaal hulle geen hutbelasting soos naturelle in reserwes nie.

Die Provinsiale Raad van die Vrystaat het deur Ordonansie No. 13 van 1945, nog 'n ekstra belasting van 2/6 op elke naturel opgele , wat van die eerste Januarie 1946 betaalbaar was.

Bostaande is dan in bree trekke die vernaamste Wetgewing wat betrekking het op die plaasarbeiders in die monstergebied asook in die res van die Vrystaat.

oooooooooooooooooooooooooooooo

HOOFSTUK 7.

O P S O M M I N G.

Die doel van hierdie was om meer lig te werp op die Basoeto as plaasarbeiders wat 'n lewenswyse van hulle eie het en wat in sekere opsigte baie van die Basoeto se ou tradisionele lewenswyse verskil. Vir die bepaling van die posisie van hierdie plaasarbeiders, is gebruik gemaak van 'n monster bestaande uit 'n aantal gesinne wat op plase in enkele distrikte van die Oos-Vrystaat gevestig is.

Die meeste van die ouerpare van die monstergesinne is in die Oos - Vrystaat in diens van die boere. Sommige van die gesinne is reeds vir meer as 'n geslag lank in diens van die eienaar van dieselfde plaas. Hierdie plaasarbeiders vorm 'n arbeidsklas op sigself sonder wortel in enige reserwe of Protektoraat. Soos die titel aandui, bestaan hierdie gesinne hoofsaaklik uit Basoetos behalwe vir twee gesinne wat van Xhosa-oorsprong is.

Die verskillende gesinshoofde is almal in vaste diens by die boere waar hulle werksaam is, terwyl die vrouens of in vaste diens of slegs seisoen-werk verrig. Die gesinne werk teen 'n maandelikse loon in geld en 'n loon in natura wat uit of 'n rantsoen mielies per jaar of ploegland bestaan. Hulle inkomste word verder aangevul uit die verkoop van allerlei produkte soos pluimvee, vee, ens. Elke gesin word verder toegelaat om 'n sekere aantal beeste aan te hou. Die weiveld ontvang hulle kosteloos. Ander voorregte wat die plaasarbeiders geniet, is vry behuising, water en brandstof.

Die gesin vorm die sosiale en ekonomiese groep onder hierdie plaasarbeiders. Die verwantskapsgroep bestaan uit die man, sy vrou, ongetroude kinders en getroude seuns met hulle vrouens en kinders. Slegs een gesi uit die monster van 50 was poligeen, met ander woorde die man het meer as een vrou gehad en in hierdie geval was die aantal vrouens twee. Die gemiddelde grootte van die monstergesinne is 5 persone, terwyl die gmiddelde aantal kinders per huisgesin 3 is.

Die algemene huwelikstipe onder die plaasarbeiders is die ou tradisionele „ bogadi" -huwelike , met ander woorde die oorhandiging van artikels (in hierdie geval beeste of hulle waarde in geld) aan die groep van die bruid deur die groep van die bruidegom.

Naas die gesin, word 'n breer sosiale groep eintlik gevorm deur die arbeiders wat op dieselfde plaas woon. Hulle word bymekaar gevoeg deur hulle gemeenskaplike aktiwiteite. Die kinders speel saam; die mans werk saam op die plaas terwyl die vrouens in mekaar se teenwoordigheid verkeer deur mekaar te help met allerhande los werken of ten tye van siekte.

Volgens wet mag plaasarbeiders nie bier brou sonder die toestemming van die eienaar van die plaas nie. Die plaasarbeiders is versot op bierdrinkery en boere ondervind in hierdie verband heelwat moeilikheid met arbeiders wat weens dronkenskap nie in staat is om hulle werk te verrig nie.

Die algemene sosiale lewe van plaasarbeiders is baie beperk. Daar is niks wat ooreenslaan met klubs, verenigings en sportfasiliteite soos in die stede die geval is nie. Hulle sosiale lewe is beperk tot bierpartye, kerkbywoning en enkele van die ou tradisionele gebruike van die Basoeto wat nog by hulle in swang is, soos inlywingseremonies, huwelikspleegtighede, begrafnisseremonies en geboorteseremonies. Veral eersgenoemde speel nog 'n baie belangrike rol in hulle lewe. Die doel van hierdie inisiasieskole is die beklemtoning van die oorgang van die kind tot volwassenheid. Eers nadat 'n seun of dogter deur hierdie skool gegaan het, word hy of sy beskou as 'n volwasse persoon wat in die huwelik mag tree. Die patroon van hierdie skole verskil ietwat van die skole wat in Basoetoland gehou word.

Soos reeds gese, is die gebruiklike huwelikstipe onder die plaasarbeiders die ou tradisionele „ bogadi" - huwelike en die daarmee gepaardgaande huwelikseremonie. Ook begrafnis - en geboorteseremonies volgens ou gebruik is nog algemeen in swang onder die plaasarbeiders.

Volgens gegewens het geblyk dat ongeveer 40% van die monstergesinne aan geen Kerk behoort nie, terwyl die res aan verskillende Kerke behoort. Plaaskerke is baie seldsaam en die arbeiders gaan gewoonlik na die naaste dorps-lokasie vir die bywoning van dienste. Die algemene geloof van de Bantoe, naamlik die aanbidding van voorvadergeeste bestaan nie meer onder die plaasarbeiders nie. Almal glo aan die bestaan van 'n Oppermagtige bekend as „ molimo" wat in die hemel woonagtig is, en wat verantwoordelik is vir alle natuur verskynsels. Die geloof in toordery kom egter nog algemeen voor.

Die plaasarbeiders beskik nie oor baie onderwysfasiliteite nie en dit het geblyk dat minder as 5% van die lede van monstergesinne enige skoolopleiding gehad het. In die monstergebied is daar slegs op een plaas 'n skool vir naturellekinders.

Die algemene verhouding tussen die plaasarbeiders en hulle werkgewers het die afgelope aantal jare 'n verandering ondergaan. Vroeër was die verhouding tussen werkgewer en arbeider baie meer persoonlik vanaard as wat vandag die gevul is. Die verandering is die gevolg van ekonomiese omstandighede. Die boerdery metodes in hierdie gebied het 'n radikale omwenteling ondergaan. Die dae van die trekos is verby en die boerdery het heeltemal gemeganiseerd geraak. Die algemene verhouding tussen werkgewer en arbeider kan egter as vriendelik bestempel word

Plaasarbeiders in die gebied is onderheweig aan sekere beheermaatreels en wette. Alegemene gesproke is die arbeiders oor die algemeen eerlik en baie min vervolgings weens diefstal kom voor.

Ten spyte van die feit dat plaasarbeiders se lone heelwat laer is as die van stedelike arbeiders, is hulle tog in sekere opsigte beter daaraan toe as die arbeiders in stedelike gebiede. Plaasarbeiders geniet oor diealgemeen meer voorregte as stedelike arbeiders soos byvoorbeeld vrye behuising, water en brandstof, ens. Alhoewel die dieet van plaasarbeiders ook in 'n sekere mate beperk is, is hulle

algemene gesondheid beter as die naturelle van die stede wie se dieet hoofsaaklik uit brood bestaan. Plaasarbeiders se dieet word aangevul deur sekere bykosse wat hulle self produseer op hulle grond wat hulle verkry of uit hulle eie private tuine. Ook die algemene higienise toestande van plaasarbeiders is in die algemeen baie beter as die van arbeiders in stede wat dikwels in beknopte woonbuurtes saamgehok woon.

Die menings wat boere koester omtrent hulle arbeiders kom feitlik op dieselfde neer as die wat heers in ander dele van die wereld. Die toestand word by ons bemoeilik, maar nie noodwendig verander deur die verskil in ras en kleur nie. (1)

Die vernaamste kenmerke van boere in die monstergebiede se mening kan onder die volgende hoofde behandel word.

(a) Luiheid.

(b) Bekwaamheid en Verantwoordelikheid.

(c) Algemene geaardheid.

(a) Luiheid:

Die algemene gedagte onder die boerebevolking is dat die arbeiders luie is en dat indien hulle nie onder gedurige toesig staan nie, hulle die absolute minimum van werk sal doen. Verder is hulle oor die algemeen ook baie stadige werkers.

Hierdie kenmerke kom die sterkste na vore onder die jonger geslag. Die rede is dat hulle blykbaar beinvloed word deur naturelle wat uit die stede afkomstig is. Hulle is oor die algemeen baie laks en stuurs.

1) Plaasarbeid in die Oranje - Vrystaat. Verslag van 'n ondersoek ingestel onder die beskerming van die Suid - Afrikaaanse Instituut vir Rasseverhoudings 1939. P. 39.

(b) Bekwaamheid en Verantwoordelikheid.

'n Mens kan sonder meer aanvaar dat plaasarbeiders, veral weer die jonger geslag geen verantwoordelikheidsbesef het nie. Dit sou uiters waagsaam vir 'n boer wees om aan sy arbeiders 'n baie verantwoordelike werk te gee, indien hy nie af en toe self by die werk teenwoordig kan wees nie. Dit is miskien nie soseer 'n kwessie van onverantwoordelikheid as van 'n onontwikkelde begrip nie. Hulle sal maklik 'n baie growwe fout begaan sonder dat hulle daarvan bewus is.

Wat die plaasarbeiders se bekwaamheid betref, kry 'n mens natuurlik pitsonderlike gevalle waar die een of ander arbeider aanleg toon vir 'n besondere rigting en hom dan ook heeltemal goed van sy taak kwyt. In die meeste gevalle is naturelle net in staat tot roetine werk, maar waar dit by die geskoolde werk kom, kan net enkelinge aan die vereistes voldoen.

Baie dan die naturelle het geen ambisie om hulleself te verbeter nie. Hulle raak gewoonlik in 'n groef van roetine werk, wat hulle ook nie altyd behoorlik kandoen nie. Daar moet gedurig toesig oor hulle wees anders verslap hulle in hul pogings.

Soos reeds gemeld, is daar natuurlik uitsonderings in alle gevalle. 'n Mens tref dan ook plaasarbeiders aan wat feitlik in staat is om enige werk net so goed as enige ander persoon te kan doen.

Kortliks kan 'n mens die algemene opinie van boere oor hulle arbeiders as volg saamvat : Hulle is onbekwaam , onvertroubaar , het geen verantwoordelikheidsbesef nie en is verstandelik 'n kind.

(c) Algemene Geaardheid:

Wat die algemene geaardheid van plaasarbeiders betref, toon die ouer geslag nog 'n mate van respek en eerbied teenoor sy meerdere en sal in die meeste gevalle baie onderdanig en hoflik teenoor sy werkgewer wees. In hierdie opsig is dit veral weer die jonger geslag wat allerhande vreemde neigings toon met hulle veelkleurige klere. Hulle is oor die algemeen baie astrant, lui en onvertroubaar. Die meeste van hulle was reeds in stede werksaam waar hulle onder die invloed van uitheemse gewoontes gekom het en nou by die ander werksmense wil vertoon. As hulle gevra word hoe hulle behandel word, sal die antwoord altyd negatief wees. Eienaardig genoeg, keer die meeste van die arbeiders wat vir 'n paar jaar in die stede gewerk het, nie maklik weer na die stede terug nie.

Oor die algemeen het plaasarbeiders baie meer eiewys geword. Waar boere byvoorbeeld vroeër dae hulle arbeiders 'n goeie loesing kon gee weens 'n oortreding wat so 'n arbeider begaan het, kan boere dit nie vandag meer doen nie. Hulle sal die boer eenvoudig net by die polisie gaan aankla weens aanranding.

Nog 'n kenmerkende eienskap van die naturelle-plaasarbeider is sy ondankbaarheid. 'n Werkgewer kan sy arbeider hoe 'n groot guns ookal bewys, dmr hom byvoorbeeld gedurende siekte te help, maar hy sal egter net vir die oomblik dankbaar wees en baie gou weer daarvan vergeet.

Wat die boere se algemene opinie ten opsigte van hulle arbeiders op maatskaplike en ekonomiese gebied is, kan kortliks as volg opgesom word:

Die naturel het tot 'n sekere mate sy respek vir die witman verloor. Hy wil nie meer onderdanig wees nie en wil nie erken dat hy die mindere is nie. Hierdie veranderde houding het gekom as gevolg van die werking van vreemde invloede onder die naturel, waardeur hulle opgesweep word teen die Blankes, omdat hulle dan mishandel en onderdruk sou word. Boere is ten volle

B I B L I O G R A F I E.

Ashton , H: The Basuto . 1952.

Hellmann, E: Handbook on Race Relations in South Africa . 1949.

Rodgers, H: Native Administration in the Union of South Africa. 1949.

Schapera, I: The Bantu - Speaking Tribes of South Africa. 1953.

Die naturel in die Suid - Afrikaanse Landbou. Referate gelewer op die vyfde jaarvergadering van die Suid - Afrikaanse Buro vir Rasse - Aangeleenthede. Januarie 1954.

Die naturel in die Suid - Afrikaanse nywerhede. Referate gelewer op die tweede jaarvergadering van die Suid - Afrikaanse Buro vir Rasse - aangeleenthede. Januarie 1951.

Report of the Native Farm Labour Committee. 1937 - 39.

Landbou - en Veeteeltverslag van 1947 - 48.

Plaasarbeid in die Oranje - Vrystaat: Verslag van 'n ondersoek ingestel onder beskerming van die Suid - Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge. April 1939.

Die Basuin : Algemene Sendingblad van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Suid - Afrika. Oktober 1953.

Buro vir Sensus en Statistiek, Pretoria.
Geografiese Versrpeidding van die Bevolking.

Spesiale Verslag No. 200.

Ethnologiese Reeks No. 27 . Taalkaart van Suid - Afrika. Pretoria 1952.

Ethnographic Survey of South - Africa. Southern Africa. Part 2. The Southern Sotho by V.G.J. Sheddick.

Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid - Afrika. 1952 - 53.

bewys van die feit dat daar moontlik 'n tekort aan arbeidskrag mag kom. Hierdie tekort word natuurlik verder gestimuleer deur die snelle ontwikkeling van nywerhede wat meer en meer arbeidskragte trek. En hierdie arbeidskragte word juis van die plase getrek.

Boere erken oor die algemeen dat plaasarbeiders se lone baie laag is in verhouding met die lone in die stede, maar aan die ander kant reken hulle weer dat plaasarbeiders soveel meer vryhede geniet as arbeiders in die stede. Op die plaas het die arbeider vry gebruik van water en brandstof, weiding word verniet verskaf en behuising is ook vry. Die algemene opinie is egter dat aangesien die naturelle oor die algemeen swak werkers is en onvertroubaar is, hulle nie werd is om hoer lone te ontvang nie.

oooooooooooooooooooooooooooooo

OPNAME VAN NATURELLE-GESINNE IN DIE OOS-VRYSTAAT

VORM NO: .....
DISTRIK: .....

(a) PERSOONLIK	NAAM	OUDERDOM	STAMVERBAND	GEBOORTEPLEK	PLEK VAN HERKOMS	AANTAL VROUE	
(b) VROU(E)	NAAM	OUDERDOM	STAMVERBAND	GEBOORTEPLEK	PLEK VAN HERKOMS	IS VROU(E) VERWANT AAN MAN? HOE?	

(c) KINDERS	AANTAL	MANLIK	VROULIK	GETROUD	ONGETROUD	ALGEMENE OPMERKINGS

(d) MIGRASIE VAN MAN	ALGEMEEN									
(e) INKOMSTE EN WERK VAN MAN	TIPE VAN WERK	LOON	ANDER INKOMSTE	BESITTINGS	UITGAWES VAN GESIN	KLERASIE	VOEDSEL	ALLERLEI	TOTALE INKOMSTE	TOTALE UITGAWE
(f) INKOMSTE EN WERK VAN VROU						ALGEMENE OPMERKINGS				

(g) BEHUISING	TIPE VAN WONING	TOTALE AANTAL BEWONERS	ALGEMENE OPMERKINGS

DIE VRYSTAAT: TAALGRENSE EN MONSTERGEBIED



———	SUID-SOTHO
—·—·—	ZULU.
·····	XHOSA.
— — —	TSWANA
	MONSTERGEBIED.
• • • •	PLASE BESOEK.